

STRUKTURE WAT
ONDERWYSADVISEUR-OUERSKAKELING
BEMOONTLIK

deur

PETRUS J. BUYS

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike vervulling
van die vereistes vir die graad

MAGISTER EDUCATIONIS

in die vak

VERGELYKENDE OPVOEDKUNDE

Departement

Vergelykende Opvoedkunde en Onderwysbestuur

in die

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Leier: Dr H.J. Steyn
Medestudieleier: Prof. H.B. Kruger

Potchefstroom
Junie 1986

DANKBETUIGING

My opregte dank en waardering aan:

Dr. H.J. Steyn en prof. H.B. Kruger vir die vriende=
like leiding, insiggewende raad, aanmoediging en
belangstelling, asook die gasvryheid waarmee ek
aan huis ontvang is;

Prof. T. Seyffert vir die keurige taalversorging;

my vrou, Lena en mev Coetzee vir die netjiese tikwerk;

Lena, Ansa, Berna, Leenta en Petru vir aanmoediging,
verdraagsaamheid en konsiderering.

Ten slotte my dankbare eer, lof en dank aan die
Skepper wat my deur Sy genade in staat gestel het
om die studie te voltooi.

P.J. Buys

Junie 1986

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

MOTIVERING, PROBLEEMSTELLING, METODES EN VELD VAN ONDERSOEK

1.1	Motivering vir die ondersoek	1
1.2	Probleemstelling	1
1.3	Navorsingsdoelstellings	3
1.4	Metodes van navorsing	4
1.5	Veld van ondersoek	5
1.5.1	Afbakening van studiegebied	5
1.5.2	Ordering	6
1.5.3	Verklaring van enkele begrippe	7
1.6	Samevatting	10

HOOFSTUK 2

DIE UITVOERING VAN ONDERWYS BINNE 'N ONDERWYSSTEL= SEL

2.1	Inleiding	11
2.2	Omskrywing van 'n onderwysstelsel	12
2.3	Die onderwysstelsel as 'n werklikheid= struktuur	14

2.3.1	Inleiding	14
2.3.2	Die religieuse struktuurmoment van die onderwysstelsel	14
2.3.3	Die temporele struktuurmoment van die onderwysstelsel	15
2.3.4	Die modale struktuur van die onderwysstelsel	15
2.3.5	Die individualiteitstruktuur van die onderwysstelsel	17
2.3.5.1	Inleiding	17
2.3.5.2	Die onderwysstelsel is ook 'n opvoedingstelsel	18
2.3.5.3	Die onderwysstelsel as 'n omvattende kultuurproduk	18
2.3.5.4	Die onderwysstelsel as 'n vervlegtingstruktuur	21
2.3.5.5	Die onderwysstelsel as 'n pedagogies-andragogiese struktuur	31
2.4	Slot	60

HOOFSTUK 3

DIE OPVOEDKUNDIGE HULPDIENS IN TRANSVAAL AS FASE VAN DIE ONDERWYSSTELSEL EN DIE TAAK EN BEVOEGDHEIDSTERREIN VAN DIE ONDERWYSADVISEUR: VOORLIGTING

3.1	Inleiding	62
-----	-----------------	----

3.2	Die historiese ontwikkeling van die Opvoedkundige Hulpdiens in Transvaal.....	63
3.3	Die Opvoedkundige Hulpdiens as 'n hulpdiens aan ouers	70
3.4	Die struktuur van die Opvoedkundige Hulpdiens in Transvaal	73
3.4.1	Inleiding	73
3.4.2	Die hoofkantoor	74
3.4.3	Kinderderleidingklinieke	74
3.4.4	Onderwys hulpsentrums	76
3.4.5	Samevatting	77
3.5	Die werkterrein van die Opvoedkundige Hulpdiens	77
3.5.1	Inleiding	77
3.5.2	Die werkterrein van die verskillende dissiplines	79
3.5.2.1	Inleiding	79
3.5.2.2	Die werkterrein van die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede	79
3.5.2.3	Die Onderwysadviseur: Opvoedingsaangeleenthede	81
3.5.2.4	Die Onderwysadviseur: Onderrigaangeleenthede	82
3.5.2.5	Die Onderwysadviseur: Spraak- en Gehoor-aangeleenthede	83

3.5.2.6	Die taak en bevoegdheidsterrein van die Onderwysadviseur: Voorligting	83
3.6	Slot	98

HOOFSTUK 4

GESTRUKTUREERDE OUERBETROKKENHEID

4.1	Inleiding	100
4.2	Die redes vir die ouers se betrokkenheid by Blanke onderwys in die R.S.A.	101
4.2.1	Ouerbetrokkenheid op grond van die Chris= telik-Nasionale lewensbeskouing	101
4.2.2	Ouerbetrokkenheid as historiese werklik= heid in die onderwysgeskiedenis van die R.S.A.....	102
4.2.3	Die reg van ouerbetrokkenheid by die onderwys kragtens juridiese gesag	110
4.2.4	Die gesinsaad vereis betrokkenheid by die skoolopvoeding van die kind	113
4.2.5	Die wese van die skoolopvoeding noodsaak ouerbetrokkenheid	115
4.2.5.1	Inleiding	115
4.2.5.2	Die opvoedingstaak van die skool	116
4.2.5.3	Die verhouding tussen die opvoedingsver= antwoordelikheid van die ouer en die skool	117

4.2.5.4	Kenmerke van die verhouding tussen die gesin en die skool	118
4.2.6	Staatkundige en onderwyservormingse ver- eis oerbetrokkenheid by die skoolop- voeding van die kind	123
4.3	Strukture vir oerbetrokkenheid	126
4.3.1	Inleiding	126
4.3.2	Die Wet op Nasionale Beleid vir Algemene Onderwysake	127
4.3.3	Nuwe onderwysbeheerstrukture in Trans- vaal	128
4.3.3.1	Inleiding	128
4.3.3.2	Die Onderwysraad	129
4.3.3.3	Streekraade	130
4.3.3.4	Skoolrade	131
4.3.3.5	Bestuursrade	134
4.3.3.6	Statutêre oerliggame	138
4.4	Die kundighede van ouers-in-organisasie as voorvereiste vir effektiewe oerbe- trokkenheid	147
4.4.1	Uitvoering van die primêre opvoedings- taak	147
4.4.2	Kennis ten opsigte van die onderwysstel- sel	149

4.4.3	Funksies van ouerverenigings op plaaslike vlak	150
4.4.4	Buite-kurrikulêre aktiwitiete	152
4.4.5	Ouerbetrokkenheid by die onderwys om funksieverlies teë te werk	152
4.5	Samevatting van die huidige wyses van ouerbetrokkenheid in Transvaal	153
4.6	Slot	156

HOOFSTUK 5

NOODSAAKLIKHEID VAN EN VOORSTELLE VIR SKAKELING TUSSEN DIE ONDERWYSADVISEUR: VOORLIGTING EN SKOOLOUERS

5.1	Inleiding	157
5.2	Die gesamentlike aanspreeklikheid en verantwoordelikheid van die ouers en die skool ten opsigte van opvoedende onderwys	158
5.2.1	Inleiding	158
5.2.2	Die aard van doeltreffende ouerbetrokkenheid by die onderwys	159
5.2.3	Enkele faktore wat doeltreffende ouerbetrokkenheid blokkeer	163
5.2.3.1	Probleme gesien vanuit die gesigsveld van die ouer	163
5.2.3.2	Probleme gesien vanuit die gesigsveld van die onderwyser	164

5.2.4	Duidelike identifisering en definiëring van die rolle van die skool en gesin	165
5.2.4.1	Inleiding	165
5.2.4.2	Primêre en sekondêre opvoedingsin= stellings	166
5.2.4.3	Die opvoedingsvennote se verantwoordelik= heid teenoor mekaar	167
5.3	Bepaalde behoeftes van ouers om sinvol by opvoedende onderwys betrokke te wees	168
5.3.1	Inleiding	168
5.3.2	Kennis as noodsaaklike behoefte van ouers-in-organisasie om sinvol by op= voedende onderwys betrokke te wees	169
5.3.2.1	Inleiding	169
5.3.2.2	Kundighede waaroor ouers-in-organisasie moet beskik	169
5.3.2.3	Kennis ten opsigte van die onderwysstel= sel	171
5.3.3	Slot	172
5.4	Die taak en bevoegdheidsterrein van die Onderwysadviseur: Voorligting	172
5.5	Voorstelle ten opsigte van die skakeling en skakelingswyses tussen die Onderwysadvi= seur: Voorligting en die skoolouers	180
5.5.1	Inleiding	180
5.5.2	Doelstellings	181

5.5.3	Voorgestelde strukture vir die skakeling tussen die Onderwysadviseur: Voorligting en ouers-in-organisasie	182
5.5.3.1	Inleiding	182
5.5.3.2	Die skoolvoorligtingsprogram	182
5.5.3.3	Skakeling tussen die Onderwysadviseur: Voorligting en die TAOV	185
5.5.3.4	Samevatting	188
5.5.3.5	Moontlike skakelingswyses tussen die Onderwysadviseur: Voorligting en die skoolouers	188
5.6	Slot	195

HOOFSTUK 6

SAMEVATTINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1	Samevatting	196
6.2	Gevolgtrekkings	199
6.3	Aanbevelings	200
6.4	Aanbevelings en riglyne met die oog op verdere navorsing	201
6.5	Slotgedagte	202
	Bronnelys	203
	Summary	214

HOOFSTUK 1

MOTIVERING, PROBLEEMSTELLING, METODES EN VELD VAN ONDERSOEK

1.1 MOTIVERING VIR DIE ONDERSOEK

Die subonderwysstelsel vir die Blankes in die R.S.A. is gegrond op die Christelik-nasionale lewensbeskouing, waardeur oerbetrokkenheid by die onderwys van kinders aanvaar word. Op grond van die stelsel is voortdurend in die verlede gepoog om die ouers in 'n groter mate by die onderwys van hulle kinders betrokke te kry. Ten spyte hiervan het die RGN-ondersoek na die onderwys (RGN, 1981:80-81), die gebrek aan oerbetrokkenheid uitgewys. Die leemte is verder uitgewys toe daar geen georganiseerde oerliggaam bestaan het wat terugvoering op die RGN se ondersoek kon gee nie (Van der Walt, 1983:1). Om hierdie leemte te vul, is verteenwoordigende oerliggame, byvoorbeeld die Transvaalse Afrikaanse Oervereniging (TAOV) gestig. Talle probleme word egter stééds ondervind om effektiewe sinvolle oerdeelname te verkry.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Van Schalkwyk (1983:12) skryf die gebrekkige oerbetrokkenheid toe aan onder andere die onkunde by die oerkorps

om sinvol by die onderwys betrokke te raak. Dit is dus noodsaaklik dat die lede van bestaande liggame vir oeververteenwoordiging soos bestuursrade, TA0V en Ouer-onderwysersvereniging (OOV) gevolglik toegerus behoort te word om die korrekte vennootskap tussen ouers en skool te bewerkstellig.

In die onderwysstelsel is daar ook 'n voorligtings- en onderwysstaak ten opsigte van overbetrokkenheid. Ouerleiding en -voorligting is egter 'n gespesialiseerde taak en kan as hulpdiens aan skole gesien word. In hierdie hulpdiens kan die Onderwysadviseur: Voorligting 'n besondere rol speel, aangesien hulle tans reeds by sodanige aktiwiteite betrokke is.

Die struktuur en meganisme in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel bestaan wel dat die Onderwysadviseur: Voorligting beskikbare kennis en kundighede aan ouers kan oordra. Daar is 'n behoefte by verteenwoordigende oeverliggame aan die kennis en kundigheid maar dit blyk of hulle nie bewus van die bekombaarheid daarvan is nie, of dit nie benut nie.

Hierdie navorsingsprobleem kan soos volg saamgevat word:

- * Om vas te stel watter bydrae die Onderwysadviseur: Voorligting kan lewer ten opsigte van die toerusting

van ouers binne die verband van die verteenwoordigende oerliggame (soos verkose komitees, bestuursrade en lede van die (TAOV) tot die bewerkstelling van groter betrokkenheid by die onderwys van kinders.

1.3 NAVORSINGSDOELSTELLINGS

Die doel met hierdie navorsing is om vas te stel deur watter strukture en meganismes effektiewe skakeling tussen die Onderwysadviseur: Voorligting en die verteenwoordigende oerliggame bewerkstellig kan word. Die navorsingsdoel kan soos volg ontleed word:

- * om vas te stel watter kundighede verteenwoordigende oerliggame benodig om effektiewe betrokkenheid te verseker,
- * om te bepaal watter bydrae die Onderwysadviseur: Voorligting ten opsigte van hierdie behoefte kan lewer en
- * om te bepaal watter strukture gebruik moet word om die verlangde skakeling tussen die Onderwysadviseur: Voorligting en die ouers, inidividueel of in groepsverband te bewerkstellig, ten einde 'n toerustingsgeleentheid te skep.

1.4 METODES VAN NAVORSING

Die aard van die navorsingsterrein het 'n mens genoop om hoofsaaklik van 'n literatuurstudie as navorsingsmetode gebruik te maak. 'n Groot verskeidenheid primêre sowel as sekondêre bronne is gebruik. Hierdie studie behels egter nie bloot 'n ordening, strukturering of neerskryf van die versamelde feitlikhede nie. Deur gebruik te maak van die prinsipiële besinnende metode is daar gepoog om die versamelde gegewens krities te evalueer. Die struktuur en samehang gaan wetenskaplik beskryf word met die oog op verruiming en verheldering van die tema en vakgebied.

Uitgebreide en intensiewe leeswerk is onderneem. Relevante inligting is sover moontlik geverifieer deur van primêre bronne gebruik te maak.

Die volgende gepubliseerde primêre en sekondêre bronne is gebruik:

- * boeke;
- * artikels in tydskrifte en koerante;
- * verslae, omskrywes en ander amptelike stukke van die onderskeie onderwysdepartemente, en
- * skoolwette, bepalings en ordonnansies.

1.5 VELD VAN ONDERSOEK

1.5.1 Afbakening van die studiegebied

Hierdie studieterrein behels 'n identifisering, bestudering en beskrywing van bepaalde strukture vir skakeling. Die Onderwysstelselkunde as deeldissipline van die Vergelykende Opvoedkunde behels die bestudering en beskrywing van bepaalde onderwysstrukture. In hierdie studie is daar hoofsaaklik gelet op die struktuur van die Suid-Afrikaanse Onderwysstelsel, die uitvoering van onderwys binne die substelsel vir Blankes, die stelsel van onderwys hulpdienste, en meer bepaald die Opvoedkundige Hulpdiens as deel van onderwysuitvoering. Verder is die taak van die Onderwysadviseur: Voorligting, die strukture wat oerbetrokkenheid bemoontlik en moontlike skakelingswyses tussen verskeie oerliggame en die Onderwysadviseur: Voorligting binne die onderwysstelsel deeglik belig. Hierdie aspekke is dus hanteer as pedagogies-andragogiese verplegtingstrukture.

Alhoewel die taak van die Onderwysadviseur: Voorligting hoofsaaklik andragogies van aard is, en voorligting en oerbegeleiding behels, handel hierdie studie nie oor die aard en wyse van voorligting aan ouers nie. Dit behels dus nie 'n studie van die Ortopedagogiek en/of Voorligting nie. Dit is 'n poging om die plek van

die Opvoedkundige Hulpdiens as onderwys hulpdiens, die taak van die Onderwysadviseur: Voorligting, die plek van die ouer in die onderwysstelsel en die moontlike skakeling tussen die Onderwysadviseur: Voorligting en verkose oerliggame binne die onderwysstelsel te beskryf.

1.5.2 Ordening

Hoofstuk 1 bied 'n oorsig van die volgende sake:

- * motivering vir die ondersoek;
- * die probleemstelling;
- * navorsingsdoelstellings, en
- * navorsingsmetodes.

Ten slotte word die veld van ondersoek belig.

In hoofstuk 2 word enkele aspekte van 'n onderwysstelsel asook die uitvoering van onderwys binne die Blanke-subonderwysstelsel hier te lande onder die soeklig geplaas. Die werkswyse is nodig om sekere aspekte van hierdie onderwysstelsel in die regte perspektief te plaas.

Hoofstuk 3 handel oor die Opvoedkundige Hulpdiens in Transvaal as 'n faset van die onderwysstelsel, en die taak van die Onderwysadviseur: Voorligting. Die doel met hierdie bespreking is om hierdie fasette van onderwysuitvoering binne die onderwysstelsel in die regte

perspektief te plaas.

In hoofstuk 4 word gelet op die gestruktureerde wyses van ouerbetrokkenheid soos dit tans daaruit sien. Daar gaan ook gelet word op die fundamentele begronding van ouerbetrokkenheid en die kundighede wat ouers nodig het om sinvol by die onderwys betrokke te wees.

Hoofstuk 5 word gewy aan die beskrywing van die kundighede waaroor die Onderwysadviseur: Voorligting moet beskik en moontlike wyses waarop met verkose ouerliggame geskakel kan word. Sodoende word 'n geleentheid geskep vir positiewe leersituasies, ten einde die ouer toe te rus om sinvol by die onderwys en opvoeding van kinders betrokke te raak, en daardeur gedragsprobleme by kinders te voorkom.

Hoofstuk 6 bevat enkele samevattende gedagtes, afleidings en aanbevelings.

1.5.3 Verklaring van enkele begrippe

ONDERWYSSTELSEL

Met die begrip "onderwysstelsel", (respektiewelik opvoedingstelsel) word bedoel die organisatoriese raamwerk, naamlik beplanning (insluitende navorsing, beraadslaging en beleidsformulering); onderwyswetgewing,

(parlementêre onderwyswette, provinsiale onderwysor=donnansies, regulasies en regulasies ingevolge die wette en ordonnansies); die uitvoering van die onderwyswet=gewing (deur middel van administratiewe liggame en persone soos onder andere onderwysdepartemente, skoolrade, bestuursrade en superintendente van onderwys); hulpdienste en die skoolstelsel waarbinne die onderwyser en die kind mekaar ontmoet, sodat formele skoolopvoeding en -onderwys kan plaasvind (Barnard, 1981:38-39).

OPVOEDKUNDIGE HULPDIENS

Die Opvoedkundige Hulpdiens is die benaming vir die gespesialiseerde hulpdiens in die Transvaalse Onderwysdepartement wat as skakel tussen die onderwysdepartement en die ouers, leerlinge en onderwysers dien. Die taak van hierdie hulpdiens is om op gedifferensieerde grondslag voorsiening te maak vir voorligting en hulp aan kinders, ouers en onderwysers, ten einde elke leerling se besondere onderwysbehoefte tegemoet te kom (Olivier, s.a.:1-2).

ONDERWYSADVISEUR: VOORLIGTING

Dit is die benaming wat gebruik word vir 'n persoon in diens van die Transvaalse Onderwysdepartement en wat 'n lid van die personeel van die Opvoedkundige Hulpdiens is. Hierdie persone het in die verlede ook bekend

gestaan as assistent-skoolsielkundiges, later as sosio-pedagoë en tans word die benaming Onderwysadviseur: Voorligting gebruik.

Die Onderwysadviseur: Voorligting se primêre taak is die van ouerbegeleiding of voorligting aan ouers. Die voorligting wat die Onderwysadviseur: Voorligting gee is gerig op die opheffing van opvoedingsbelemmerende faktore binne gesinsverband (T.O.D. 1980 (a):23).

OUERBETROKKENHEID TER VOORKOMING VAN PROBLEME BY KINDERS

Hiermee word bedoel dat die ouer geleentheid sal kry vir positiewe deelname aan aspekte van onderwysuitvoering, ten einde 'n positiewe begrypende verhouding tussen ouer, kind en skool te stig. Die klem behoort te val op leersituasies vir die ouer, kind en onderwyser waarin die doelstellings van opvoeding en onderwys uitgespel word. Uit hierdie leersituasies behoort 'n positiewe vennootskapsverhouding te ontwikkel waarin ouer en onderwyser insig en begrip in die opvoedingsbehoefte van die kind behoort te kry. Ten slotte skep dit geleentheid vir betrokkenheid by alle aspekte van die opvoeding en onderwys.

1.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die probleemstelling, doel en metode van hierdie navorsing uitgelig. Vervolgens word oorgegaan tot 'n bespreking van die uitvoering van onderwys binne 'n onderwysstelsel.

HOOFSTUK 2

DIE UITVOERING VAN ONDERWYS BINNE 'N ONDERWYSSTELSEL

2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal aandag gegee word aan die uitvoering van onderwys binne 'n onderwysstelsel. Hierdie ondersoek noodsaak allereers 'n besinning oor die begrip "onderwysstelsel". Die begrip behels nie slegs 'n terminologiese verklaring nie, maar moet ook 'n beskrywing van die struktuur, doel en kenmerke van 'n onderwysstelsel insluit. Derhalwe sal die onderwysstelsel as deel van die werklikheid by wyse van definiëring en verdere bespreking van hoe die onderwysstelsel in die vier struktuurmomente, naamlik die religieuse, die temporele, die modale en die individualiteitstruktuurmoment vergestaltung vind. Verder sal ook aangedui word hoe dit van die totale kenbare werklikheid onderskei kan word.

Besondere aandag sal vir die doel van hierdie studie verleen word aan die individualiteitstruktuur van 'n onderwysstelsel. Aangeleenthede soos die onderwysstelsel as 'n opvoedingstelsel en as 'n vervlegtingstruktuur sal bespreek word. Die samehang en kulminasie van

'n onderwysstelselstruktuur en onderwysstelsel-in-funksie sal ten slotte aan die hand van die onderwysstelsel as pedagogies-andragogiese struktuur beskryf word. Daar sal dus gelet word op die uitvoering van onderwys in die konkrete en praktiese organisasie van onderwysgekwalfiseerde strukture, soos onderwysinrigtings en onderwysbelanghebbende verbande onder andere die staat en hoe hulle tot 'n eenheid skakel om die taak van opvoedende onderwys te onderneem. Die hoofkomponente van die onderwysstelsel as pedagogies-andragogiese struktuur, naamlik onderwysbeleid, onderwysadministrasie, 'n stelsel van onderwysinrigtings, onderwys-hulpdienste en aanvullende onderwys-hulpdienste se integrerende samehang, bewerkstellig 'n onderwysstelsel-in-funksie.

2.2 OMSKRYWING VAN 'N ONDERWYSSTELSEL

Daar bestaan verskillende en uiteenlopende omskrywings van die begrip "onderwysstelsel".

So gee Stone (1981:132) 'n omvattende omskrywing van 'n onderwysstelsel as hy dit soos volg beskryf: "n Onderwysstelsel is die omvattendste kultuurproduk van die mens op die gebied van die opvoeding en onderwys. Dit is 'n vervlegtingstruktuur waarin sosiale strukture van 'n bepaalde samelewing met die onderwysinrigtings

verenig om deur koördinasie van bydraes en deur organisasie die versnelde ontsluiting van die jeug binne 'n bepaalde staatsgebied teweeg te bring in aansluiting by die kulturele en natuurlike eise van die tyd en plek".

In die definiëring en beskrywing van navorsers soos Van Schalkwyk, Ruperti en Barnard, word die onderwysstelsel beskryf as 'n struktuur of organisatoriese raamwerk, waarbinne die formele skoolonderwys plaasvind. In hierdie verband het dit dan betrekking op die beskrywing van onderwyswetgewing, -uitvoering en -beplanning as gesamentlike handeling om die daarstelling van formele onderwys te bewerkstellig (Barnard, 1981:38-39; Ruperti, 1977:1; Van Schalkwyk, 1981:79-212).

Om tot 'n eie beskrywing van 'n onderwysstelsel te kom, kan die volgende vermeld word: Weens die moderne, gedifferensieerde samelewing is die primêre opvoeders nie verder in staat om die taak van opvoedende onderrig alleen te onderneem nie. 'n Onderwysstelsel het totstand gekom deur die samevlegting van verskeie gemeenskapstrukture (soos die staat, ouers, bedryf en kerk) om saam die taak van opvoedende onderwys op te neem. 'n Beplande georganiseerde opvoedingsveld word geskep deur onderwyswetgewing, -beplanning en -uitvoering, waarin elke gemeenskapstruktuur se taak en verhouding tot die

opvoedende onderwys gestruktureer word. Die onderwysstelsel verskaf verder 'n struktuur waarbinne die individuele kind se skoolopvoeding met inagneming van sy vermoëns en aanleg met landsbehoefte, gemeenskaps- en kulturele ideale gekoördineer word.

2.3 DIE ONDERWYSSTELSEL AS 'N WERKLIKHEIDSTRUKTUUR

2.3.1 Inleiding

Die beskouing van 'n onderwysstelsel gaan hand aan hand met die beskouing van die werklikheid. Die Christelike werklikheidsbeskouing kom daarop neer dat die werklikheid op verskillende wyses vergestalt word. Die onderwysstelsel het dus 'n universele eie-aard wat individueel gerealiseer is volgens bepaalde waardes en met 'n tipiese tydsheid (Van Schalkwyk, 1981:215). Volgens die Wysbegeerte van die Wetsidee openbaar die onderwysstelsel, as deel van God se geskape werklikheid, ook al vier die struktuurmomente van die werklikheid, naamlik die religieuse, temporele, modale en individuele struktuurmomente. Vervolgens word die vier struktuurmomente van die onderwysstelsel kortliks genoem, maar vir die doel van hierdie navorsing (vgl. par. 1.3) word die individuele struktuurmoment vollediger bespreek.

2.3.2 Die religieuse struktuurmoment van die onderwysstelsel

Die hartgegrepenheid van die mens, en die gemeenskap

waarin hy hom bevind, bepaal sy beskouing van die werklikheid; dit vorm die stukrag van sy lewe en handeling. Die inhoud en rigting van die hartgegrepenheid kan onder meer teosentries of kosmosentries wees (Van der Walt, 1980:3).

Hierdie religieuse grondmotiewe bepaal ook die opvoedingsmotiewe van mense. Daar is dus 'n noue verband tussen opvoedingsmotiewe en onderwysstelsels (Barnard, 1984: 172).

2.3.3 Die temporele struktuurmoment van die onderwysstelsel

Die werklikheid, waaronder ook die onderwysstelsel ressorteer, is onlosmaaklik aan tyd gebonde. Die onderwysstelsel is as't ware in tyd ingebed, want die "onderwysstelsel is 'n kultuurverskynsel wat uitgeken kan word as behorende tot 'n bepaalde geslag, eeu, dekade of tydperk" (Barnard, 1981:39).

2.3.4 Die modale struktuur van die onderwysstelsel

As deel van die werklikheid funksioneer die onderwysstelsel in al vyftien modale aspekte van die werklikheid. Elke modaliteit het 'n sinkern wat daardie modaliteit van die werklikheid tipeer en kwalifiseer. Die modaliteite volg mekaar op van die mins gekompliseerde tot

die mees gekompliseerde, en hierdie volgorde is onomkeerbaar (Stone, 1974:19-22).

Die verskillende modaliteite waarin die onderwysstelsel vergestalt word kan in ses natuurlike en nege kulturele aspekte ingedeel word (Barnard, 1984:176-177). In die onderwyspraktyk is dit moeilik om die funksionering van die modaliteite van mekaar te skei of selfs te onderskei, aangesien die een modaliteit in noue vervlegting met een of meer van die ander plaasvind.

NATUURLIKE ASPEKTE:

- * getal,
- * ruimte,
- * kinematies,
- * fisies,
- * biologies en
- * psigies.

DIE KULTURELE ASPEKTE:

- * die logiese,
- * kultuurhistoriese,
- * linguale,
- * sosiale,
- * ekonomiese,
- * estetiese,

- * juridiese,
- * etiese en
- * pistiese aspek.

(Stone, 1974:21).

2.3.5 Die individualiteitstruktuur van die onderwysstelsel

2.3.5.1 *Inleiding*

As deel van die werklikheid bestaan daar by 'n onderwysstelsel - soos by elke gemeenskapstruktuur - 'n bepaalde individualiteit. As deel van die totale werklikheid besit dit 'n algemene struktuuraard, dog ook 'n bepaalde identiteitstruktuur (Barnard, 1984:189). Hierdie bepaalde identiteitstruktuur verleen 'n individualiteitskarakter sodat dit slegs kan wees wat dit is en niks anders kan wees nie. Dit is 'n belangrike feit dat eiesoortige behoeftes van die bepaalde kultuurgemeenskap waarbinne dit ontwikkel, in die onderwysstelsel vergestalt word. Die onderwysstelsel van geen twee gemeenskappe is dus dieselfde nie (Barnard, 1984:170).

Die individualiteitstruktuur van die onderwysstelsel, sal aan die hand van die volgende grondtrekke, van belang binne die konteks van die navorsingsprobleem bespreek word, naamlik:

- * Die onderwysstelsel as 'n opvoedingstelsel.
- * Die onderwysstelsel as 'n omvattende kultuurprodukt.
- * Die onderwysstelsel as 'n vervlegtingstruktuur.
- * Die onderwysstelsel as 'n pedagogies-andragogiese struktuur.

2.3.5.2 *Die onderwysstelsel is 'n opvoedingstelsel*

Die doel van alle onderwysstelsels is tweërlei van aard. Dit wil onderwys optimaal moontlik maak en opvoeding verskaf aan die jeug. Onderwys en opvoeding is nie sinoniem nie, dog vorm 'n eenheid. Onderskeiding van die twee begrippe is moontlik, dog skeiding is onmoontlik (Rupert, 1977:1).

Onderwys is meer beperk in omvang, aangesien dit hoofsaaklik betrekking het op verstandvorming, terwyl opvoeding die hele ontwikkeling van die mens wil realiseer (Van Loggerenberg, 1966:27). Goeie onderwys is altyd opvoedende onderwys. Barnard (1981:39) sê dan ook tereg: "In 'n onderwysstelsel word na goeie onderwys, dus na opvoedende onderwys gestreef".

2.3.5.3 *Die onderwysstelsel is 'n omvattende kultuurprodukt*

INLEIDING

Barnard (1981:43) stel hierdie beginsel treffend as

hy beweer dat "sonder kultuur is opvoeding n onmoont=likheid en sonder opvoeding is daar geen kultuur en gemeenskap nie". Kultuurvorming, dus ook onderwys=stelselontwikkeling, behels die "ontsluiting van univer=sele strukture" (Ruperti, 1974:5). Dit behels dat alle onderwysstelsels universeel n algemeenheid sal vertoon. Benewens die algemeenheid vertoon elke onderwysstelsel ook n partikuliere uniekheid. Omdat elke onderwys=stelsel aansluiting moet vind en uitdrukking moet gee aan die nasionale karakter van n bepaalde gemeenskap, sal dit gelei en ontwikkel word deur bepaalde religieuse grondmotiewe en vergestaltende faktore wat elke beson=dere kultuurgemeenskap vooropstel.

Volgens Ruperti (1974:7) hou n onderwysstelsel as kul=tuurproduk verband met drie kultuurbeginsels wat vir kultuurontwikkeling geld, naamlik dié van historiese kontinuïteit, differensiasie en integrasie (verryking):

* Historiese kontinuïteit

In n onderwysstelsel moet die beginsel van historiese kontinuïteit gehandhaaf word deurdat gesonde balans behou moet word in die ontwikkeling of vernuwing van n bepaalde stelsel "vanuit die verlede via die hede na die toekoms" (Stone, 1981:98). Volgens

Van Schalkwyk (1981:232) lê kontinuïteit nog die klem op die reaksionêre of revolusionêre, dog beklemtoon albei deurdat daar uitgegaan word van 'n evolusionêre standpunt waar die nuwe verken word vanaf die bekende.

* Differensiasie

Die beginsel van differensiasie sal gestalte kry in 'n onderwysstelsel as die nodige differensiëring tussen skool en staat, mens en mens, kultuur en kultuur, geloof en geloof bestaan. Dit kom dus neer op die individualisering van 'n onderwysstelsel (Stone, 1981: 99).

Die volgende vyf sake word onder meer deur Van Schalkwyk (1981:230) as relevant beskou wat die differensiasiebeginsel betref, naamlik:

- . gedifferensieerde kindontsluiting;
- . gedifferensieerde werklikheidsontsluiting vir die kind met die oog op
- . die kind se besondere kultuuraanvaarding
- . in sy besondere leefwêreld
- . deur bemiddeling van 'n verskeidenheid van onderwys= belanghebbende sosiale (gemeenskap-) strukture.

* Integrasie

Die integrasiebeginsel dui op eenheid, geheel, algemeenheid, universaliteit of die omvattende en volledige interafhanklikheid wat tussen die gebruikers van die stelsel bestaan (Stone, 1981:103). Die beginsels van integrasie en differensiasie moet altyd met mekaar in balans wees (Van Schalkwyk, 1981:226).

2.3.5.4 *Die onderwysstelsel as 'n vervlegtingstruktuur*

INLEIDING

"The school is only one of several institutions that interrelate one with the other in any organized educational system. Among those that are interrelately involved in shaping the school are the state, the church, the community and the family" (Behr, 1978:1).

n Onderwysstelsel kom dus tot stand wanneer hierdie bepaalde gemeenskapstrukture onderling met mekaar skakel en sinvol vervleg is om n eenheid te vorm ten einde n gemeenskaplike doel, naamlik opvoedende onderwys te verwesenlik (Barnard, 1984:190).

TIPES GEMEENSAPSTRUKTURE IN DIE ONDERWYSSTELSEL

Daar bestaan drie basiese onderskeidbare groepe

gemeenskapstrukture wat in die onderwysstelsel funksioneer, naamlik:

- * Onderwysgekwalfiseerde gemeenskapstrukture;
- * onderwysbelanghebbende gemeenskapstrukture en
- * knoopstrukture (Van Schalkwyk, 1981:79-115).

. Onderwysgekwalfiseerde gemeenskapstrukture

DIE SKOOL

Die kern of die fokuspunt van die onderwysstelsel is die skool (Barnard, 1984:192). Dit beteken dat die skool die sentrale plek in die vervlegtingstruktuur inneem. Die skool is 'n kulturele verskynsel en moet beantwoord aan die gedifferensieerde onderwysbehoefte van 'n gemeenskap (Barnard, 1984:192).

Die volgende omskrywing van 'n skool vat die belangrikste struktuurkenmerke daarvan soos volg saam: "Die skool is as 'n gemeenskaps- en kultuurvervlegte verband 'n onderrig en leerplek met 'n eie besondere vryheid wat op 'n eiesoortige geadministreerde en versnelde wyse doeltreffend en doelgerig leerlinge pedagogies onder leiding van beroepsopvoeders aan die hand van leerstof ontsluit" (Van Schalkwyk, 1981: 89).

Hieruit kan die volgende tiperende kenmerke van skoolopvoeding afgelei word:

- ° Die skool is 'n onderrig-leerplek.
- ° Die skool akkommodeer leerlinge.
- ° Die skool beskik oor professionele opvoeders.
- ° Die skool het te doen met leerinhoud.
- ° Die skool werk doelgerig.
- ° Die skool is vervleg met onderwysbelanghebbende verbande.
- ° Die skool is ingebed binne die kultuurgemeenskap waarbinne dit funksioneer.
- ° Die skool is 'n doeltreffend geadministreerde gemeenskapstruktuur.
- ° Die skool is soewerein in eie kring en vry om in sy eie bevoegdheid te funksioneer (Barnard, 1984: 193-194; Stone 1981:25-33).

• Onderwysbelanghebbende gemeenskapstrukture

DIE GESIN

Na sy struktuur is die gesin gefundeer in die biotiese want die samestelling daarvan berus op bloedverwantskap. Dit word deur die etiese gekwalifiseer, waar deur dit normatief en 'n liefdesgemeenskap is

(Van der Walt, 1980:88).

Die gesin kan ook beskryf word as die primêre opvoedingsinstansie en die opvoeding van die kind bly ten alle tye die ouers se verantwoordelikheid (Stone, 1974:88). Die onderrigelement van die ouer se opvoedingstaak het egter in die loop van die tyd so gespesialiseerd geraak dat dit algaande in die hande van deskundiges, naamlik opgeleide onderwysers oorgedaan het (Van der Walt, 1980:80). Alhoewel die ouer sy onderrigtaak aan die skool moes oordra, besit hy in die laaste plek nog die onbetwisbare en onvervreembare reg by die buite-huislike opvoeding van hul kinders (Stone, 1974:88).

Die ouer het regsgesag oor sy kind. Daardeur besit hy seggenskap oor die kind wat deur die staat erken word, deur onder andere aan die ouer medeseggenskap te verleen oor sake soos opvoeding in skoolverband (Van Wyk, 1981:112-113).

DIE STAAT

Die staat het 'n historiese magsfunksie en word deur die regsfunksie gekwalifiseer. Op grond daarvan is die staat by magte om 'n harmoniërings-, integrerings- en beskermingstaak oor die onderwys te onderneem (Barnard, 1984:196).

Staatsbetrokkenheid by die onderwys behels 'n staatlike en 'n nie-staatlike taak. Die staatlike taak behels die handhawing en beskerming van die regsbelange van alle individue en samelewingsverbande onderling. Die nie-staatlike funksie behels die bevordering van sake in algemene beskawingsbelang soos om voldoende skole op te rig, die finansiering daarvan asook besoldiging van die leerkragte (Van der Walt, 1980:100). Die staat mag egter nooit sy eie magte oorskry en die soewereiniteit van ander samelewingsverbande skaad nie (Van Schalkwyk, 1981:93).

DIE KERK

Onderskeid moet getref word tussen die sigbare en onsigbare kerk. Die onsigbare kerk is die kerk in sy blydelike religieuse volheid. Dit is die geheel van al die uitverkorenes in Christus. Binne hierdie oorkoppelende kerk is talryke gelowiges in die sigbare kerk saamgebind (Van der Walt, 1980:101).

Die sigbare kerk openbaar hom as instituut. Dit behels die georganiseerde samelewingsverband met verskillende ampte, ampsdraers, gereelde samekomste en bepaalde seremonies. Die onsigbare kerk openbaar hom ook as organiese vorm. In hierdie vorm brei die

kerk hom dus ver buite die grense van die kerk as instituut uit en kom tot openbaring in die gelowige huisgesin, die volkslewe, die skool, die staat, kuns en wetenskap (Van Schalkwyk, 1981:98-104).

Die taak van die kerk is die ontsluiting van die mens se geloofsfunksie en van die -werklikheid van die mens. Dit vind plaas deur lering, sakramentbediening en toesighouding (Barnard, 1984:197).

Die kerk as onderwysbelanghebbende gemeenskapstruktuur se samehang met die skool word nie in die R.S.A. statutêr gereël nie, maar soos in die meeste onderwysstelsels in die wêreld, kry die kerk indirekte inspraak in die onderwys deur die lidmate wat ouers en/of onderwysers kan wees (Barnard, 1984:197; Stone, 1974:100).

DIE BEDRYF

Die bedryf en onderwys is afhanklik van mekaar. Die bedryf bied bepaalde werkgeleenthede waardeur die mens tot die uitlewing en volvoering van sy mandaad, waarop die onderwys gemik is, kan kom (Van Schalkwyk, 1981:107). Die bedryf het egter 'n behoefte aan geletterde mense ten einde te kan funksioneer, en is op die skool aangewese vir geskoolde en opgeleide

werkers ten einde sy doel te bereik (Barnard, 1984:197).

DIE ONDERWYSERSKORPS

Namate die beskawingspeil van 'n bepaalde samelewing verhoog en gepaard daarmee meer kennis en kundigheid ontsluit geraak het, het dit vir die ouer as primêre opvoeder al minder moontlik geword om die veelsydige opvoedende onderwys te onderneem. Dit het tot gevolg gehad dat persone van buite die gesin gebruik is vir die taak, sodat die beroepsopvoeders, wat as professionele groep spesialiseer in die ontsluiting van kennis en kundigheid, uiteindelik na vore gekom het (Barnard, 1984:197). Gaandeweg het die taak van hierdie groep weens veranderde omstandighede en verdiepte insig in die hele gebeure verruim. Waar onderwysers eers as individue opgetree het, ontplooi daar mettertyd 'n onderwysstelsel waarin die onderwyserskorps georganiseerd geraak het. Die onderwys word dan 'n beroep wat slegs deur bevoegde en spesiaal daarvoor opgeleide persone beoefen kan word binne 'n georganiseerde stelsel (Van Schalkwyk, 1981:108). Die onderwyserskorps beskik oor 'n eie terrein, naamlik die teorie en praktyk van die opvoeding, ten opsigte waarvan die beginsel van soewereiniteit in eie kring ook geld. Daarom behoort die ouers, kerk en staat die professionele bevoegdheid van die onderwyser te erken en te

bevorder, en moet daarteen waak om nie op die professionele terrein van die onderwyser in te meng nie (Kruger, 1985:7).

. Knoopstrukture van die onderwysstelsel

INLEIDING

Oral waar 'n ontmoeting plaasvind tussen onderwysbelanghebbende en -gekwalfiseerde gemeenskapstrukture, soos tussen die skool en die staat of tussen die skool, staat en bedryf of tussen die skool, universiteit en samelewing moet die samehang op 'n bepaalde wyse georganiseer en beplan word (Barnard, 1984:198). Hierdie georganiseerde samehang word dan onderneem deur 'n struktuur wat bekend staan as 'n knoopstruktuur (Van Schalkwyk, 1981:109). 'n Aantal belangrike knoopstrukture kan soos volg aangetoon word: (Van Schalkwyk, 1981:109-115; Barnard, 1984:198-201).

° Knoopstrukture tussen skool en gesin

Liggame soos bestuursrade, skoolkomitees en beheerrade wat saamgestel word uit verkose lede van die ouergemeenskap, vergestalt die verknoping van die onderwysbelange van die huisgesin en die kerk by beplande en georganiseerde onderwys.

° Knoopstrukture tussen skool en staat

Strukture soos die Suid-Afrikaanse Raad vir Onderwys (SARO), en die Komitee van Hoofde van Onderwysdepartemente en die Minister van Nasionale Opvoeding toon skakeling tussen skool en staat aan.

° Knoopstrukture tussen skool en bedryf

Die bedryf organiseer homself in gemeenskapstrukture soos die Nasionale Vakleerlingraad, die Departement van Mannekragbenutting en die Nasionale Opleidingsraad. Die onderwys word weer verteenwoordig deur liggame soos die Komitee van Universiteitshoofde en die Suid-Afrikaanse Raad vir Onderwys. Hierdie liggame ontmoet mekaar periodiek om gemeenskaplike sake te bespreek, dusdoende word bestaande behoeftes gekoördineer.

° Knoopstrukture tussen skool en leefwêreld

Verskillende fasette van die leefwêreld is met die skool vervleg. Die volgende knoopstrukture kan as voorbeeld dien:

- die skoolkurrikulumsdiens,
- skoolmediadiens,
- buitelugopvoedingsdienste,
- skoolreisdiens,

- musiek en sangdienste en
- skoolmediesediens.

◦ Knoopstrukture tussen skool en onderwyskorps

Instellings soos die Federale Raad, die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes en die onderwysersverenigings is voorbeelde van hoe die onderwyskorps gemeenskapstrukture vorm om namens hul op te tree.

◦ Knoopstrukture tussen skool en universiteit

Die gemeenskaplike Matrikulasieraad bestaan uit verteenwoordigers van elke universiteit, die Komitee van Onderwyshoofde, die verskillende bevolkingsgroepe en die skole. Hierdie raad het beheer oor die matrikulاسie-eksamen, vrystellingsvoorwaardes en reik matrikulasiesertifikate uit.

★ Samevattend

Samevattend kan vermeld word dat die beginsel van soewereiniteit in eie kring voorgehou word en geen gemeenskapstruktuur mag die ander oorheers nie (Barnard, 1981:42). Daarbenewens mag die besondere individualiteit van elke struktuur nie verlore gaan nie. Volgens Van Schalkwyk (1981:121) is eenheid

en verskeidenheid van gelykwaardige belang. Voorts beklemtoon hy ook die feit dat elke gemeenskapstruktuur betrokke is ter wille van opvoedende onderwys. Hierin vind hulle hul eenheid. Die eenheidsfunksie is dus opvoedende onderwys.

Binne hierdie vervlegtingstruktuur het die staat die juridiese verantwoordelikheid om elke gemeenskapstruktuur se betrokkenheid te reël en te harmonieer (Stone, 1981:128).

Ten slotte is dit belangrik om daarop te wys dat die gesin, as primêre of eerste opvoedingsinstelling, en die skool, as sekondêre of tweede opvoedingsinstelling ten nouste moet saamwerk en skakel. Opvoedingsdoelstellings van die gesin en die skool behoort by mekaar aan te sluit. Knoopstrukture tussen gesin en skool behoort daarna te strewe om die onderlinge verhouding en samewerking steeds te verbeter en te versterk.

2.3.5.5 *Die onderwysstelsel as 'n pedagogies-andrago- giese struktuur*

INLEIDING

In die voorafgaande is gepoog om die onderwysstelsel te definieer en om die onderwysstelsel as werklikheid-,

indiwidualiteit- en vervlegtingstruktuur in perspektief te plaas. Dit het duidelik geword dat die onderwysstelsel 'n konkrete en praktiese organisasie is wat binne die gemeenskap deur onderwysgekwalfiseerde strukture in die lewe geroep word. Knoopstrukture word gestig om organisatoriese sake te behartig en aanvullende ondersteunende dienste te lewer, asook onderwysbelanghebbende gemeenskapstrukture by die onderwys te betrek. Só word 'n netwerk van 'n verskeidenheid van gemeenskapstrukture tot 'n eenheid geskakel om die gemeenskaplike taak van opvoedende onderwys te behartig (Van Schalkwyk, 1981: 143). Inmiddels word die onderwysstelsel meteen 'n pedagogies-andragogiese vervlegtingstruktuur waarbinne onderwys in funksie gaan.

DIE ONDERWYSSTELSEL IN FUNKSIE


Die onderwysstelselstruktuur in funksie word treffend deur Barnard, (1981:38-39) beskryf as: "die organisatoriese raamwerk, nl. beplanning (insluitende navorsing, beraadslaging en beleidsformulering); onderwyswetgewing (parlementêre onderwyswette, provinsiale onderwysordonnansies, regulasies ingevolge die wette en ordonnansies); die uitvoering van die onderwyswetgewing (deur middel van administratiewe liggame soos skoolrade, beheerrade, skoolkomitees, inspekteur van onderwys, ens.); hulpdienste en die skoolstelsel

waarbinne die onderwyser en kind mekaar ontmoet sodat die formele skoolopvoeding en onderwys kan plaasvind".

Die onderwysstelsel het dus drie hoofmomente, naamlik:

- . dit word beplan;
- . beplanning word in onderwyswetgewing vasgelê, en
- . die onderwyswetgewing word uitgevoer (Barnard, 1981: 38).

Die volgende skematiese voorstelling wat op dié van Van Schalkwyk (1981:148) gebaseer is, illustreer die onderwysstelselstruktuur in funksie doeltreffend:



ONDERWYSWETGEWING

Vir die doeltreffende uitvoering van onderwys voorsien die staat die nodige breë beleidsformulering. Hierdie beleid vind gestalte in die vorm van neergelegde wette, ordonnansies en bepalinge asook amptelike besluite van wetgewende instellings (Van Schalkwyk, 1981:150).

Om 'n doeltreffende en sinvolle onderwyswet te maak, moet allereers navorsing gedoen word. Verder vind be= raadslaging plaas met die doel om die behoeftes van 'n kultuurgemeenskap te bepaal. Eindelik vind beleids= formulering plaas, wat gestalte in onderwyswetgewing kry (Barnard, 1984:210-211).

Die staat is nie slegs verantwoordelik vir die prokla= mering en uitvaardiging van wetgewing nie, maar ook om deur funksionele administrasie toesig en beheer ten opsigte van onderwys en opleiding uit te oefen. Vol= gens Barnard,(1984:211) skep die staat dus die raamwerk deur middel van wetgewing om onderwys en opleiding te vergestalt, en onderwys- en opleidingsideale en beleid te harmonieer sodat die verskillende onderwys- en opleidingsbelange van die samelewingsverbande bemoontlik kan word.

ORGANISASIESTRUKTURE EN ADMINISTRATIEWE PROSESSE

Onderwyswette, ordonnansies, reëls en proklamasies word binne bepaalde organisasiestrukture (onderwysdepartemente) deur middel van bepaalde administratiewe prosesse prakties tot uitvoering gebring deur onderwysinrigtings, hulpdienste en aanvullende onderwysdienste (Barnard, 1984:211).

Die volgende grondbeginsels geld vir doeltreffende onderwysadministrasie:

* Politieke en wetgewende oppergesag

Alle werksaamhede van die onderwysadministrasie moet binne die grense en moontlikhede van die neergelegde wette, bepalinge, ordonnansies en amptelike besluite van wetgewende instellinge, (soos die Huis van Verteenwoordigers, streeks- en munisipale rade) geskied. Hierdie instellinge beskik oor 'n eie bevoegdheids-terrein en het finale en deurslaggewende seggenskap oor die werksaamhede van die onderwysadministrasie (Van Schalkwyk, 1981:150).

* Openbare verantwoordelikheid

Openbare verantwoordelikheid vereis dat alle politieke ampsbekleërs en amptenare hulle pligte binne

die tersaaklike wetsbepaling met groot verantwoorde=likheid sal nakom, sodat elke owerheidsinstelling in belang van algemene welsyn sal wees (Van Schalkwyk, 1981:150).

* Demokratiese vereistes

In alle onderwysadministratiewe handelingte moet die doelstellings van die demokrasie weerspieël word. Dit behels dat onderwys so geadministreer moet word dat elke belanghebbende se welsyn daardeur nagestreef sal word (Van Schalkwyk, 1981:150-151).

* Billikheid en redelikheid

Die algemene welsyn en beskawingsbelang vereis dat daar van owerheidsweë altyd billik en redelik teen=oor elke landsburger opgetree sal word. Daarom behoort elke wetsbepaling eerlik en opreg toegepas te word, sodat almal die maksimum voordeel daaruit sal kry (Van Schalkwyk, 1981:151).

* Doeltreffendheid

Doeltreffendheid behels die mees ekonomiese gebruik van beskikbare middele. So behoort die onderwysdepartement te bepaal watter van die onbeperkte onderwysbehoefte met die beperkte middele tot sy beskikking bevredig moet word. Doeltreffendheid behels

verder ook die grootste moontlike kwantitatiewe en kwalitatiewe bevrediging van noodsaaklike behoeftes, met die beperkte beskikbare hulpbronne (Van Schalkwyk, 1981:151).

Binne die organisasiestrukture (onderwysdepartemente) vind administratiewe prosesse plaas. Deur hierdie prosesse word verseker dat die onderwyswette doeltreffend deur onderwysinrigtings, hulpdienste en aanvullende onderwysdienste uitgevoer word (Barnard, 1984:211).

Die volgende administratiewe prosesse kan van belang wees:

. Onderwysbeplanning

Elke faset van onderwys en opleiding, en al die verskillende vlakke binne die onderwysstelsel moet deeglik beplan word vir gladde en doeltreffende funksionering (Barnard, 1981:46).

Beplanning binne die onderwysstelsel vind gewoonlik op drie vlakke plaas, naamlik op makro- (oorkoepelende beplanning), meso- (streek of plaaslike beplanning) en mikrovlak (beplanning in die skool) (Barnard, 1984:212). Deur beplanning word riglyne uitgestippel na doelbereiking. Beplanning gee dus

doelgerigtheid van optrede. Doelwitbepaling en doelwitbereiking is twee deelprosesse van onderwysbeplanning. Doelwitbepaling behels 'n duidelik geformuleerde onderwysdoelwit, terwyl die ontwerp van 'n plan of sistematiese benadering wat gevolg moet word om die doel suksesvol te bereik, doelwitbereiking behels (Van Schalkwyk, 1981:151-153).

. Onderwysorganiserings

Onderwysorganiserings behels spesifiek die uitvoerende aspek van onderwysadministrasie (Barnard, 1984: 215). Deur organisasie word werksaamhede georden, gereël, verdeel, toegeken en georganiseer vir samewerking en harmoniese verloop van al die onderwyskomponente van die onderwysstelsel afsonderlik en gesamentlik (Van Schalkwyk, 1981:153).

. Onderwysfinansierings

Onderwysfinansierings behels die voorsiening, hantering en besteding van fondse. Dit is die omvattende proses van hoe fondse vir die onderwys geïnf/tebedeel word, hoe besteding geskied en hoe kontrole en verslag daaroor uitgeoefen word (Barnard, 1984:216-217).

. Personeelvoorsiening en -benutting

Personeelvoorsiening behels al die handelinge om onderwyspersoneel te verkry. Dit behels onder andere personeelwerwing, postebepaling, opleiding en bevordering. Personeelbenutting is die leidinggewing, koördinerings, motivering, dissiplinering en opleiding van personeel om hul werksaamhede uit te voer (Barnard, 1984:217).

. Bepaling van werkprosedure

Bepaling van werkprosedure is die administratiewe proses wat saam met beplanning, organisering, finansiering, personeelvoorsiening en -benutting moet verloop, sodat dit die ander prosesse se verloop (wanneer, waar, tot watter deel) in die funksionering van die totale onderwysstelsel moet reël (Van Schaalkwyk, 1981:165).

. Beheeruitoefening en toesighouding

Beheeruitoefening en toesighouding verseker dat die vasgestelde onderwysdoelstellings en doelwitte in die praktyk bereik word (Barnard, 1984:220). Dit behels dus dat toegesien moet word dat breë onderwysbeleid en wetgewing in die skole geïmplementeer word sodat onderwysdoelstelling en

-doelwitte bereik kan word.

UITVOERING VAN OPVOEDENDE ONDERWYS

** Inleiding*

- Die praktiese uitvoering van die onderwys is die verantwoordelikheid van bepaalde onderwysinrigtings, onderwys hulpdienste en aanvullende onderwysdienste.

Die skool word beskou as die kern van die onderwysstelsel, omdat dit hier is waar onderwysers en leerlinge in 'n didakties-pedagogiese ontmoeting met mekaar verkeer (Barnard, 1984:221).

Die skool as sodanig is egter nie selfgenoegsaam nie. Met die ontplooiing van die onderwysstelsel om ook aan die dinamiese en gedifferensieerde onderwysbehoeftes van 'n bepaalde kultuurgemeenskap te voldoen, het daar ook 'n stelsel van onderwysgekwalfiseerde hulpdienste en aanvullende dienste ontwikkel (Barnard, 1984:222; Van Schalkwyk, 1981:198).

** Onderwysinrigtings*

Onderwysinrigtings lê ingebed in die kultuurrêreld waarbinne dit funksioneer (Van Schalkwyk, 1981:174). Daarom sal die gedifferensieerde onderwysbehoeftes van 'n bepaalde kultuurgemeenskap die spesifieke aard

van die onderwysinrigtings bepaal. Gemeenskapsbehoefte is universeel, dog ook gedifferensieerd en verbesonder.

’n Ontwikkelde kultuurgemeenskap vereis ’n stelsel van onderwysinrigtings wat volledig voorsien in al die onderwys- en opleidingsbehoefte. Volgens Barnard (1984:221) behels ’n volledige stelsel die volgende inrigtings:

. Kinderbewaarskole

Hierdie skole akkommodeer die kinders van die ouderdom 0 - 3 jaar. Die bewaarskool lê klem op die bewaring (versorging en beskerming) en opvoeding (leer om self te eet, te praat en te loop) (Van Schalkwyk, 1981:190).

. Die preprimêre skole

Hierdie skool bied ’n gestruktureerde omgewing vir kinders tussen die ouderdom van 3 - 6 jaar. Op informele doelgerigte en beplande wyse word opvoedende onderrig gedoen. Maksimum geleentheid vir gesonde geestelike en fisiese ontplooiing word aan die kind gebied, ter aanvulling van die huislike opvoeding (Van Schalkwyk, 1981:190).

. Die primêre skole

In hierdie skole word skoolpligtige leerlinge vanaf 6/7- tot 12/13-jaar onderrig. Die algemene breë en basiese onderwys lei die kind veral in lees-, skryf- en rekenvaardigheid in die kultuur van die volk waarvan hy lid is (Barnard, 1984:222).

. Sekondêre skole

In die sekondêre skool word voortgebou op primêre onderwys en andersyds word die grondslag gelê vir tersiêre onderwys. Daarom is hierdie skoolfase gedifferensieerd en gespesialiseerd. Onderwys word aan leerlinge voorsien ooreenkomstig hul vermoëns en belangstelling, dog ook met inagneming van die landsbehoefte (Van Schalkwyk; 1981:191).

. Privaatskole

Soms stig privaatinstansies, soos kerkgenootskappe, oergemeenskappe of privaatondernemings eie skole om ruimte te bied aan die gees en karakter wat hierdie groepe vooropstel. Hierdie skole moet egter aan dieselfde vereistes ten opsigte van standaard en evaluering voldoen as die staatskole (Van Schalkwyk, 1981:193).

. Skole vir buitengewone onderwys

Leerlinge wat as gevolg van verstandelike, liggaamlike of gedragsafwykings nie voldoende voordeel uit gewone skoolonderrig kan trek nie, ontvang onderrig van 'n gespesialiseerde aard in skole en klasse vir buitengewone onderwys (Barnard, 1984:223).

. Onderwys vir hoogsbegaafdes

Voorsiening vir hierdie leerlinge kan deur middel van geïndividualiseerde onderrigprogramme, spesiale onderrig vir kort of langer termyn, en naskoolse onderrig in sentrums vir hoogsbegaafdes gemaak word (T.O.D. 1984 (a):116).

. Tersiere onderwysinrigtings

Tersiere onderrig word aangebied in dienoooreenkomstige inrigtings soos kolleges, universiteite en teknikons aan studente vir toerusting om tot die beroepswêreld toe te tree (Van Schalkwyk, 1981: 195-197).

. Inrigtings vir afstandonderwys

Sekere inrigtings word in die lewe geroep om te voldoen aan die behoefte van afstandonderwys.

Studie deur korrespondensie is hiervan 'n voorbeeld (Van Schalkwyk, 1981:197).

Ten slotte lê Van Schalkwyk (1981:175-176) die volgende oorwegings as grondslag neer vir 'n stelsel van verskillende onderwysinrigtings:

- ° Die verskeidenheid menslike funksies en hoedanighede wat ten opsigte van die pedagogiese verantwoordbare eis van volledige en gebalanseerde ontsluiting van die individu en van die gemeenskap ontsluit moet word;
- ° die individuele verskille wat onder die lede van die gemeenskap voorkom en waaruit 'n verskeidenheid onderwysbehoeftes spruit, en
- ° die besondere onderwysbehoeftes van 'n gemeenskap in sy gesitueerdheid binne 'n bepaalde geografiese gebied met sy natuurlike omstandighede en sy besondere kultuur-aard in 'n bepaalde tydsgewrig - in kort die landsbehoeftes.

'N STELSEL VAN ONDERWYSHULPDIENTE

*** Inleiding**

Onderwysshulpdienste en aanvullende onderwysdienste kom tot stand en word op 'n bepaalde wyse gestruktureer, ten

einde aan bepaalde eise binne 'n gemeenskap te voldoen.

Van Schalkwyk (1981:198) wys daarop dat die skool nie selfgenoegsaam is nie. Die skool is blootgestel aan 'n dinamiese veranderende kultuurwêreld. Die onderwyser se kennis en vaardighede mag verouderd raak, onderwysdoelwitte van 'n bepaalde gemeenskap kan verander, die onderwysstelsel self ontplooi, en daarom is die skool ook aangewese op 'n stelsel van hulpdienste.

Ruperti (1974:105) noem hierdie dienste georganiseerde hulp wat van buite die skole aan hulle verleen word, sodat onderwys beter kan vlot. "Hulpdienste is wesenlik pedagogies gekwalifiseerd. Dit is daar ter wille van en tot hulp van die pedagogiese gebeure. Hulle sin, doel en betekenis lê ingebed in die pedagogiese" (Van Schalkwyk, 1981:198).

By bogenoemde stelling sluit ook Olivier (s.a.:1) aan as hy meld dat die hulpdienste 'n integrale deel van die onderwysstelsel is. Dit funksioneer ook nie buite die onderrig en opvoeding om nie. Die dienslewering word nooit op die onderwys afgedwing nie, maar vloei spontaan daaruit voort.

Dit is ook duidelik dat die onderwyshulpdienste en aanvullende onderwysdienste, as deel van 'n

onderwysstelsel, wetmatig in ooreenstemming met die onderwysstelsel sal funksioneer. Die bepaalde religieuse grondmotiewe wat in die bepaalde onderwysstelsel geld, sal ook in die onderwys hulpdienste en aanvullende hulpdienste manifesteer (Gerber, 1981: 190).

Volgens die opvatting van Van Schalkwyk (1981:197-206) kan die mees algemene onderwys hulpdienste soos volg ingedeel word:

- . 'n Opvoedkundige (pedagogiese) onderwys hulpdienste;
- . skoolmediasentrum en oudiovisuele diens;
- . kurrikulumdiens;
- . eksamendiens;
- . vakadviseursdiens, en
- . 'n professioneel-didaktiese onderwysers hulpdienste.

Voorts kan aanvullende onderwys hulpdienste onderskei word:

- . buitelugopvoeding;
- . skoolreisdiens;
- . musiek;
- . leerlingvervoer;
- . leerlinghuisvesting;
- . mediese en tandheelkundige dienste, en

- . buitemuurse en buiteskoolse aktiwiteite
(Van Schalkwyk, 1981:206-212).

* Die opvoedkundige/pedagogiese onderwys hulpmiddels

’n Goed ontwikkelde pedagogiese onderwys hulpmiddels sal onder meer die volgende insluit:

- . ortopedagogiese hulpmiddels;
- . ortodidaktiese hulpmiddels;
- . sosiopedagogiese hulpmiddels;
- . beroepsoriënterings hulpmiddels;
- . spraakterapeutiese hulpmiddels, en
- . arbeidsterapeutiese hulpmiddels
(Van Schalkwyk, 1981:200).

* Struktuur

Die struktuur van ’n Opvoedkundige Hulpmiddels behels gewoonlik die volgende:

- . Administrasie

Dit behels professionele en administratiewe personeel wat die hulpmiddels beplan, organiseer, administreer en sodoende beheer en inspekteer.

- . Kinderleidingsentrums

Pedagogiese hulpsentrums word oral beskikbaar gestel. Dit bestaan uit ’n netwerk van

kinderleidingsentra wat beman word met genoeg ortopedagoë, ortodidaktici, spraak- en arbeidsterapeute, voorligters en sosiopedagoë.

Hierdie personeel is basies verantwoordelik vir evaluering, hulpverlening, identifisering, plasing en verwydering van leerlinge met verskillende probleme van opvoedkundige aard. Hulle werk ook saam as rondreisende personeel in 'n span ten einde elke leerling in die volle omvang van sy probleem te help (T.O.D., 1976 (a):1-3).

. Onderwysinrigtings

° Gewone skole

By die gewone skole bestaan daar gewoonlik personeel wat direk en namens die skool met die hulpdiens skakel. Die taak van hierdie personeel is om leerlinge met probleme aanvanklik te identifiseer en hulpverlening te gee. Vir gespesialiseerde hulpverlening word die leerlinge egter na die personeel van die hulpdiens verwys (Joubert, 1976:53).

Die pedagogiese hulpdiens lewer voorts ook 'n voorligtingsdiens aan alle leerlinge en ouers, wat by die diens van skoolpersoneel aansluit, en

verder ook die afneem van aanleg- en belangstellingstoetse behels. Daar word ook voorligting oor vak- en loopbaankeuses gegee (Joubert, 1976: 54).

° Buitegewone skole

Wanneer dit nodig geag word om 'n leerling tydelik uit sy gesinsopset te verwyder, word leerlinge in gespesialiseerde inrigtings geplaas. Voorts vind skakeling met die ouers en die skool plaas totdat die leerling weer teruggeplaas word in gewone onderwys. Die hulpdiens bly egter ook gemoeid met die probleem totdat dit opgelos is of die kind permanent in 'n gespesialiseerde inrigting tot sy reg kom (Joubert, 1976:42).

* Funksionering

. Ortopedagogiese hulpdiens

Hierdie hulpdiens het 'n wye en uiteenlopende terrein. Die kern van die taak is identifisering en hulpverlening aan die kind met besondere opvoedingsbehoeftes. Dit is hulp aan die gedragsgeremde, leergeremde en verstandsgereemde leerling (Olivier, s.a.:5).

Wat die gedragsgeremde leerling betref, word 'n ortopedagogiese ondersoek na die kind se gedragsprobleme gedoen. Die nodige toetse en verkenningstudies word gebruik, onderhoude word met die onderwysers en ouers gevoer en 'n behandelingsplan word in samewerking met die sosiopedagoog, onderwysers en ouers beplan. Dit behels pedoterapie, opvolgen en nasorgondersoeke (Joubert, 1976:3-11).

Wat die verstandsgestremde leerlinge betref, behels hierdie hulpdiens identifisering van die verstandsgestremdes en die plasing van sodanige leerlinge in spesiale klasse en skole (T.O.D., 1977 (a): 2).

Verder behels hierdie hulpdiens voorligting aan ouers, personeel, leerlinge en instansies met betrekking tot voorkoming en regstelling van problematiese opvoedingsaangeleenthede (T.O.D., 1976 (a):27).

. Ortodidaktiese hulpdiens

Hierdie hulpdiens se primêre taak is ortodidaktiese bemoeienis met die leergereemde kind en die kind met spesifieke leergereemdheid.

Die hulp behels 'n volledige verkenning en evaluering van die aard, omvang en moontlike gronde van die aanwesige leerprobleme. Pogings word aangewend om 'n volledige leer- en persoonsbeeld van die leerling daar te stel. Dit vorm die basis en vertrekpunt van die ortodidaktiese hulpprogram wat gevolg gaan word.

Voorts behels hierdie hulpdiens voorligting aan ouers en onderwysers asook die identifisering van en hulpverlening aan hulpklasleerlinge en die stigting en funksionering van hierdie klasse (T.O.D., 1976 (a):35).

. Sosiopedagogiese hulpdiens

Die gedrag van die kind in die skool word medebepaal deur dit wat hy vroeër in sy leefmilieu ervaar het, en in die besonder binne die gesinsituasie as die primêre opvoedingsmilieu. Hierdie belewing dra by tot sy totale persoonstruktuur, sy medemenslike verhoudinge, sy vertroue of wantroue, liefde of haat, sy gevoel van geborgenheid en veiligheid, sy angsnood en onsekerheid (T.O.D., 1976 (a):21).

Die primêre funksie van die sosiopedagogiese hulpdiens is die wetenskaplike ondersoek, identifisering, en evaluering van die opvoedingsituasie

van leerlinge met leer- en gedragsprobleme (Olivier, s.a.:6). Nadat kernprobleme vasgestel is, word deur voorligting en leiding aan die ouers gepoog om opvoedingsbelemmerende faktore in die gesin op te hef. Dit behels ook leiding ten opsigte van kernprobleme aan die kinders, verwydering en/of uitplasing na koshuise of kliniekskole, en nasorg aan kinders wat vanaf die kliniekskool teruggeplaas is aan 'n gewone skool om sinvolle inskakeling by die skool te bemoontlik (T.O.D., 1980 (b):2).

Die sosiopedagogiese hulpdiens behoort ook faktore soos swak sosio-ekonomiese omgewing, gebroke gesinne, drankmisbruik, losse sedes en kerkloosheid se invloed op die opvoeding van die kind te ondersoek. Verder behels dit dan skakeling met ander maatskaplike instellings en instansies soos die polisie, kinderkommissaris, predikante, amptenare van die Departement Gesondheid en Welsyn en Die S.A. Nasionale Raad insake Alkoholisme en Afhanklikheid van Verdowingsmiddels (SANRA), ten einde die kind in sy totale opvoeding te ondersteun en te begelei en boonop leiding aan die ouers te gee (T.O.D., 1976 (a):21-24).

. Beroepsoriënteringsdiens

Hierdie hulpdiens is veral gemik om 'n bydrae te lewer

tot die suksesvolle verloop van gedifferensieerde onderwys. Dit is veral gemik op voorligting aan elke individuele leerling. By hierdie voorligtingsprogram is die ouers, die skool, die leerling en die beroepsoriënteringsdiens as 'n span betrokke om te verseker dat elke leerling onderwys ontvang wat in ooreenstemming is met sy totale persoonsmoontlikhede (T.O.D., 1976 (a):26-34).

Die beroepsoriënteringsdiens se hulpverlening is hoofsaaklik gekonsentreer op die keusehoogtepunte gedurende die leerling se skoolloopbaan wat die volgende behels:

- ° Skool-, kursus- en enkele vakkeuses van die st. 5-leerlinge.
- ° Finale studierigting, -vak en vlak van vakkeuse van die st. 7-leerling.
- ° Naskoolse studierigting en/of beroepskeuse van die skoolverlater (T.O.D., 1978:4).

Hierdie hulpdienst behoort aan te sluit by die voorligtingsdiens wat skole lewer. Gekoördineerde voorligting deur middel van individuele voorligting, groepsvoorligting aan ouers, leerlinge en personeel sal ook die totale mannekragbehoefes

van die land in aanmerking moet neem (T.O.D., 1978:4).

. Spraakterapeutiese hulpdiens

Hierdie hulpdiens hanteer primêr leerlinge wat spraak-, taal-, stem- en gehoorprobleme ondervind (T.O.D., 1978:6).

In die eerste plek gaan dit om vroegtydige uitkennings, en ten tweede om tydige en sinvolle hulpverlening (T.O.D., 1984 (a):193).

. Arbeidsterapeutiese diens

Hierdie diens is primêr gerig op hulpverlening aan leerlinge met perseptueel-motoriese probleme en meer spesifiek hulp aan leerlinge met spesifieke leergeremdhede (T.O.D., 1978:6).

* Samevatting

Die opvoedkundige of pedagogiese hulpdiens behoort 'n geïndividualiseerde diens aan die kind en die gesin in opvoedingsnood te wees. Dit kom die skool en gesin tegemoet en voorsien kundige bystand waar nodig. Kundigheid van ander instansies waar nodig, word by die totale behandelingsplan betrek (T.O.D., 1984 (a): 194).

ANDER HULPDIENSTE

Ander onderwysgekwalfiseerde hulpdienste is onder meer:

* Die skoolmediasentrum- en oudivisuele hulpdienste

Die onderwysmediadiens is 'n steungewende instelling wat mediadiens vir 'n breë spektrum verskaf, aangesien dit nie vir skole moontlik is om op hul eie in al die mediabehoefte van onderwysers en leerlinge te voorsien nie (T.O.D., 1984 (a):195).

Hierdie hulpdienste behoort in die volgende behoeftes te voorsien:

- . 'n Gesentraliseerde diens wat vir 'n gepubliseerde mediagids vir die aanskaffing en uitleen van media beskikbaar is.
- . 'n Oudiovisuele diens wat apparatuur beskikbaar stel aan skole en ook voorligting gee in die vervaardiging van oudiovisuele programme.
- . Onderwysmediasentrumdiens, wat in die inligtings-, navorsings-, studie- en algemene mediabehoefte van die onderwys sal voorsien (T.O.D., 1984 (a):195).

.ulumdiens

~~Die~~ pstel van 'n kurrikulum verg volgens Van Schalkwyk, (1981:205) gespesialiseerde pedagogiese kennis van die mens en die werklikheid. Die kurrikulum moet die kind se leef- en leerwêreld uitbrei. Dit behoort aan te sluit by die opvoeding van die ouerhuis, die belangstelling en moontlikhede van die kind. Die kurrikulum moet voorsiening maak vir die deursnee kind asook vir die hoogsbegaafde leerlinge (T.O.D.,1984 (a):124). Verder moet dit aansluit by die lewensfilosofie van die betrokke maatskappy asook by die besondere gemeenskapsbehoeftes (Van Schalkwyk, 1981:205).

* Eksamendiens

Die gemeenskap het volgens Barnard, (1984:225) 'n behoefte aan 'n eksamenhulpdienste om die leerlinge se bekwaamheidspeil en geskooldheid te meet.

* Superintendente van onderwys en vakadviseurs as hulpdienste

Die funksie van die superintendent van onderwys en vakadviseurs het ontwikkel van blote inspeksiewerk tot navorsing, beplanning en personeelontwikkeling (Barnard, 1984:225).

Deur navorsing bly die superintendent op die hoogte van nuwe kennis en denkrigtings. Deur die strewe na groter beroepsvaardigheid by die onderwysers, lewer die superintendent van onderwys 'n bydrae tot beter personeelontwikkeling, terwyl beplanning toegespits is op die implementering van gekeurde navorsingsresultate (T.O.D., 1984 (a):190).

Dit blyk dat die superintendent van onderwys 'n sintese vorm tussen teorie en praktyk in die onderwys, tussen sentrale beplanning en die uitvoering van beplanning. Die superintendent snoer verskillende dienste in die totale onderwysstelsel saam en sorg vir gesonde wisselwerking (T.O.D., 1984 (a):188).

Die meer praktiese en tegniese vakke vereis 'n besondere organisasie en administrasie. 'n Groep vakadviseurs vir hierdie vakke staan onderwysers by sodat onderrig daarin vlot kan verloop (Barnard, 1984:225).

* Professioneel-didaktiese onderwysershulpdiens

Dienste soos aanvullende indiensopleidingskursusse en oriënteringskursusse asook kommunikasiemedie tussen die departemente en die onderwysers in die vorm van tydskrifte en omsendbriewe kan as professioneel-didaktiese onderwysershulpdienste beskryf word (Van Schalkwyk, 1981:207).

AANVULLENDE ONDERWYSDIENSTE

* Inleiding

Aanvullende opvoedingsdienste word deur Van Schalkwyk (1981:206-207) beskryf as dienste wat aanvullend van aard is en ook nie direkte hulp aan die opvoedingsgebeure self uitmaak nie. Dit is dus nie noodsaaklike dienste nie. Dit maak egter die onderwysprogram volledig en is ook pedagogies gekwalifiseerd.

Dienste soos die buitelogopvoedings-, skoolreis-, musiek- en sangdiens, skoolbusvervoer-, skoolkoshuisdiens, mediese en tandheelkundige dienste, buitemurse sport en kulturele aktiwiteite word as aanvullende dienste beskou (Barnard, 1984:226).

* Die skoolreisdien

Hierdie diens is ingestel om studiereise en besigtigingstoere te organiseer asook vervoer en verblyf aan leerlinge te gee. Om studiereise sinvoller te maak, stel die skoolreisdienpersoneel gereeld brosjures, inligtingstukke, taakboeke en vraelyste op vir die gebruik deur onderwysers en leerlinge (T.O.D., 1984 (a):199).

* Musiek- en sangdiens

Vir leerlinge wat aanleg en belangstelling in musiek en sang het, word die geleentheid gebied om by kore en orkeste aan te sluit. Sulke geleenthede is aanvullend tot die formele skoolonderwysprogram (Van Schalkwyk, 1981:210).

* Skoolkoshuisdiens

In gebiede waar leerlinge ver vanaf die naaste skool woon, word koshuise as alternatiewe woonplek gebou. Die koshuis poog om as plaasvervanger die alledaagse rol van voeding, kleding en beskerming van die ouerhuis te vervang, terwyl die koshuisouers ook voorsien in die geestelike behoeftes, soos veiligheid, sosiale samesyn en dissipline van die kind (Van Schalkwyk, 1981:210).

* Mediese en tandheelkundige diens

Hierdie diens sien om na die algemene gesondheid van die leerlinge. 'n Verdere taak is om te verseker dat die fisiese geriewe sindelik en higiënies is. Siektes en epidemies word vroegtydig voorkom deur inenting en immunisering van onderwysers en leerlinge (Barnard, 1984:226).

* Buitemurse en buiteskoolse aktiwiteite

Geleenthede word geskep sodat die kind sy fisiese en kulturele kwaliteite kan ontwikkel. Kompetisie in sport en kulturele aktiwiteite soos atletiekbyeenkomste en kunswedstryde bring afwisseling en balans mee en dien ook as stimulus vir skoolonderwys (T.O.D., 1984 (a):173-177).

* Buitelugopvoeding

Aanvullend tot gesins- en skoolopvoeding word georganiseerde en beplande opvoedende onderwysgeleenthede vir die kind in die buitelug geskep. Deur hierdie geleenthede word gepoog om lewenswaardes soos verantwoordelikheid, liefde en selfstandigheid op 'n informele en spontane wyse te leer en te beleef. Voorts behels dit ook die skepping van opvoedingsituasies soos veldskole en jeugweerbaarheidsprogramme, asook die skoolkadetstelsel (T.O.D., 1984 (a):152-159).

2.4 SLOT

Soos wat die onderwysstelsel, as gevolg van die ouers se onvermoë om die opvoedende onderwys van die kind alleen te behartig, ontwikkel het, het 'n stelsel van onderwyshulpdienste en aanvullende hulpdienste ontwikkel ten einde die skoolopvoeding van die kind te verryk, aan te vul en te ondersteun. Opvoedingseise wat aan

die skool gestel word, noodsaak dat hulp en steun van gespesialiseerde aard tot die skool bygevoeg word. Gesamentlik vorm die skool, gesin en onderwys hulpdienste 'n span wat 'n diens aan opvoedende onderwys lewer. Die Onderwysadviseur: Voorligting, as personeellid van die Opvoedkundige Hulpdiens, wat weer 'n onderdeel uitmaak van die geheel van die onderwys hulpdienste, is in 'n besondere posisie om direk met die gesin en die skool te skakel.

Dit het duidelik geblyk uit die bespreking dat die onderwysstelsel tot stand gekom het deur die vervlegting van verskeie gemeenskapstrukture wat ook belang het by opvoedende onderwys. Saam word dié taak deur middel van 'n beplande en georganiseerde struktuur behartig. Binne hierdie vervlegtingstruktuur word elke gemeenskapstruktuur se taak en verhouding gestruktureer. Onderwys word uitgevoer deur 'n stelsel van onderwysinrigtings, onderwys hulpdienste en 'n stelsel van aanvullende onderwys hulpdienste.

In die volgende hoofstuk sal die stelsel van opvoedkundige hulpdienste verder bespreek word ten einde te bepaal watter besondere bydrae hierdie hulpdiens lewer in die uitvoering van onderwys.

HOOFSTUK 3

DIE OPVOEDKUNDIGE HULPDIENS IN TRANSVAAL AS FASET VAN DIE ONDERWYSSTELSEL EN DIE TAAK EN BEVOEGDHEIDSTERREIN VAN DIE ONDERWYSADVISEUR: VOORLIGTING

3.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is gelet op onderwysuitvoering en veral na die stelsel van onderwys hulpdienste en aanvullende onderwys hulpdienste. In die besonder is klem gelê op die Opvoedkundige Hulpdiens as faset van onderwysuitvoering.

In hierdie hoofstuk sal die Opvoedkundige Hulpdiens in Transvaal, en in die besonder die taak van die Onderwysadviseur: Voorligting bespreek word. Daar sal gelet word op die skakeling van hierdie gespesialiseerde diens met die ouer, leerlinge en onderwysers ten einde volledige opvoedende onderwys te verwesenlik.

In die besonder sal aandag verleen word aan die historiese ontwikkeling van die Opvoedkundige Hulpdiens in Transvaal. Die mees resente vernuwing ten opsigte van die organisasie en werkwyse van die diens sal bespreek word.

Terselfdertyd sal die taak en bevoegdheidsterrein van die Onderwysadviseur: Voorligting onder die loep geneem word.

3.2 DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN DIE OPVOEDKUNDIGE HULPDIENS IN TRANSVAAL

Daar is reeds gelet op die feit dat die skool verweef is in 'n voortdurende veranderde kultuurwêreld - 'n leefwêreld wat voortdurende nuwe eise aan die onderwysstelsel stel. Onderwysdoelwitte van 'n gemeenskap kan verander. Ontplooiing en ontwikkeling van die onderwysstelsel is dus noodsaaklik om aan die veranderde onderwysdoelwitte en -behoefte te voldoen (Stone, 1981:42).

Die historiese ontwikkeling van die Opvoedkundige Hulpdiens toon duidelik aan hoedat die samelewing se onderwysbehoefte toegeneem het. Hierdie diens het ontwikkel uit die geleidelike differensiëring en individualisering van die onderwys. 'n Besef van die individuele verskille en individuele behoeftes van leerlinge het gelei tot progressiewe beplanning en uitbouing van die Opvoedkundige Hulpdiens.

Die aanstelling van dr. C.L. Leipoldt in 1914 as mediese inspekteur in Transvaal, kan beskou word as die

beskeie begin, en die eerste tree op weg van die gedifferensieerde onderwys, en die ontstaan van die Opvoedkundige Hulpdiens (Joubert, 1976:26). Dr. Leipoldt het as opdrag die identifisering van verstandelik gestremde leerlinge gehad. In hierdie verband is hy vanaf 1915 bygestaan deur dr. M. Moll, 'n psigiater (Olivier, s.a.:3).

Reeds in 1916 het dr. Leipoldt al gepleit vir 'n "kleine kring van spesialisten". Dit het hom opgeval dat benevens die mediese behoeftes van leerlinge, daar ook leerlinge is wat gedrags- en ontwikkelingsgeremdheid getoon het. As oorsake van hierdie probleme noem hy onder andere opvoedingsfoute deur die ouers, omgewingsinvloede, die bioskoop, die pers, gebrek aan behoorlike ontspanningsgeriewe en die misbruik van dagga (Olivier, s.a.:1).

Dr. Leipoldt se idee van 'n "kring van spesialisten" is na sy aftrede nooit verder ontwikkel nie. Dit was eers in 1942 dat aan hierdie saak verdere aandag geskenk is met 'n personeeluitbreiding van 'n verdere twee sielkundiges en 'n tweede beroepsvoorligter. Hierdie ideaal is algaande verwesenlik met voortgesette personeeluitbreiding en die stigting van die eerste kinderleidingklinik in 1954 (Joubert, 1976:26-53).

Die volgende momente kan uitgesonder word in die ontwikkeling en historiese verloop van die Opvoedkundige Hulpdiens (Olivier, s.a.:1-3); Kruger, 1975:2; Joubert, 1976:3-60; Gerber, 1981:228-244):

- In 1911 bepleit die destydse Direkteur van Onderwys die indeling van leerlinge in die volgende kategorieë: "agterlik", normaal en bo-normaal, in soverre dit op die verstandsmoontlikheid betrekking het, en met die oog op keuring vir sekondêre onderwys en verdere beroepsleiding. Met die aanstelling van dr. Prinsloo as voorligter in 1936 kry beroepsleiding vir die eerste keer sinvolle aandag.
- In 1940 ontvang die kind met 'n leerprobleem vir die eerste keer aandag van die onderwysowerhede en die verband tussen leer- en gedragsprobleme word raakgesien. Met die instelling van aanpassingsklasse vir leerlinge van 13 jaar en ouer in 1951, word die eerste daadwerklike pogings met die identifisering van en hulpverlening aan kinders met leerprobleme aangewend. Werklike remediërende onderwys kry eers sedert 1963 met die aanstelling van die eerste twee remediërende onderwyseresse die nodige aandag.

- Reeds in 1916 word daar melding gemaak van spraakgebreke by leerlinge en word asemhalingsoefeninge onder andere vir leerlinge met hakeelprobleme voorgeskryf. In 1933 word ondersoek na gehoorprobleme ingestel, en in 1936 kom die eerste departementeel gesubsidieerde spraakkliniek tot stand. In 1941 word die eerste spraakterapeut aangestel.
- Leipoldt het reeds in 1922 beklemtoon dat gebrekkige huislike omstandighede die oorsaak van verskeie probleme by kinders kan wees. Eers in 1952 het hierdie saak daadwerklike aandag gekry en word die eerste besoekende onderwyser aangestel wat uiteindelik in 1976 tot 'n volwaardige sosiopedagogiese hulpdiens ontwikkel het. Intussen is 'n residensiële skool vir gedragsgereemde leerlinge bepleit. In 1950 word 'n opname van sodanige leerlinge gemaak en in 1952 open die eerste kliniekskool vir gedragsgereemde leerlinge op Loopspruit. Tans bestaan daar vier kliniekskole, met 'n kinderleidingkliniek aan elkeen verbonde.

Die kind met spesifieke leergeremdheid kry op grond van die bekende Murray-verslag van 1968/69 in 1970 aandag. In Januarie 1970 word die eerste eksperimentele hulpklas vir leerlinge met spesifieke leergeremdhede by Sandown Primary School gestig. Die leerlinge vir

hierdie hulpklas is geïdentifiseer op grond van 'n film van die leerlinge se motoriese bewegings wat na dr. Kephart in die V.S.A. vir sy deskundige mening gestuur is.

In Julie 1972 is begin met 'n tweede hulpklas by Laerskool Eendracht. Aan die einde van 1973 word daar verdere uitvoering gegee aan die aanbevelings van die Murray-verslag, deurdat 'n begin gemaak is met die opleiding van onderwyseresse met die oog op onderrig in hulpklasse. In die daaropvolgende jare is etlike ander hulpklasse aan laerskole, waar daar 'n behoefte bestaan het, gestig.

- Leipoldt se ideaal van 'n "kleine kring van spesialisten" om leerlinge met opvoedingsprobleme by te staan, is eers werklik in 1954 verwesenlik met die stigting van ses kinderleidingklinieke. Die kinderleidingklinieke is beman met skoolsielkundiges wat verantwoordelik was vir die identifisering en plasing van leerlinge in spesiale klasse en spesiale skole. Verder is beroepsleiding en pedoterapie onderneem.

In 1966 word die getal kinderleidingklinieke van ses na tien vermeerder, in 1974 na vier-en-twintig, en daarna is daar elke jaar nog ses kinderleidingklinieke gestig, sodat daar in 1976 twee-en-veertig klinieke

bestaan het.

Ten einde organisatoriese en administratiewe sake glad te laat verloop, is Transvaal op 1 Januarie 1975, in soverre dit op die onderwys betrekking het, in ses streke verdeel. By elkeen van die streekskantore is 'n Streeksassistent: Kinderleiding aangestel. Hierdie persoon se taak is om die werk wat by die kinderleidingklinieke gedoen word op sinvolle wyse te koördineer (T.O.D., 1984 (a):102 en 182).

- Gedurende 1982 vind daar 'n herstrukturering van die opvoedkundige hulpdiens plaas (Jooste, 1982:1). Groter differensiasie ten opsigte van die kind se algemeen opvoedkundige behoeftes en spesifieke mediese en psigiese behoeftes is gemaak. Ten einde aan die kind se opvoedkundige behoeftes te voldoen, is vier-en-twintig onderwys hulpsentrums gestig. Die personeel van hierdie sentrums bestaan uit onderwysadviseurs vir opvoedings-, voorligting-, loopbaan-, onderrig- en spraakaangeleenthede. Verder is die kinderleidingklinieke van 42 na 8 verminder. Die personeel van hierdie klinieke word tans verdeel in 'n opvoedkundige en mediese afdeling. Lede van die opvoedkundige afdeling is almal opvoedkundige sielkundiges (T.O.D., 1984 (a):192-193).

- Die benaming van die personeel van die Opvoedkundige Hulpdiens is deur die jare ook van tyd tot tyd verander. Aanvanklik het die personeel bekend bestaan as skoolsielkundiges en assistent-skoolsielkundiges. Gedurende 1976 het die personeel bekend gestaan as ortopedagoë, ortodidaktici, sosiopedagoë, beroepsleiers, spraak- en arbeidsterapeute. Vanaf 1982 is die benaming ortopedagoog amptelik vervang met Onderwysadviseur: Opvoedingsaangeleenthede, die benaming sosiopedagoog met Onderwysadviseur: Voorligting, die benaming ortodidaktikus met Onderwysadviseur: Onderwysaangeleenthede, beroepsleier met Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede en spraakterapeut met Onderwysadviseur: Spraak- en Gehooraangeleenthede (T.O.D., 1984 (a):193).

Uit die bestudering van die historiese ontwikkeling van die Opvoedkundige Hulpdiens, het dit deurgaans geblyk dat hierdie diens ontstaan het uit die geleidelike differensiëring in en individualisering van die onderwys. Saam met die erkenning van die uniekheid van die individuele kind, het 'n besef van die individuele verskille en behoeftes van leerlinge gemanifesteer in die voorsiening van gedifferensieerde onderwys en voorligting in Transvaal (Gerber, 1981:99).

Die ontwikkeling van die Opvoedkundige Hulpdiens kan nie losgedink word van die ontwikkeling van die volgende aspekte van gedifferensieerde onderwys nie:

- * Spesiale onderwys aan verstandelik gestremde leerlinge;
- * beroepsvoorligting en algemene voorligting;
- * onderwys aan gehoor-, gesig- en fisiesgestremde leerlinge;
- * hulpverlening aan leerlinge met spraakgebreke, emosionele en gedragsprobleme;
- * hulpverlening aan leerlinge wat arbeidsterapie nodig het, en
- * remediërende onderwys aan leerlinge met spesifieke leerprobleme.

Die omvattendheid van die taak van die Opvoedkundige Hulpdiens sal blyk uit die verdere bespreking van die werkterrein van die Opvoedkundige Hulpdiens.

3.3 DIE OPVOEDKUNDIGE HULPDIENS AS 'N HULPDIENS AAN OUIERS

Die Opvoedkundige Hulpdiens vorm 'n skakel of knooppunt tussen die onderwysdepartement met al sy fasiliteite

en die ouers, leerlinge en onderwysers (Van Schalkwyk, 1981:200). Hulpverlening nie net aan leerlinge nie maar ook aan die ouers geniet reeds lankal hoë prioriteit, soos blyk uit die feit dat sedert 1952 die eerste besoekende onderwyser in Transvaal aangestel is, wat as opdrag ouerbesoeke en ouerleiding gehad het (Kruger, 1975:1). Tans is daar 32 personeellede wat voltyds verantwoordelik is vir ouerbesoeke en ouerbegeleiding in Transvaal. Hierdie personeel het gedurende 1984 11 218 ouerbesoeke onderneem, aan 3 696 gesinne voorligting gegee, wat in totaal 'n leerlingtal van 6 341 verteenwoordig het (T.O.D., 1984 (b):44).

Die ouers as primêre opvoeders van hulle kinders het kragtens die verbondseis die verantwoordelikheid om hulle kinders tot kosmosbeheersing op te voed (Van der Walt, 1984:1). Hierdie taak word deur die skool voortgesit deur opvoedende onderwys. Dit geskied langs die weg van onderrigleersituasies waartydens en waarbinne die kultuur van die gemeenskap, enersyds oorgedra word na die leerling; andersyds word kognitiewe, affektiewe en psigo-motoriese vaardighede by die leerling tuisgebring (Van der Walt & Postma, 1984:24).

Die skool ontvang 'n kind wat gebonde is aan die ouerlike opvoeding wat hy in sy ouerhuis ontvang het.

In sy skoolervarings sal sy huislike opvoeding weer=kaats word (Joubert, 1976:10). Wanneer 'n leerling op skool 'n besondere noodbelewing verraaï, moet die huis=like milieu in aanmerking geneem word, want skool en huis verkeer in 'n vennootskap, aangesien hulle byme=kaar aansluit en mekaar aanvul in hul gemeenskaplike taak van die opvoeding van die kind (Barnard, 1982 (b):2139).

Die eietydse gekompliseerde samelewing stel op ver=skillende terreine hoë eise aan die ouers waarvan die opvoeding van die kinders 'n belangrike aspek is. Op grond van hul professionele opvoedkundige bevoegd=heid het die totale onderwyspersoneel dan 'n plig en taak ten opsigte van die toerusting van die ouer, sover dit die opvoeding van hul kinders betref (Scholtz, 1974(b):4).

'n Leerling in opvoedkundige- en/of skolastiese nood, beteken 'n gesin in nood. Dit is dan die voorreg en taak van die skool om dialoog met die leerling en gesin te voer, ten einde die nood te verlig (Joubert, 1976:4). Die kind en ouer is verder ook geregtig op die meer gespesialiseerde kennis, vaardighede en tegnieke wat die Opvoedkundige Hulpdiens kan bied (Olivier, s.a.:1)

Uit die aard van die struktuur en werkwyse van die skool is dit geensins 'n kliniese inrigting nie. Die skool se werksaamhede is op opvoedende onderwys afgestem, en die personeel is ook vir daardie doel opgelei. Sodra 'n leerling 'n merkbare afwyking toon, is die skool terdeë bewus van sy ontoereikende insig, gebrekkige diagnostiese tegnieke en pedoterapeutiese hulpmiddele tot sy beskikking, en sal verplig voel om die hulp van kundige pedagogies geskoolde personeel van die Opvoedkundige Hulpdiens in te roep (Joubert, 1976:7).

Die Opvoedkundige Hulpdiens as 'n hulpdiens aan ouers, sal die aard van die nood sowel tuis as op skool in oorweging neem, ten einde 'n omvattende pedagogiese diens aan die skool, kind en ouer te lewer (Joubert, 1976:11).

3.4 DIE STRUKTUUR VAN DIE OPVOEDKUNDIGE HULPDIENS IN TRANSVAAL

3.4.1 Inleiding

Die Opvoedkundige Hulpdiens in Transvaal bestaan uit personeel gevestig by die hoofkantoor, die kindereleidingklinieke en die onderwys hulpsentrums (T.O.D., 1985:1).

3.4.2 Die hoofkantoor

Die personeel by die hoofkantoor is verantwoordelik vir die doeltreffende funksionering en koördinerings van al die werksaamhede van die Opvoedkundige Hulpdiens. Vir dié doel is daar verskillende afdelings. Aan die hoof van elke afdeling of dissipline is daar 'n assistent-hoof wat die werksaamhede van daardie bepaalde dissipline moet beheer, organiseer en kontroleer. Die volgende dissiplines word elk deur 'n assistent-hoof op die hoofkantoor verteenwoordig:

- * Assistent-hoof: Opvoedingsaangeleenthede.
- * Assistent-hoof: Loopbaanaangeleenthede.
- * Assistent-hoof: Voorligting.
- * Assistent-hoof: Onderrigaangeleenthede.
- * Assistent-hoof: Spraak- en Gehooraangeleenthede.

Die Opvoedkundige Hulpdiens as oorkoepelende diensfaktor het sy eie hoof. Hy en die assistent-hoof is gesamentlik verantwoordelik vir die oorhoofse beplanning, koördinerings, organisering en administrering van alle werksaamhede van die onderlinge opvoedkundige hulpdienste.

3.4.3 Kinderleidingklinieke

By elkeen van die agt onderwysstreekkantore bestaan

n kinderleidingklinik. Die personeelvoorsiening aan die kinderleidingklinik word verdeel in:

* n Opvoedkundige afdeling met opvoedkundige sielkundiges vir:

- . ortopedagogiek,
- . ortodidaktiek,
- . kompenserende opvoeding en
- . beroepsleiding.

* n Mediese afdeling met mediese en paramediese personeel, soos:

- . n mediese dokter,
- . n tandarts,
- . verpleegsters,
- . keelspesialiste,
- . spraakterapeute,
- . arbeidsterapeute en
- . maatskaplike werkers.

Die mediese personeel soos die mediese dokter, tandarts en keelspesialis sal op n konsultasiebasis diens by die kinderleidingklinik verrig.

Aan die hoof van elke kinderleidingklinik is daar n hoof en assistent-hoof wat verantwoordelik is vir die toesig, beheer en ordelike verloop van die werksaamhede van die kinderleidingklinik.

Die primêre taak van die personeel by die kinderleidingsklinik is om op 'n multi-professionele wyse hulp aan die kind met opvoedingsprobleme te verskaf (T.O.D., 1984 (a):193).

3.4.4 Onderwys hulpsentrums

Daar is ook 24 onderwys hulpsentrums in Transvaal gestig. Die personeel van die onderwys hulpsentrums werk op 'n geïntegreerde wyse saam met die personeel van die verskillende skole. Die primêre taak van die personeel by die onderwys hulpsentrums is om 'n bydrae te lewer om opvoedingsprobleme by leerlinge te voorkom. In die tweede plek om leerlinge wat opvoedingsprobleme ondervind vroegtydig te help identifiseer sodat sinvolle tydigte hulpverlening gegee kan word (De Necker, 1985:1).

Ten einde hieraan uitvoering te gee, word by elke onderwys hulpsentrum ervare onderwysers en onderwysadviseurs aangestel (Jooste, 1982:1). Hierdie onderwysadviseurs bedien ook verskillende werkterreine of dissiplines. By elke onderwys hulpsentrum is daar 'n:

- * Onderwysadviseur: Opvoedingsaangeleenthede.
- * Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede.
- * Onderwysadviseur: Voorligting.
- * Onderwysadviseur: Spraak- en Gehooraangeleenthede.
- * Onderwysadviseur: Onderrigaangeleenthede.

Ten einde hierdie werksaamhede te beheer, word by elke onderwys hulpsentrum 'n hoof aangestel.

3.4.5 Samevatting

Die struktuur van die Opvoedkundige Hulpdiens in Transvaal word in figuur 3.1 voorgestel. (Sien bladsy 78.)

3.5 DIE WERKTERREIN VAN DIE OPVOEDKUNDIGE HULPDIENS

3.5.1 Inleiding


As deel van die groep onderwys hulpdienste, bied die Opvoedkundige Hulpdiens georganiseerde hulp van buite die skool in die uitvoering van die onderwys taak (Rupert, 1974:105; vgl. par. 2.3.5.5).

Die Opvoedkundige Hulpdiens, as deel van die onderwys hulpdienste, vorm dus 'n integrale deel van die onderwysstelsel. Dit funksioneer nie buite die onderrig en opvoeding om nie, maar juis vanuit die kind se besondere skool-, leer- en gesinsituasie. "Die dienslewering word nie op die onderwys afgedwing nie, maar vloei spontaan daaruit voort" (Olivier, s.a.:1).

FIGUUR 1.3

DIE STRUKTUUR VAN DIE OPVOEDKUNDIGE HULPDIENS IN TRANSVAAL

(T.O.D., 1984 (c):1).



3.5.2 Die werkterrein van die verskillende dissiplines

3.5.2.1 *Inleiding*

Hoewel elkeen van die dissiplines van die Opvoedkundige Hulpdiens 'n selfstandige entiteit met sy besondere funksies en werkwyse is, kan die werkgebiede nie in waterdigte kompartemente van mekaar geskei word nie, omdat daar 'n groot mate van oorvleueling bestaan (T.O.D., 1978:471).

Die primêre taak van elke dissipline is hulpverlening aan die kind, die skool en die ouer, waar van toepassing. Die diens wil hom nie bemoei met elke probleem waarmee die skool te kampe het nie; intendeel, dit bied slegs hulp aan wanneer hoofde van skole en onderwysers die saak nie verder doeltreffend kan hanteer nie (T.O.D., 1978:473).

3.5.2.2 *Die werkterrein van die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede*

Die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede se hulpverlening is hoofsaaklik gekonsentreer op die keusehoogtepunte gedurende die leerling se skoolloopbaan, onder andere:

* skool-, kursus- en enkele vakkeuses van die standerd

5-leerling;

- * finale studierigting, vak en vlak van vakkeuse van die standaard 7-leerling, en
- * naskoolse studierigting en/of beroepskeuse van die skoolverlater (T.O.D., 1980 (a):8).

Die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede gee voorligting en advies aan bogenoemde leerlinge en ouers.

Die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede is ook voortdurend besig met voorligting aan voorligtingonderwysers. Verder lewer hy ten opsigte van gedifferensieerde onderwys 'n bydrae: hy gee leiding aan leerlinge in verband met verantwoordbare onderwys- en beroepskeuse met inagneming van die totale mannekragbehoeftes van die land (T.O.D., 1980 (a):12).

Die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede se hulpverlening geskied aan die hand van individuele beroepsvoorligting aan leerlinge, ouers en onderwysers. Hy is verder verantwoordelik vir die afneem van alle verstands-, aanleg- en belangstellingstoetse van leerlinge waar dit benodig word (T.O.D., 1978:472).

3.5.2.3 *Die onderwysadviseur: Opvoedingsaangeleenthede*

Die Onderwysadviseur: Opvoedingsaangeleenthede se taak is wyd en uiteenlopend. Die kern daarvan is die volledige verkenning en evaluering van die gedragsgeremde leerling se beleweniswêreld en die beplanning van 'n hulpverleningsprogram (T.O.D., 1976 (a):7).

In die uitvoering van sy taak kan die Onderwysadviseur: Opvoedingsaangeleenthede gebruik maak van verslae van die skool, die Onderwysadviseur: Voorligting, die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede, en die spraak- en arbeidsterapeut, ten einde 'n volledige persoonsbeeld van die kind te verkry. Op grond van hierdie persoonsbeeld word beplan hoe die kind verder ondersteun kan word (T.O.D., 1980 (a):17).

Opsommend kan die Onderwysadviseur: Opvoedingsaangeleenthede se taak gesien word as die bepaling van die skolasiese en lewensinstelling van die kind, asook die verband tussen gedragsprobleme, verstandelike vermoëns, affektiwiteit, historisiteit, lewenshouding en toekomstperspektief (T.O.D., 1978:472). Voorts verskaf hy die nodige pedoterapeutiese hulp aan individuele leerlinge in die rekonstruksie van hul leer- en leefwêreld. Verder is hy behulpsaam met die plasing van gedragsgeremde leerlinge aan kliniekskole, en die identifikasie, toetsing en plasing van verstandelik gestremde

leerlinge in spesiale klasse en skole (T.O.D., 1976 (b): 7-12).

3.5.2.4 *Die Onderwysadviseur: Onderrigaangeleenthede*

Die kern van die taak van die Onderwysadviseur: Onder-rigaangeleenthede is ortodidaktiese bemoeienis met die leergeremde kind, en die kind met spesifieke leerge=remdhede. Die Onderwysadviseur: Onderrigaangeleent=hede bemoei hom dus met die kind by wie daar 'n gaping is tussen die leermoontlikhede en die -werklikhede (T.O.D., 1980 (a):14). Hierdie taak behels 'n volledige verkenning en evaluering van die aard, omvang en moont=like gronde van die aanwesige leerprobleme. Pogings word aangewend om 'n volledige persoonsbeeld van die leerling met leerprobleme daar te stel. Hierdie beeld vorm die basis van die ortodidaktiese hulpverlenings=program (T.O.D., 1976 (a):38).

Die Onderwysadviseur: Onderrigaangeleenthede is saam met ander professionele personeel medeverantwoordelik vir die uitkenning van leerlinge met spesifieke leerge=remdhede, en die stigting van hulpklasse vir sodanige leerlinge. Verder word die onderwyser(es) betrokke by hulpklasse bygestaan met advies en leiding (T.O.D., 1980 (a):14).

Samevattend is die taak van die Onderwysadviseur: Onderrigaangeleenthede die uitkenning en toetsing van en hulp aan leerlinge met leergeremdhede. Voorts word leiding aan die skool en die ouers met betrekking tot die herstel en voorkoming van leergeremdhede gegee (T.O.D., 1980 (a):14).

3.5.2.5 *Die Onderwysadviseur: Spraak- en Gehooraangeleenthede*

Afwydings op die gebied van spraak, gehoor en taal kom algemeen voor. Die Onderwysadviseur: Spraak- en Gehooraangeleenthede gee leiding aan ouers en onderwysers in verband met die hantering van hierdie leerlinge. Voorts word terapeutiese behandeling aan leerlinge gegee wat op hierdie gebied probleme ervaar (T.O.D., 1976 (a): 55).

3.5.2.6 *Die taak en bevoegheidsterrein van die Onderwysadviseur: Voorligting*

INLEIDING

Ten einde die wese van die taak en bevoegheidsterrein van die Onderwysadviseur: Voorligting te bespreek, sal daar aan die volgende aspekte aandag gegee word:

- * aansluiting tussen die onderwyspraktyk en maatskaplike werk;
- * verwante praktyke in oorsese lande en ander provinsies van die R.S.A., en
- * 'n meer volledige beskrywing van die werkterrein van die Onderwysadviseur: Voorligting in Transvaal.

AANSLUITING TUSSEN DIE OPVOEDINGSTAAK EN MAATSKAPLIKE WERK

* Inleiding

Ontoereikende ouerlike opvoeding is dikwels die grondoorsaak van leer- en gedragsprobleme. Botha (1974:133) wys verder daarop dat daar veel meer opvoedkundig sorgbehoewende kinders in die samelewing is, as wat die Kinderwet as sorgbehoewend klassifiseer. "Geestelike verwaarloosing" waarvoor die Kinderwet voorsiening maak, moet deur konkrete feitlikhede soos kindermishandeling of misdadige gedrag bewys word. Opvoedkundige sorgbehoewendheid kan egter dikwels nie deur hierdie feitlikhede bewys word nie. Hierby sluit Van Eeden (1979:41) aan as hy beweer dat die afwesigheid van sinvolle opvoedingstrukture 'n betekenisvolle norm in die besluit ten aansien van sorgbehoewendheid behoort te wees.

* Pedagogies-maatskaplike probleme as werkterrein van die Onderwysadviseur: Voorligting en maatskaplike werker

Die volgende pedagogies-maatskaplike probleemvelde is die gesamentlike werkterrein van die maatskaplike werker en die Onderwysadviseur: Voorligting:

- . n Onjuiste opvoedingsverhouding van die ouers, soos disharmonieuse huweliksverhouding, gesagloosheid, afwysing en verwerping van die kinders.
- . Gesinsonvolledigheid.
- . Wangenormeerdheid of normloosheid soos drankmisbruik, buite-egtelikheid, mishandeling, kinderverwaarloosing, die gebruik van dwelmmiddels.
- . Die milieugestremde kind wat blootgestel is aan swak sosio-ekonomiese omstandighede wat gepaard gaan met normloosheid (Pretorius, 1976:15-53).

Samewerking tussen n pedagoog (Onderwysadviseur: Voorligting) en n maatskaplike werker, word deur Pedley (1967:19) aanbeveel terwyl ander navorsers soos Van Eeden (1979:42), Craft (1967:147) en Hancock (1982:13) meen dat dié samewerking noodsaaklik is in n hulpverleningsprogram.

* Die verwante praktyke in oorsese lande en die onderwysdepartemente van Kaapland, O.V.S. en Natal

Dit blyk dat in die meeste oorsese lande 'n soortgelyke pos of poste geskep is as wat die Onderwysadviseur: Voorligting in die skole van die T.O.D. verrig.

In lande, soos Engeland en die V.S.A., het die behoefte aan samewerking en begrip tussen huis en skool gelei tot die daarstelling van 'n "home and school visitor" (Hancock, 1982:6). Aanvanklik is 'n onderwyser met die taak van huisbesoek, en wat as skakelpersoon tussen gesin en skool moes dien, gebruik (Craft, 1967:146). Faktore soos skoolpligversuim, kindermishandeling, werklooshed en dwelmmisbruik het egter verdere spesialisasie genoodsaak, sodat opgeleide maatskaplike werkers uiteindelik aangestel is (Lyons, 1973:1-3). In lande soos Duitsland en Switserland word skoolmaatskaplike werkers spesiaal opgelei deur 'n gekombineerde kursus in die opvoedkunde en maatskaplike werk (Joubert, 1976:79-80).

In lande soos Engeland en Nederland word die skool se belangrikste opvoedingstaak gesien as die sosialisering van die kind in die gemeenskap. Die skool het dus die taak om die kind op te lei om "aan te pas" en in te skakel by die gemeenskap (Lyons, 1973:5-6). Hierdie skoolsiening noodsaak dus die benutting van

maatskaplike werkers ter ondersteuning van die skool se sosialiseringstaak.

In Engeland vul die werk van die "School Welfare Officer" die "School Social Worker" en die "Teacher Social Worker" mekaar aan (Craft, 1967:148 en Pedley, 1967:19). Die "School Social Worker" verrig maatskaplike gevallestudies, terwyl die "School Welfare Officer" meer die taak van 'n skoolbesoekbeampte het om ongereeelde skoolbesoek te bekamp. Die taak van die "Teacher Social Worker" is tuisbesoek, ten einde probleme vroegtydig te identifiseer en dan na die skoolmaatskaplike werker te verwys (Pedley, 1967:19).

In Nederland is die taak van die skoolmaatskaplike werker gerig op die sistematiese ondersoek van sosiale faktore binne en buite die skool, en die negatiewe invloed wat dit op die gedrag en leervermoë van die kind het. Verder word 'n verslag opgestel en bepaalde aanbevelings gemaak wat dan in samewerking met die skoolpsigoloog uitgevoer word (Joubert, 1976: 78-79).

In die V.S.A. word eweneens van die dienste van skoolmaatskaplike werkers gebruik gemaak (Hancock, 1982:5). In sommige skole is daar selfs 'n gekwalifiseerde maatskaplike werker op die personeel van

die skool aangestel (Hancock, 1982:16).

Die onderwysdepartemente van Natal, O.V.S. en die Kaapprovinsie maak ook op verskillende wyses voorsiening vir sosiopedagogiese dienste. In Natal bestaan daar kinderleidingklinieke met remediërende sentrums waar daar ook vir 'n sosiopedagoog voorsiening gemaak is. In die Vrystaat is daar sosiopedagoë aan bepaalde kinderleidingklinieke en die onderwysdepartement van die Kaapprovinsie beskik oor onderwysersielkundiges en skoolsielkundiges wat die pedagogies-maatskaplike taak aan die skole en kinderleidingklinieke verrig (Gerber, 1981:173 en 183; Joubert, 1976:28; Marais, 1981:21).

* Samevatting

Uit die voorafgaande het dit geblyk dat die taak van die Onderwysadviseur: Voorligting 'n aansluiting is tussen die opvoedingspraktyk en maatskaplike werk. Dit blyk verder dat in die meeste Europese lande soos Engeland, Duitsland, Nederland, Switserland, Skotland en die Verenigde State van Amerika, op een of ander wyse voorsiening gemaak word vir 'n persoon om hierdie taak uit te voer. In der waarheid blyk dit dat die skool ook 'n belangrike maatskaplik-opvoedkundige taak het. Vervolgens sal aandag gegee word aan die

wyse hoe hierdie taak in die skole van die T.O.D. uitgevoer word.

DIE ARBEIDSVELD VAN DIE ONDERWYSADVISEUR: VOORLIGTING IN DIE SKOLE VAN DIE T.O.D.

- * Die kern van die uiteenlopende taak van die Onderwys=adviseur: Voorligting is ouerbegeleiding wat ener= syds altyd in verband staan met 'n versteurde ouer-kind= verhouding, as gevolg waarvan die kind gedraginge toon wat as gedragsgeremd bestempel kan word, of ten minste as opvoedingsnood of pedagogiese ontsporing. Ander= syds is dit daarop gemik om die ouers te steun en te begelei om gemelde verhoudinge en/of wanbegrip op te hef vir sover dit ophefbaar is òf om dit minstens te verlig (T.O.D., 1978:470 par. 38.3.4).
- * Die werkterrein van die Onderwysadviseur: Voorligting behels kennis oor en die hantering van die wissel= werking tussen die opvoedingswerklikheid en sosiale werklikheid (T.O.D., 1977 (a):1). Die fokuspunt is hoe opvoeding voltrek word binne die gesin en die invloed wat uitgaan vanaf die gesinslede, die skool en die samelewing op die kind, en hoedanig die kind dit belewe (T.O.D., 1978:2).

Die bydrae van die Onderwysadviseur: Voorligting is

dus veral daarop gemik om ouers wat as opvoeders faal te ondersteun en te begelei (T.O.D., 1980 (b):2). Voorligting en daadwerlike steun word gegee met die oog op die herstrukturering van die opvoedingsbe-moeienis van die ouers. Hierdie benadering het meege-bring dat die taak van die Onderwysadviseur: Voorlig-ting grootliks afgestem is op hulpverlening aan gesinne waar reeds opvoedkundige nood bestaan.

- * Sinvolle ouerbegeleiding is gerig op die opheffing of verligting van opvoedingsbelemmerende faktore. Ouerbe-geleiding in skole van die T.O.D. word onderneem ten opsigte van alle kinders wat in kliniekskole of kos-huise geplaas is òf ten opsigte van leerlinge waar-voor die skool spesifiek vir ouerbegeleiding gevra het (T.O.D., 1976 (a):21).

Die ouerbegeleidingsprogram behels begeleidende kontak. Gereelde ontmoetings vind oor 'n bepaalde periode met die gesin plaas. Tydens hierdie besoeke moet 'n vertrouensverhouding tussen die ouers en die Onder-wysadviseur: Voorligting gestig word en behoort die ouers oor die volgende sake ingelig te word:

- . insig ten opsigte van die opvoedingsprobleem;
- . insig oor die opvoedingsverhouding in die gesin;

- . kennis oor die besondere omstandighede waarin die gesin verkeer, soos byvoorbeeld die finansiële posisie van die gesin, en
- . insig oor die wyse waarop opvoedingskommunikasie kan geskied.

Ten einde bogenoemde doelstellings te bereik, word tydens die besoeke gewoonlik een van die volgende gespreksvorme gebruik:

- . Voorliggende gesprekke: Tydens hierdie gesprekke beoog die Onderwysadviseur: Voorligting om die ouer tot insig te bring van byvoorbeeld die opvoedkundige behoeftes van 'n kind in sy/haar onderskeie ontwikkelingsfases.
- . Adviserende gesprekke: Tydens hierdie gesprekke word praktiese advies aan die ouers gegee. Die Onderwysadviseur: Voorligting kan byvoorbeeld die ouers adviseer om die kind in 'n ander skool of koshuis te plaas.
- . Bemiddelende gesprekke: Dit vind plaas om konfliktsituasies tussen ouers en kinders, kinders en onderwysers of tussen ouers en die skool op te los.
- . Verwysende gesprekke: Hierdie gesprekke vind plaas wanneer die Onderwysadviseur: Voorligting die ouers

aanmoedig om by ander professionele persone soos maatskaplike werkers en kliniese sielkundiges hulp te soek.

Overbegeleiding is egter nie voorskriftelik aan die ouers oor die wyse van hulle kinderopvoeding nie; maar is simpatieke voorligting, advies en bemiddeling asook steungewing om die daarstellings van 'n gewenste opvoedingsmilieu te bereik (T.O.D., 1974:1). Dit beteken dat aan die ouers die norm voorgehou word hoe opvoeding in die gesin behoort te geskied sodat kinders volledig daarby kan baat (T.O.D., 1979 (a):1).

DIE PLIGTE VAN DIE ONDERWYSADVISEUR: VOORLIGTING IN TRANSVAAL

* Primêre pligte van die Onderwysadviseur: Voorligting

. Die gesinsbesoek

Die fokuspunt van die Onderwysadviseur: Voorligting se taak is die gesin as primêre opvoedingsituasie (T.O.D., 1979 (b):4). Dit is dus nodig dat hy na die gesin waar opvoedingsnood bestaan sal gaan ten einde ondersoek in te stel hoedanig opvoeding in die bepaalde gesin geskied. Sy ondersoek moet hom lei tot die identifisering van die opvoedingsnood ten einde sinvolle leiding aan die ouers en kinders

te gee (T.O.D., 1976 (a):21). Hy evalueer die fundamenteel-pedagogiese struktuur van die gesin. Só word opvoedingsbelemmerende faktore van die gesin oopgevelek en 'n hulpverleningsprogram opgestel (T.O.D., 1974:1).

. Tydelike verwydering van leerlinge uit die gesin=
situasie

Dikwels gebeur dit dat deel van die hulpverlenings=
program tydelike verwydering van die kind uit die
gesin behels. Aan die hand van die neergelegde
kriteria, moet die Onderwysadviseur: Voorligting in
samenwerking met die Onderwysadviseur: Opvoedingsaan=
geleenthede bepaal of dit wenslik sal wees om die
kind uit die gesin te verwyder al dan nie (T.O.D.,
1980 (b):2). Tydelike verwydering van kinders be=
hels gewoonlik òf terapeutiese koshuisplasings òf
kliniekskoolplasings (T.O.D., 1980 (b):3-4).

. Hantering van swanger dogters

Dit is departementele beleid dat dogters wat medies
bewys lewer van swangerskap van skoolplig vryge=
stel word en op meriete om hertoelating aansoek
mag doen (T.O.D., 1976 (b):1).

Dit word van die skoolhoof verwag om gevalle van

swanger dogters dadelik aan te meld. Die taak van die Onderwysadviseur: Voorligting behels in hierdie geval die volgende:

- ° Onmiddellike verwysing van die dogter deur 'n gesinsorganisasie na 'n tydelike inrigting.
- ° Hulp aan die dogter met die verwerking van die probleemsituasie, met die oog op die welsyn van dogter, ouers en die ongebore kind.
- ° Ouervoorligting om die ouers se gesindheid teenoor die bystand aan die dogter langs konstruktiewe kanale te voer.
- ° Na die geboorte en moontlike anonieme aanneming van die baba moet die ouers skriftelik om her-toelating van die dogter tot 'n geskikte skool aansoek doen. Die Onderwysadviseur: Voorligting sal saam met kollegas in hierdie verband ook 'n ondersoek doen en in 'n samevattende verslag 'n gemotiveerde aanbeveling by die departement indien (T.O.D., 1980 (b):13).

. Skorsing en kommittering

Dit is departementele voorskrif dat alvorens 'n hoof oorgaan tot skorsing van 'n leerling die Onderwysadviseur: Voorligting eers die geleentheid moet

kry om die nodige ondersoek in te stel, ouervoorligting te gee en/of alternatiewe aanbevelings te maak, byvoorbeeld 'n koshuisplasing by 'n buurskool of 'n kliniekskoolplasing (T.O.D., 1980 (b):13).

Wanneer 'n leerling herhaaldelik wangedrag of misdadige neigings toon, kan die Onderwysadviseur: Voorligting só 'n leerling by die Departement van Gesondheid en Welsyn of 'n ander gesinsorgorganisasie soos die Christelike Maatskaplike Raad aanmeld. Die Departement van Gesondheid en Welsyn of betrokke gesinsorgorganisasie sal deur 'n maatskaplike werker kinderhofverrigtinge aanvra. Indien die kinderhofsorgbehoewendheid bewys, sal die Kommissaris van Kindersorg die betrokke leerling dan verwys na 'n kindersorgskool (T.O.D., 1980 (b):14).

. Hantering van leerlinge wat stokkiesdraai

Die Onderwysadviseur: Voorligting het ook 'n taak ten opsigte van die leerlinge wat stokkiesdraai. Gevalle waar die skoolbesoekbeampte nie geregtelike stappe oorweeg nie, moet ook by die onderwys hulpsentrum deur die betrokke skool aangemeld word. (T.O.D., 1978:481).

. Nasorg

Nasorg aan leerlinge en ouers van leerlinge wat n kliniekskool bywoon en/of voorwaardelik teruggeplaas is aan n skool vanaf die kliniekskool of gedeklassifiseer is en nie meer skoolpligtig is nie en die arbeidsmark betree, is die taak van die Onderwysadviseur: Voorligting (T.O.D., 1976 (c): 22).

Nasorg behels voorligting aan die ouers om die gesinsopset ontvanklik te maak vir die terugkering van n verwyderde leerling en hulpverlening ten opsigte van werksplasing en huisvesting van die leerling (T.O.D., 1977 (b):2).

. Verslae

Die Onderwysadviseur: Voorligting moet die volgende verslae opstel:

- ° n Sosiopedagogiese verslag na n besoek by die ouerhuis van die kind.
- ° n Ouerbegeleidingsverslag wat periodiek opgestel word ten opsigte van alle leerlinge wat aan kliniekskole en koshuise geplaas is.
- ° n Nasorgverslag wat aan die einde van Maart vir drie agtereenvolgende jare na deklassifisering

by die hoofkantoor van die Opvoedkundige Hulpdiens ingedien moet word (T.O.D., 1976 (c):22-23).

. Skakeling met buite-instansies

Die Onderwysadviseur: Voorligting skakel hoofsaaklik met die volgende instansies: skoolhoofde, departementshoofde, leerlinge, ouers, superintendente van onderwys (kring en streek), die Departement van Gesondheid, Welsyn en Pensioene, ander gesinsondersteuningsliggame, die Suid-Afrikaanse polisie en met verskillende werkgewende en opleidingsinstansies (T.O.D., 1983:1-14). Hierdie skakeling is daarop gerig om probleemgevalle te hanteer en om 'n beter skakeling tussen die sosiale en opvoedkundige milieus te bewerkstellig.

* Sekondêre funksies

Die Onderwysadviseur: Voorligting het die volgende sekondêre funksies:

- . Die eerste terapeutiese verwydering van 'n leerling na 'n kliniekskool of koshuis dit wil sê die fisiese wegbring van die leerling.
- . Tref van vervoerreëlings vir langnaweke en vakansies vir kliniekskoolleerlinge.
- . Die maak van aanbevelings ten opsigte van voorwaardelike uitplasings of deklassifisering van kliniekskoolleerlinge.

- . Lewer toesprake aan groepe ouers, onderwysers of leerlinge oor sake rakende opvoedende onderwys (T.O.D., 1977 (c):2-3).

3.6 SLOT

In hierdie hoofstuk is gepoog om h oorsig te gee van onderwysuitvoering en veral hoedat dit deur h stelsel van onderwys hulpdienste, by name die Opvoedkundige Hulpdiens, in besonder realiseer. Daar is gelet op die uitvoering van onderwys deur die Opvoedkundige Hulpdiens soos dit in Transvaal georganiseer is. In die besonder is gelet op die arbeidsveld van die Onderwysadviseur: Voorligting. In die bespreking van sy taak het dit geblyk dat hierdie arbeidsveld dinamies en uiteenlopend van aard is. Ouerbegeleiding en skakeling met die ouer, kind en skool, blyk die fokuspunte van die arbeidsveld te wees.

Samevattend kan volstaan word deur op hierdie stadium daarop te wys dat eise aan die moderne onderwysstelsel en aan die Opvoedkundige Hulpdiens ook die taak van die Onderwysadviseur: Voorligting in die nabye toekoms sal raak. Die hoë prioriteit wat tans aan voorkoming van opvoedingsprobleme verleen word, en die eis aan die Opvoedkundige Hulpdiens om hierdie voorkomingsdiens ten opsigte van gedragsprobleme by leerlinge te lewer,

sal ook aanpassings ten opsigte van die taak van die Onderwysadviseur: Voorligting vereis. Ten einde 'n pedagogiese verantwoordbare diens aan ouers te lewer, en voorkoming te bewerkstellig, sal bepaalde wyses van ouervoorligting en -leiding beplan moet word.

HOOFSTUK 4

GESTRUKTUREERDE OUERBETROKKENHEID

4.1 INLEIDING

In die voorafgaande hoofstukke is veral gelet op die struktuur van 'n onderwysstelsel. Besondere klem is gelei op die vervlegtingstruktuur van die onderwysstelsel. In hierdie verband is daar gelet op die rol van die volgende gemeenskapstrukture: die staat, die gesin en die kerk. Daar is veral gelet op die uitvoering van onderwys binne die onderwysstelsel. In hierdie verband is gelet op die stelsel van onderwys hulpdienste. Daar is gelet op die taak van die Opvoedkundige Hulpdienste, en die taak van die Onderwysadviseur: Voorligting is uitgelig.

In hierdie onderhawige hoofstuk gaan die noodsaaklikheid van ouerbetrokkenheid by die skoolopvoeding van die kind ondersoek word. Die aard en die voorwaardes van die gesin-skoolverhouding sal uitgelig word. Verder sal gekyk word na bestaande strukture wat ouerbetrokkenheid bemoontlik en ten slotte sal ondersoek ingestel word na die kundighede wat die ouergemeenskap bemoedig om sinvol by die onderwys van hulle kinders betrokke te raak.

4.2 DIE REDES VIR DIE OUERS SE BETROKKENHEID BY BLANKE ONDERWYS IN DIE R.S.A.

4.2.1 Ouerbetrokkenheid op grond van die Christelik- nasionale lewensbeskouing

Die Blanke substelsel van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel is gegrond op die tradisionele Protestants-Christelike lewensfilosofie naamlik die Christelik-nasionale lewensbeskouing (Barnard, 1979:1). Kragtens hierdie lewensbeskouing het die ouers as primêre opvoeders seggenskap oor die gees en rigting van skoolopvoeding. Dit geskied by wyse van verkose of benoemde overliggame (Van der Walt en Postma, 1984:25).

Kragtens die reformatoriese opvoedkundige denke staan ouergesag en opvoedingsplig onder die gesag van die Bybel (Van Schalkwyk, 1983:38). Die taak van die ouers, wat deur Goddelike gesag beklee word, is om die kind voor te berei vir die skoolopvoeding en verdere lewe (Eloff, 1983:3). Dit impliseer dat die kind volwassenheid moet bereik om sy roeping te vervul deur tot eer van God te lewe (Schutte, 1982:199).

Die Christenouer is ook onder die verpligting van die doopbelofte waarin die ouers onderneem om hul kinders in die Christelike leer te onderrig en te laat onderrig. Die ouer se primêre verantwoordelikheid in

bogemelde verband is om die kind so toe te rus dat hy in gehoorsaamheid antwoord kan gee op die roeping tot die koninkryk van God. Die ouer is eintlik instrument in die hand van God wat die kind moet toerus om 'n antwoord van geloof te gee (Van der Walt, 1980:91).

4.2.2 Ouerbetrokkenheid as historiese werklikheid in die onderwysgeskiedenis van die R.S.A.

* Inleiding

Soos aangedui, berus die beginsel van ouerbetrokkenheid by die onderwys op die Christelik-nasionale lewensbeskouing. Daarom is dit belangrik om die verloop en konkretisering van ouerbetrokkenheid volgens die reformatoriese uitgangspunte in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel na te speur.

In hierdie verband sal daar eers gelet word op die ouerlike aandeel in die onderwys gedurende die Kaapse tydperk. Die onderwysgeskiedenis, veral in die tydperk 1652 tot 1839, het in 'n groot mate ook die onderwysontwikkeling in Transvaal bepaal (Barnard, 1979:1). Voorts sal die wyses van ouerbetrokkenheid by die onderwys in Transvaal histories belig word.

* Ouerdeelbetrokkenheid by die onderwys in die Kaapkolonie, 1652-1839

Die Nederlanders wat in 1652 'n verversingspos gestig het, het die gereformeerde staatskoolgedagte aan die Kaap geplant (Van der Walt & Postma, 1984:32). Ouerdeelname was gegrond op die lewensbeskoulike uitgangspunte van die nedersetters. Die primêre doel van die onderwys was om die kind voor te berei vir die aflegging van geloofsbelydenis (Barnard, 1979:3).

Ouerdeelname aan die onderwys het ten doel die aflegging van geloofsbelydenis, wat gegrond was op die ouers se doopbelofte. Daarom het die kerk ook 'n besondere bydrae tot die onderwys in die beginjare gelewer (Steyn, 1980:26-27).

Met die bewindsaanvaarding van De Mist, as Kommissaris tydens die Bataafse Bewind het hy gebreek met die onderwystradisie van die eerste 150 jaar. Die onderwysdoel was nie meer belydenisaflegging nie, maar die vorming van goeie burgers (Snyman, 1976:38). Die Skoolorde wat De Mist in 1804 uitgevaardig het, het die aandeel van die staat in die onderwys erken, terwyl die direkte aandeel van die kerk en die ouers misken is (Steyn, 1980:35).

Met die koms van Somerset na die Kaap tydens die tweede Britse besetting, is doelgerig gepoog om die Kaap te verengels (Barnard, 1979:24). Vrye Engelse skole is gestig en onderwysers is uit Engeland ingevoer. Ouerdeelname is totaal oor die hoof gesien. Die uitgangspunt was dat die staat die skool stig, die onderwysers betaal en ook die gees en rigting van die skool bepaal (Snyman, 1976:39). Ouerreg is totaal geïgnoreer en onderwysbeheer is onder staatsbeheer gesentraliseer (Steyn, 1980:48).

Aanvanklik het baie kinders die Engelse skole besoek, dog die koloniste het weldra in verset gekom teen die verengelsing van taal en kultuur. Spoedig is privaatskole op inisiatief van die ouers gestig waarna die tradisionele reformatoriese beginsels in die onderwys weer vooropgestel is (Snyman, 1976:39).

Die regeringsmemorandum van 1839 het gelei tot die totstandkoming van 'n Onderwysdepartement met James-Rose Innes as Superintendent-Generaal van Onderwys (Barnard, 1979:27). Dit blyk dat teen die einde van 1839 die Kaapkolonie oor 'n verskeidenheid skole beskik het. Die oueraandeel was beperk as gevolg van staatsbeheer en onkunde by verkose ouerkomitees (Barnard, 1979:28).

* Die aandeel van die ouers in die onderwysontwikkeling in Transvaal sedert 1838

INLEIDING

Tydens die Groot Trek en die vestigingsjare in Transvaal is die onderwys nooit verwaarloos nie. Ouers het hul onderwysverantwoordelikheid nagekom deur of self onderrig aan hul kinders te gee of deur middel van privaatonderwysers wat in diens van die ouers was (Steyn, 1980:85).

DIE BEGIN VAN GEORGANISEERDE ONDERWYS EN ONDERWYSBEHEER IN TRANSVAAL 1852 - 1865

Gedurende hierdie tydperk is die eerste onderwyswetgewing uitgevaardig. Die Van der Linden-reglement het onderwysbeheer inderdaad onder die beheer van die kerkraad geplaas. Die Van der Hoff-onderwysreglement het die kerk nog groter beheer oor die onderwys gebied. Vanaf 1859 met die finale goedkeuring van die Grondwet van die Z.A.R. het die staat weer 'n groter aandeel in onderwysbeheer ontvang en is werklike ouerdeelname inderdaad uitgeskakel, aangesien skoolkomitees deur die regering aangestel is (Steyn, 1980:86-92). Alhoewel die regeringstyd van Burgers vanaf 1872 onmin en verdeeldheid onder die bevolking gebring het (Barnard, 1979:46), het die Burgerswet

werklike ouerseggenskap moontlik gemaak, deurdat die skoolkomitees deur die plaaslike gemeenskap verkies is (Steyn, 1980:107).

Die stelsel van ouerlike beheer in die Z.A.R. tussen 1853 en 1877 moet volgens Hattingh (1975:42) beoordeel word in die lig van die destydse sosio-ekonomiese toestand en die verdeeldheid op politieke en kerklike gebied. Daarbenewens was daar 'n gebrek aan kennis, ervaring en samewerking tussen ouers, kerk en staat.

OUERAANDEEL IN DIE ONDERWYS VANAF 1882 - 1899

Gedurende hierdie tydperk het persone soos S.J. du Toit 1882 - 1887, H. Stiemens 1888 - 1891 en Mansvelt 1891 - 1899 diep spore in die onderwysontwikkeling in Transvaal getrap (Barnard, 1979:69-79). Du Toit het in Wet 1 van 1882 erkenning verleen aan ouerdeelname, dog die gees en rigting van die onderwys is deur die staat bepaal (Steyn, 1980:158).

Stiemens het voortgebou op die onderwysbeskouinge van sy voorganger, dog die onderwyswet van Mansvelt (1892) het die plek van die ouer, kerk en staat volledig in perspektief geplaas. Hierdie wetgewing het selfs ouerverantwoordelikheid afdwingbaar gemaak, deurdat ouer- en staatstoelaes in verhouding met mekaar gebring is (Snyman, 1976:46).

OORLOG EN KROONKOLONIALE BESTUUR 1899 - 1905

Gedurende die Anglo Boere-oorlog 1899 - 1902 en daarna tot 1905 is veral, deur middel van die Onderwys=ordonnansie 7 van 1903 die beleid van verengelsing voortgesit. Ouerseggenskap is ontken en van die reformatoriese beginsels was daar nie sprake nie (Snyman, 1976:47). Hieroor was die Afrikaners bitter ontevrede. Die magte van skoolkomitees is deur middel van die Selborne-memorandum uitgebrei sodat dit as 'n adviserende liggaam ten opsigte van die verbetering en vergroting van die skoolgebou en terrein, kon funksioneer (Barnard, 1979:105).

DIE CNO-BEWEGING (1900 - 1906)

Weens die ontwrigting van die oorlog het die "Vriendenkring" ter ondersteuning van noodlydende onderwysers ontstaan. In 1902 het die organisasie tot 'n breër kommissie, naamlik die "Algemene Kommissie tot behartiging van die Christelike Nasionale Onderwys" oorgegaan (Barnard, 1979:109).

Die beweging sou die stryd vir onderwys na die gees en aard van die ou Republikeinse onderwyswette voortsit en in 1903 begin die stryd om "Vrye Christelike Nasionale Skole" (Coetzee, 1941:95). Volgens Snyman (1976:47-48) het die stryd ontstaan omdat die Engelse

regering die Hollandse taal verontagsaam het, die neutrale godsdiensonderwys ingestel en ouerseggenskap verontagsaam het.

Die beweging vir CNO het van krag tot krag gegaan en uiteindelik is feitlik 'n eie selfstandige onderwysstelsel naas die openbare stelsel daargestel. 'n Reglement van tien artikels het die onderwys aan die skole gereël en uit vrees dat die CNO die openbare onderwys sou verdring, het die Engelse regering spoedig aan toegewings begin dink (Coetzee, 1941:92-96).

In 1906 kry Transvaal selfbestuur. Generaal J.C. Smuts het Minister van Onderwys geword en hy het die land in die begin van 1907 deurreis en die mense belowe dat die nuwe regeringskole hulle alles sou gee wat hulle wou hê en deur die CNO-beweging wou verkry (Snyman, 1976:48).

As gevolg van die verwagtings wat so gewek is en ook as gevolg van die geweldige finansiële las het die CNO-skole begin kwyn en is langsaam deur die staat oorgeneem (Snyman, 1976:48). Die CNO-beweging het later geëindig, dog die CNO-ideaal het by die Afrikaner bly voortleef en is in gewysigde vorm in Wet 39 van 1967 opgeneem (Barnard, 1979:118).

OVERBETROKKENHEID IN DIE TYDPERK 1906 - 1910

Met die aanvang van selfbestuur in 1907 sou die Smuts-wet 'n belangrike grondslag lê vir latere onderwysontwikkeling (Snyman, 1976:48). Smuts het die onderwysverantwoordelikheid gesien as 'n taak van die staat. Verteenwoordigende oerliggame kon slegs 'n baie beperkte mag uitoefen (Van Staden, 1974:30).

★ Slotson

Uit die bespreking het dit duidelik geword dat die beginsel van oerbetrokkenheid by die onderwys histories gefundeerd is. In die geskiedenis van die onderwysontwikkeling in die Republiek van Suid-Afrika het dit ook geblyk dat die beginsel van oerbetrokkenheid by die onderwys hoofsaaklik gehuldig word deur die Christelik-nasionale lewensbeskouing. Hierdie lewensbeskouing word veral onder die Afrikaners gehuldig.

Uit die historiese oorsig blyk twee sake duidelik. Eerstens dat oerseggenskap in die onderwys van die vroegste tye af kragtens hul lewensopvatting uitgaan het van die standpunt dat ouers deur verteenwoordigende besture seggenskap in die onderwys wou hê. Tweedens het die ouer kragtens die doopbelofte 'n verantwoordelik en Godgegewe opdrag om toe te sien dat die kinders aan hul toevertrou in "die leer" onderrig word.

4.2.3 Die reg van ouerbetrokkenheid by die onderwys kragtens juridiese gesag

* Inleiding

Benewens die lewensbeskoulke en historiese redes, berus die ouers se betrokkenheid in die onderwys op die feit dat hulle die ouers van die kinders is (Kruger, 1985:5). Kragtens sekere regsbeginsele en regsbepalinge beskik die ouer oor bepaalde regte, ten opsigte van die opvoeding van hul kinders (Van Wyk, 1981:111).

* Die aard, omvang en juridiese grondslag van ouerlike gesag

Volgens die Romeins-Hollandse reg spruit die reg en verantwoordelikheid van die ouer voort uit die reg wat die ouer van nature oor sy kind besit, nie uit 'n wet wat dit gebied nie (Van Schalkwyk, 1983:41).

Kragtens die Suid-Afrikaanse persone- en familiereg berus ouergesag op die bevoegdheid om in die eerste plek regsbevoeg te wees uit hoofde van die oueramp. Uit hoofde van die oueramp beklee die ouer sekere regte en verpligtinge ten opsigte van versorging en opvoeding (Van der Vyfer en Joubert, 1980:515).

In die tweede plek kan die ouer 'n juridiese handeling verrig ten opsigte van die opvoeding en versorging van die kind, dit wil sê 'n regmatige handeling in ooreenstemming met die voorskrifte van die reg of 'n onregmatige handeling wat in stryd is met die voorskrifte van die reg (Van der Vyfer en Joubert, 1980:4-5).

Kragtens die gemene reg het ouergesag betrekking op:

- . die persoon van die kind,
- . die boedel van die kind,
- . die regshandeling van die kind en
- . die benoeming van voogde (Van Wyk, 1981:112).

Volgens die gemene reg behels ouergesag met betrekking tot die persoon van die kind, die volgende:

- . die plig om huisvesting te voorsien,
- . die plig om voedsel, kleding en geneeskundige hulp te voorsien,
- . die opvoedingsplig en
- . die plig om die kind te beskerm (Van Wyk, 1981:113).

Gemeenregtelike en statutêre bepalings ten opsigte van die ouer se opvoedingsplig behels:

- . Die skoling van die kind op verskeie terreine met die doel om die kind geestelik, moreel en kultureel

vir die volwasse rol voor te berei (Van der Vyfer en Joubert, 1980:522).

- . Die ontwikkeling van die kind se liggaam en die aanleer van goeie gewoontes in die verband.
- . Die vorming van die kind se karakter.
- . Die ontwikkeling van die kind se verstand. Dit vereis dat die ouer die owerheid se bepalings ten opsigte van skoolplig moet nakom.
- . Die godsdienstige onderrig van die kind.
- . Die kulturele vorming van die kind (Van Wyk, 1981: 113).
- . Ten einde die opvoedingsplig doeltreffend te voer het die ouer ook die reg om matig te straf. Die tugbevoegdheid stel die ouer in staat om die kind tot gehoorsaamheid te dwing (Van Wyk, 1981:114).

* Samevatting

Uit bovermelde is dit duidelik dat die ouer die bevoegdheid besit om die verskillende aspekte van die kind se opvoeding te reël. Ouers kan besluit oor

sake soos watter skool die kind moet bywoon, die soort opleiding wat die kind moet ontvang, die metode wat aangewend word om die kind op te voed, die kerk wat die kind moet besoek en die godsdiensonderrig wat die kind moet ontvang (Van Wyk, 1981:113).

Die vraag ontstaan of die landswette en ordonnansies in verband met die regte van die ouer met betrekking tot die skoolopvoeding van die kind reg laat geskied aan die ouer se gemenereg (Van Schalkwyk, 1983:42-43).

4.2.4 Die gesinsaad vereis betrokkenheid by die skool=opvoeding van die kind

Die ouer is die eerste of die primêre opvoeder. Daar= mee word bedoel dat die kind deur die liefde van die ouers uit die liggaam van die ouers gebore word (Van der Walt, 1983:25). Die ouerhuis of die gesin ontstaan dus uit die huwelik. Dit het twee basiese oriënteringspunte, naamlik daar bestaan 'n band van trou en 'n band van bloed (Hart, 1976:3). Dit is dus 'n intieme lewens= en leefgemeenskap wat deur God self ingestel is, waar= in die ouers opvoedingsregte en opvoedingsverantwoorde= likhede ten opsigte van die kinders aanvaar. Op grond daarvan het hulle ook seggenskap oor die kind se opvoeding (Van Schalkwyk, 1983:28).

Die huis is die primêre samelewingsverband. Alle sekondêre samelewingsverbande vloei uit die gesin voort en enige verband wat los gemaak wil wees van die gesin, skep valse waardes en norme (Niemann, 1985:56). Dit is ook te betwyfel of die basiese funksies van die gesin, genoegsaam deur 'n verdienstelike onderwyser of enige ander gemeenskapstruktuur uitgevoer kan word (Steyn en Breedt, 1978:311).

Die gesin behoort ook as primêre opvoedingsinstelling toe te sien dat enige ander sekondêre samelewingsverband, wat aan die opvoeding van die kinders meewerk die stempel van die gesinslewe dra (Niemann, 1985:57).

Die gesin openbaar verder die volgende kenmerke:

* Die huisgesin is 'n eenheidsgemeenskap

Deur die liefdesband word die gesinslede saamgebind as 'n eenheid (Barnard, 1982:5). Dit stel die gesin in staat om ook in samehorigheid met onderlinge eenhede in die samelewing op te tree (De Wet, 1979:159).

* Die gesin is 'n versorgingsgemeenskap

Kinders is regstreeks van hul ouers vir die fisiese versorging afhanklik. Ouers aanvaar hierdie verantwoordelikheid op grond van die liefdesband wat onderling bestaan (Barnard, 1982:5).

In die gesin word ook na die kind se geestelike behoeftes omgesien. Die gesin bied ook die primêre bodem vir geestelike ontmoeting, beleving en ervaring as oefenskool aan die kind ter voorbereiding vir taakaanvaarding in die samelewing (Van Schalkwyk, 1983:29). So gesien is die gesin ook 'n vormingsgemeenskap.

* Die huisgesin is 'n opvoedingsgemeenskap

Opvoeding in die gesin geskied deur 'n hegte omgangsverhouding waarbinne die ouer deur begrip, vertroue, gesag en die nodige voorlewing 'n bepaalde toekomsbeeld en -gerigtheid aan die kind voorhou (Van Schalkwyk, 1983:29). Die huisgesin as opvoedingsmilieu is onvervangbaar. Die grondslag wat hierbinne gelê word, is basies en blywend (Barnard, 1982 (b):2139).

Op grond van die kenmerke, doel en funksie van die gesin is dit dus duidelik dat die gesin onvervangbaar is, en op grond daarvan bepaalde eise met betrekking tot die skoolopvoeding van die kind kan stel (Van Schalkwyk, 1983:30).

4.2.5 Die wese van skoolopvoeding noodsaak ouerbetrokkenheid

4.2.5.1 *Inleiding*

Tradisioneel was dit ook die taak van die ouer om self

die formele opleiding van die kind te behartig. Onderrig het egter te kompleks geraak en daar is skole deur die ouers gestig om hierdie taak te behartig. Die skool is egter nie soos die gesin 'n natuurlike primêre opvoedingsinstelling wat uit die skepping gebore is nie, maar het ontstaan as gevolg van 'n behoefte van die menslike beskawing (Barkhuizen, 1982:150).

Die opvoedingstaak van die skool is dus sekondêr en alhoewel die skool 'n samelewingsverband is met 'n eie struktuur, soewerein in eie kring, funksioneer die skool aanvullend met betrekking tot die opvoeding van die kind. Die opvoeding bly steeds die ouer se verantwoordelikheid (Hattingh, 1975:18).

4.2.5.2 Die opvoedingstaak van die skool

Die skool moet die kind op weg na intellektuele selfstandigheid begelei, die kind in 'n ruimer sosiale verband inlei en die kind kultuur op 'n formele wyse laat ondervind (Barkhuizen, 1982:150). Hoewel die skool die leerling dus hoofsaaklik help om verstandelik te ontwikkel en vaardighede aan te leer, behels opvoedende onderrig ook liggaamlike, sosiale en godsdienstige opvoeding (Barkhuizen, 1982:151). Onderrig en leer behoort op 'n opvoedkundige verantwoordbare wyse onderneem te word. Dit behels dan volledige gebalan-

seerde, gedifferensieerde en normatiewe ontsluiting van die werklikheid vir die kind, om die kind in staat te stel tot verantwoordelike mandaatvervulling (Van Schalkwyk, 1983:31). Alle aspekte van die werklikheid is dus by opvoedende onderwys betrokke.

4.2.5.3 *Die verhouding tussen die opvoedingsverantwoordelikheid van die ouer en die skool*

Daar is reeds gelet op die feit dat die skool- en gesinsopvoeding bymekaar aansluit. Een is die natuurlike opvoeder en die ander die aangestelde opvoeder. Die een is soms formeel en die ander altyd formeel met opvoeding besig. Ouers voed op uit pligsbesef en verantwoordelikheid en vir die skool is dit 'n bepaalde beroep. Die ouer is nie spesiaal vir opvoeding opgelei nie en die onderwyser word tot toelating gekeur en akademies en professioneel opgelei.

Uit hoofde van bovermelde is daar dus sprake van samenwerking op 'n vennootskapbasis. Hierdie vennootskap kan slegs slaag as ouers, leerlinge en personeel dieselfde opvattinge het oor die rol en funksie van elke lid van die vennootskap (Barkhuizen, 1982:153).

Ouers moet waak om nie die opvoedingsverantwoordelikheid op die skool af te skuif nie. Afgesien dat dit 'n

las op die skool plaas, ontnem dit die ouer van kosbare opvoedingsgeleenthede. Elke funksiebelading op die skool impliseer 'n funksieverlies van die gesin (Smit, 1975:369).

Die vennootskap behoort gekenmerk te word deur wedersydse respek, eenheid en koördinerings. Aangesien beide selfstandige en outonome samelewingsverbande is, behoort die ouer nooit die professionele terrein van die skool te betree nie, en behoort die skool nooit die opvoedingstaak van die ouer oor te neem nie (Van der Walt en Postma, 1984:24).

4.2.5.4 *Kenmerke van die verhouding tussen gesin en skool*

Vir suksesvolle en doeltreffende samewerking tussen ouers en onderwysers, word die volgende kenmerke deur navorsers soos Barkhuizen (1982:148-156); Van Schalkwyk (1983:31-33); Hattingh, (1975:9-18); Snyman (1976:20-25); De Wet (1979:158-165); Joubert (1972:207-210) en Van Wyk (1981:114-116) aangetoon:

- * Sowel die skool as die gesin moet streef om nie op die bevoegdheidsterrein van 'n ander samelewingsverband te oortree nie.

- * Samewerking tussen skool en ouers word bewerkstellig deur ouers-in-organisasie soos bestuursrade wat as 'n knoopstruktuur tussen skool en gesin gesien kan word.
- * Onderwysers het die gemeenregtelike bevoegdheid om binne skoolverband in die plek van die ouer op te tree. Die onderwyser is daarom ook verantwoordelik vir dieselfde mate van toesig oor die kind ten einde die kind te beskerm teen gevare.
- * Eenheid, koördinering en samewerking is essensieel. Konsensus moet bereik word sodat daar kontinuïteit tussen die wêreld van gesin en skool vir die kind moet wees. Dieselfde opvoedingsdoelstellings moet deur beide skool en gesin nagestreef word.
- * Wedersydse vertroue, eenheidsoptrede en 'n positiewe houding jeens mekaar sal harmonieuse samewerking verseker. Huis en skool staan onder wedersydse verpligting om saam te werk ten einde te verseker dat die kind die beste moontlike opvoeding sal ontvang.
- * Onderlinge oorlegpleging is noodsaaklik.

- * Ouers het nie alleen 'n Godgegewe reg nie, maar ook 'n plig ten opsigte van die opvoeding van die kinders. Die skool kan derhalwe ook aanspraak maak om te weet hoe die ouer hierdie reg en plig uitvoer. Daarom is dit nodig dat die skool voortdurend inligting van die huis kry, en inligting deurgee aan die gesin van die kind se vordering.
- * Beide skool en gesin het nie slegs die reg nie, maar ook die verpligting om sorg te dra dat aangeleenthede wat beide se opvoedingstaak steun, die regte aandag by gesin en skool sal ontvang.
- * Goeie beplanning ten opsigte van wat met die vennootskap beoog word, doelstellings en die wyses waarop die doelstellings bereik kan word, sal die vennootskap tot heil strek.
- * Beide partye se motiewe behoort suiwer te wees. Skole behoort nie slegs ingestel te wees op ouerlike betrokkenheid ten einde finansiële steun te geniet, of ouers gebruik om sleurwerk te doen nie, maar ouers ook toelaat om deel te neem aan die opvoedkundige program van die skool. Die skool behoort eerlik te strewe om diensbaar te wees en die ouer aan te vul.

- * Ouers behoort te waak teen die vorming van drukgroepe. Eise aan die skool behoort billik en realisties te wees.
- * Wedersydse kennis is 'n voorvereiste. Eerlike kommunikasie lei tot wedersydse begrip en aanvaarding.
- * Kleinlike kerkisme en politisering behoort sterk afgewys te word. Die opvoedkundige belang van die kind moet gesoek word.
- * Die ouer het die reg om bepaalde eienskappe van die onderwyser te verwag. Die onderwyser moet derhalwe die skool ken, in die doelstelling en skoolprogram glo en toeligting hieromtrent aan die ouer verskaf; hy/sy moet ook toegewyd en entoesiasties wees en op 'n gebalanseerde wyse, met ywer sy taak verrig; 'n navolgingswaardige voorbeeld stel; goeie dissipline handhaaf, self 'n voorbeeld van gedissiplineerdheid wees en oordeelkundige straf; 'n aangename en rustige atmosfeer in die klas skep; kalmte, geduld en verdraagsaamheid aan die dag lê, ferm, geduldig en taktvol wees; belangstelling vir die kind hê, die kind ondersteun en aanmoedig; en die kind se persoonlikheid in ag neem en die nodige sensiwiteit aan die dag lê ten einde elke individuele

kind op die regte wyse te hanteer.

- * Die onderwyser het die reg om bepaalde eienskappe van die ouers te verwag, onder andere moet ouers aan die volgende vereistes beantwoord:
 - . belangstelling in die opvoeding en onderwys van hul kinders hê;
 - . tred hou met die vordering en ontwikkeling van die kind;
 - . alle moontlike bydraes lewer tot die bevordering van die onderrig van die kind;
 - . persoonlike kontak maak met die hoof en klasonderwyser indien probleme opduik;
 - . aansluit by ouerverenigings, studiegroepe of ander kontakgroepe;
 - . hulp aanbied op gespesialiseerde gebiede, byvoorbeeld kennis en vaardighede ter verryking van die kurrikulum of hulp met buite-kurrikulêre aktiwiteite;
 - . goeie gesindhede jeens die skool, die onderwys en skoolaktiwiteite by die gemeenskap kweek, en
 - . die nodige lojaliteit teenoor die skool en onderwysers al is daar soms verskille, betoon.

* "Geslaagde ouerbetrokkenheid by die onderwys is 'n tweerigting gebeure waaraan beide skool en gesin daadwerklik moet deelneem. Dit verg van albei 'n gewilligheid, 'n houding van wedersydse aanvaarding en vertroue, 'n bereidheid om mekaar se hand te vat tot diens en opoffering en aanvaarding van die verantwoordelikheid teenoor die kind" (Van Schalkwyk, 1983: 85).

4.2.6 Staatskundige en onderwys-hervormingse vereis- ouerbetrokkenheid by die skoolopvoeding van die kind

Wêreldwyd word die verskynsel van ouerbetrokkenheid by die onderwys ten opsigte van besluitneming en menings-
vorming aangetref. Die Westerse demokrasie betrek ouers in 'n toenemende mate by die implementering van die onder-
wysbeleid (T.O.D., 1983:16).

Die nuwe staatskundige opset in die R.S.A. behels ook 'n nuwe onderwysbedeling. Die ondersoek van die RGN na die onderwys, die verslag van die hoofkomitee van die RGN oor die onderwys en die verskyning van die Witskrif van die regering het by alle onderwysbetrok-
kenes 'n nuwe belangstelling in die onderwys wakker gemaak.

Vanuit 'n maatskaplike oogpunt word aangevoer dat leerlinge uit sosiaal minder-gemoderniseerde milieus dieselfde onderwysgeleenthede behoort te verkry, as leerlinge uit meer-gemoderniseerde milieus. In die R.S.A. het die regering die uitwissing van pariteitsverskille wat by die onderwys van die verskillende bevolkingsgroepe voorkom, aanvaar (R.S.A., 1980:7). Dit kan alleen deur groter ouerbetrokkenheid bewerkstellig word.

Omdat die verantwoordelikheid op alle terreine in die nuwe staatkundige bedeling waarskynlik na die laagste vlakke van die staatshuishouding afgewentel sal word, sal die ouers op plaaslike vlak 'n besondere verantwoordelikheid teenoor die onderwys hê (Van der Walt, 1983:2).

Onderwysbeheer op derde vlak sal volgens Barnard, (1984: 81) strukture moet skep wat veral die diversiteit van godsdiens, kultuur, taal en besondere onderwysbehoefte van die gemeenskappe kan bevorder.

In die tussentydse memorandum van die regering in die R.S.A. kom die belangrikste beginselstandpunte op die volgende neer:

- * dat onderwys 'n christelike en nasionale karakter moet hê;

- * moedertaalonderwys gehandhaaf moet word;
- * skole vir elke bevolkingsgroep bly voortbestaan, en
- * eie onderwysdepartemente noodsaaklik is om die self= beskikkingsreg wat die regeringsbeleid vir elke be= volkingsgroep erken, op onderwysgebied tot sy reg te laat kom (R.S.A., 1983 (a):7).

Volgens hierdie beginsels aanvaar die regering die beginsel van devolusie van besluitnemingsmag. Verder bepaal die Witskrif ook dat die regering die wenslikheid van ouerverteenwoordigende liggame op plaaslike vlak aanvaar (T.O.D., 1984 (a):4).

As beginselgrondslag het die staat ook die doel gestel om pariteitsverskille in die onderwys uit te wis. Dus om gelyke onderwysgeleenthede vir elke inwoner ongeag ras, kleur, geloof of geslag te voorsien (RGN, 1981:14). Hierdie doelwit stel hoë finansiële eise aan die staat en samelewing, want die struikelblokke in die weg van die opheffing van pariteitsverskille is:

• tekort aan geld, fasiliteite, gekwalifiseerde onderwysers en aan die nodige onderwys hulpdienste en aanvullende onderwysdienste (Barnard, 1984:66-69).

Die ouergemeenskap is primêr verantwoordelik vir die finansiering van die onderwys. Die staat vorder en

distribueer hierdie bydraes. In 'n nuwe grondwetlike bedeling blyk dit dat die owerlike bydrae groter sal word, wat die reg van groter owerlike inspraak ten opsigte van die besteding daarvan noodsaak (Kruger, 1985:9).

Groter owerlike inspraak en betrokkenheid by die skool= opvoeding van kinders blyk in werklikheid 'n vergroting van verteenwoordigende demokrasie te wees (T.O.D., 1984 (a):17). Georganiseerde overbetrokkenheid ver= beter kommunikasie tussen staat en onderdaan (Barnard, 1982 (b):2148). Dit dien verder as 'n basis waarop beoog= de beleid en optrede getoets kan word en dit bring mee dat die owerheid sekerheid verkry oor die aanvaar= baarheid of onaanvaarbaarheid van besluite oor die onderwys (T.O.D., 1984 (a):17).

4.3 STRUKTURE VIR OUSBETROKKENHEID

4.3.1 Inleiding

Vir die doeleindes van hierdie studie is dit nodig om te let op die samestelling en struktuur asook funksies van ouerverteenwoordigende liggame soos wat dit tans in Transvaal van toepassing is.

Uit die bestudering van:

- * die Grondwet van die R.S.A. (Wet 110 van 1983);
- * die Wet op die Nasionale Beleid vir Algemene Onderwysake (Wet 76 van 1984);
- * die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid (Wet 39 van 1967), en
- * Ordonnansie 29 van 1953 soos gewysig deur artikel 1 van Ordonnansie 22 1984 van Transvaal, blyk dit dat die sentrale regering en provinsiale onderwysowerhede die beginsel van oerbetrokkenheid by die onderwys erken en eerbiedig. Voorts blyk dit ook dat aan hierdie beginsel uitdrukking gegee word deur die stigting van die nuwe statutêre en georganiseerde ouerverenigings, byvoorbeeld die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging.

In die nuwe onderwysbedeling word daar ook deeglik voorsiening gemaak vir raad- en oorlegpleging, medebesluitneming en -verantwoordelikheid deur alle onderwysbe-langhebbendes.

4.3.2 Die Wet op Nasionale Beleid vir Algemene Onderwysake van 1984

Ter wille van kontinuïteit en duidelikheid is dit nodig dat daar kortliks gelet sal word op die beheer van onderwys op eerste, tweede en derde vlak.

Met Wet 76 van 1984 word die beginselstandpunt gehandhaaf dat eie onderwysowerhede en eie skole vir elke bevolkingsgroep, en 'n beleidadviesstruktuur vir eie onderwys sake vir elke bevolkingsgroep noodsaaklik is (R.S.A. Wet 76 van 1984: art. 2, subartikel (1) (b)).

Die beginsel van devolusie van gesag na die laer vlakke van onderwysbeheer sodat onderwysverbruikers groter inspraak in eie plaaslike onderwysaangeleenthede kan hê, kom tot uitvoering in Wet 76 van 1984.

Blanke-onderwys as eie saak - dus selfbeskikking oor eie onderwys - ressorteer onder die Blanke Wetgewende Gesag, naamlik die Volksraad met die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad. Hierdie Departement is die beleidmakende departement en die provinsiale onderwysdepartemente is die uitvoerende departemente (Terblanche, 1986:12).

4.3.3 Nuwe onderwysbeheerstrukture in Transvaal

4.3.3.1 *Inleiding*

Met die Administrateurskennisgewing 1425 van 17 Julie 1985 word vir nuwe onderwysbeheerstrukture op provinsiale, streeks- en plaaslike vlak voorsiening gemaak. Hierdie nuwe beheerstrukture sluit die volgende in:

4.3.3.2 *Die Onderwysraad*

* Inleiding

Die Onderwysraad word vir Transvaal ingestel om die Direkteur van Onderwys en die Minister van Onderwys en Kultuur van advies te bedien. Ouers en die georganiseerde onderwysprofessie sal in hierdie Raad verteenwoordig word (Terblanche, 1986:13). (Belangrik is dit om daarop te wys dat hierdie voorgenome Provinsiale Onderwysrade nog nie deur die Parlement goedgekeur is nie. Die konsepwetgewing is egter reeds voorberei - P.J.B.)

* Samestelling

Ordonnansie 29 van 1953, soos gewysig, (Transvaal (Prov.), Ord.22 van 1984 : art. 4 (1), bepaal dat die Onderwysraad uit 56 lede sal bestaan en word deur die Administrateur soos volg aangestel:

- . tien persone benoem deur die Direkteur;
- . die voorsitters van die streeksrade;
- . 'n ouerverteenwoordiger van elk van die streeksrade;
- . vyf verteenwoordigers van die tersiêre onderwysinrigtings in die provinsie;
- . twee verteenwoordigers van die privaatskole in die provinsie;
- . twaalf verteenwoordigers van die verenigings van

- onderwysers en ses verteenwoordigers van die verenigings van ouers wat deur die Administrateur erken word, en
- . vyf ander persone.

**** Funksies**

Die funksies van die Onderwysraad is om die Direkteur van advies te bedien oor enige aangeleentheid in verband met onderwys wat die Direkteur na die Raad mag verwys. Ook kan die Raad na goeddunke die Direkteur van advies voorsien oor enige saak in verband met onderwys, wat na die mening van die Raad in belang van die onderwys is (Transvaal, (Prov.), 1985: art. 9).

4.3.3.3 *Streekraade*

*** Inleiding**

Ordonnansie 29 van 1953 soos gewysig (Transvaal (Prov.), Ord. 22 van 1984: art. 6) bepaal dat die Administrateur, die provinsie kan indeel in soveel streke as wat hy nodig ag en 'n streekraad vir elke streek instel.

*** Samestelling**

Die streekraad word soos volg saamgestel (Transvaal (Prov.), Ord. 22 van 1984: art. 11):

- . vier amptenare deur die Direkteur benoem, van wie twee superintendente van onderwys moet wees, en
- . die voorsitters van skoolrade wat toesig het oor die provinsiale onderwysinrigtings binne die betrokke streek.

* Bevoegdhede en pligte van die streekraad

Die bevoegdhede en pligte van die streekraad word gestel as (Transvaal (Prov.) 1985: artt. 15-16):

- . die voorsiening en onderhoud van terreine en geboue van provinsiale onderwysinrigtings binne die betrokke streek;
- . die instelling en oprigting van onderwysinrigtings soos wat die Administrateur aan hom opdra;
- . die uitvoering van enige ander pligte wat die Administrateur aan hom mag opdra, en
- . die behartiging en administrasie van fondse onder hul beheer.

4.3.3.4 *Skoolrade*

* Inleiding

In artikels 19 tot 31 van Onderwysordonnansie 29

van 1953 soos gewysig deur die Administrateurskennisgewing 1425 van 17 Julie 1985 word die skoolraad bespreek.

* Samestelling

'n Skoolraad bestaan uit 6, 9 of 12 lede, na gelang die Administrateur in elke geval bepaal.

* Algemene bevoegdhede en pligte van die skoolraad

- . 'n Skoolraad het beheer en toesig oor die provinsiale onderwysfasiliteite binne sy distrik; en
- . dien die streekraad wat ingestel is vir die streek waarbinne die skoolraadsdistrik geleë is, van advies oor sake in verband met die voorsiening en onderhoud van terreine en geboue vir provinsiale onderwysinrigtings binne die betrokke distrik.
- . Voorts dien die skoolraad die Direkteur van advies oor:
 - ° alle sake in verband met die instelling en onderhoud van vervoerskemas binne sy distrik, en
 - ° ander sake wat die Direkteur na die skoolraad verwys.

- . Die skoolraad is ook verantwoordelik vir die onderhoud van:
 - ° terreine en geboue van die provinsiale onderwysinrigtings, en
 - ° meubels en uitrusting van die provinsiale onderwysinrigtings.
- . Die skoolraad tree in sy eie naam op om die onderriggelde te verhaal waar 'n ouer versuim om sodanige gelde te betaal;
- . hou rekord en statistiek wat deur die Direkteur vereis word;
- . stel opgawes en verslae saam wat deur die Direkteur vereis word;
- . het geen bevoegdheid ten opsigte van die aanstelling en diensvoorwaardes van onderwysers nie;
- . oorweeg sake wat deur bestuursrade voorgelê word;
- . administreer gelde wat deur die Provinsiale Inkomstefonds toegewys is, en
- . laastens mag 'n lid van die skoolraad hom nie met die professionele werk van enige provinsiale onderwysinrigting of met 'n onderwyser by die vervulling

van sy ampspligte bevoegthede (Transvaal, (Prov.) 1985: art. 27).

4.3.3.5 *Bestuursrade*

* Inleiding

Staatsgesubsidieerde skole in Transvaal het oor skoolkomitees, beheerrade of adviesrade beskik (T.O.D., 1958:10). Hierdie rade kan beskryf word as knooppunstrukture tussen ouers en skool. Met die uitvaardiging van Administrateurskennisgewing 1425 van Julie 1985 vervang die Bestuursrade die vorige stelsel van skoolkomitees, beheer- of adviesrade (Transvaal, (Prov.) 1985: artt. 32-41).

* Samestelling

n Bestuursraad bestaan uit die volgende lede:

- . die hoofonderwyser van die betrokke skool, en
- . soveel ander lede wat die Administrateur van tyd tot tyd bepaal (Transvaal, (Prov.) 1985: art. 35).

* Verkiesing van lede

Die lede word verkies deur die ouers wat in Transvaal woonagtig is, wat een of meer kinders op die

register van die betrokke skool het. Ouers wat in Transvaal woonagtig is en wat pleegsorg vir kinders aanvaar het, is ook stemgeregtig. Elke ouer het een stem.

* Bevoegdhede en pligte van die bestuursraad

- . Die bestuursraad dien as spreekbuis van die ouers van die skool waarvoor dit ingestel is. Verder doen die raad verslag aan òf die betrokke skoolraad òf die Direkteur oor enige saak wat na die mening van die bestuursraad, op 'n betrokke skool betrekking het.
- . Die bestuursraad vervul verder die pligte betreffende die voorsiening en onderhoud van:
 - ° die terreine en geboue van die skool, en
 - ° die meubels en toerusting van die skool.
- . Die bestuursraad kan behoudens die voorwaardes wat die Administrateur bepaal, toestemming verleen vir die gebruik - buite skoolure - van die geboue van die skool.
- . Die bestuursraad is verder ook verantwoordelik vir die insameling en beheer van gelde vir die voorsiening van skoolgeriewe en aktiwiteite wat in

die opvoedkundige belang van die kinders van die betrokke skool is. Verder is die bestuursraad ook verantwoordelik vir die invordering van onder=riggelde en die administrasie van enige ander gelde wat geskenk of bemaak is aan 'n skool.

- . Die bestuursraad moet ten opsigte van alle finan=sies verslag doen soos deur die Direkteur bepaal.
- . Die bestuursraad moet 'n finansiële komitee aanstel om hom behulpsaam te wees.
- . Die bestuursraad betaal ten opsigte van die admini=strasie van die skool al die uitgawes wat die Administrateur bepaal.
- . Die bestuursraad kan aanbevelings by die skoolraad maak in verband met sake rakende terreine en ge=boue, vervoerskemas en ander onderwysfasiliteite van die betrokke skool waarvoor dit ingestel is.
- . 'n Lid van die bestuursraad bemoei hom nie in sy hoedanigheid as lid van die raad met die profes=sionele werk van die skool of enige onderwyser by die vervulling van sy ampspligte nie (Transvaal, (Prov.) 1985: art. 40).

- . Die bestuursraad het ook medeseggenskap by die aanstelling van onderwysers vir die betrokke skool waarvoor dit saamgestel is.

Alhoewel hierdie funksies nie eksplisiet by die funksies en pligte van die bestuursraad vermeld word nie, beskryf artikels wat handel oor aanstellings van onderwysers, wel die take van die Bestuursraad by die aanstelling van onderwysers.

In artikel 71 (²B) (Transvaal, (Prov.) 1985) word vermeld dat die bestuursraad onderwysersaansoeke oorweeg en die geskikste applikant, na die bestuursraad se mening, vir aanstelling aanbeveel.

Dit blyk ook verder dat indien die bestuursraad die mening toegedaan is dat vir 'n bevorderingspos nie een van die applikante wat deur die Keurraad as geskik geag word, aanbeveel kan word nie, 'n aanbeveling - met meegaande motivering - by die Direkteur gemaak kan word dat die pos weer geadverteer moet word (Transvaal, (Prov.) 1985:art. 71 (2B) iii).

Uit hierdie bepalinge kan die afleiding gemaak word dat voorsiening gemaak word vir medeseggenskap van ouers by die aanstelling van onderwysers.

4.3.3.6 *Statutêre ouerliggame*

* Inleiding

Opvoedkundiges het periodiek die afgelope aantal dekades melding gemaak van die wenslikheid van die stigting van 'n nasionale statutêre ouerliggaam (Van der Walt, 1983:1; Joubert, 1972:26). Dit was egter na aanleiding van die RGN-ondersoek na die onderwys in 1981, en die regering se tussentydse memorandum dat die ouergemeenskap oorgegaan het tot die stigting van 'n Nasionale Ouerliggaam (Barnard, 1982 (a):5).

* Die Afrikaanse ouervereniging vir Christelike opvoeding en onderwys (AOV)

. Historiese oorsig

Tydens die eerste fase van die RGN-ondersoek na onderwysvoorsiening in die R.S.A. het die Hoofkomitee verskillende instansies genader om kommentaar te lewer op die voorgestelde sogenaamde onderwysbeginsels. Ook die Interkerklike Kommissie vir Opvoeding en Onderwys (IKKO) is genader om sy standpunt te stel. Die drie Afrikaanse Kerke het afsonderlik, maar ook gesamentlik kommentaar gelewer. Tydens hierdie beraadslagings is opgemerk dat die Christen-Afrikanerouer nie in daardie bepaalde

hoedanigheid kommentaar kon lewer nie omdat hy nie 'n spreekbuis gehad het nie.

Die Transvaalse Onderwysersvereniging (TO) het die inisiatief geneem en 'n saamtrek gereël van verteenwoordigers van oerbeheerliggame in Transvaal. Op hierdie byeenkoms op 13 Februarie 1982 te Unisa is 'n komitee van sewe lede gekies om 'n program van aksie uit te werk.

Intussen het die IKKO, die TO en die FAK 'n vergadering van verteenwoordigers van 'n groot verskeidenheid Afrikaanse organisasies belê om 'n reëlingskomitee te kies wat 'n Afrikaneronderwyskongres moet reël. Hierdie kongres is op 18 - 20 Maart 1982 in Bloemfontein gehou. Na aanleiding van 'n referaat oor oerbetrokkenheid, en verdere motivering deur die inleiers het die kongres eenparig besluit dat 'n nasionale Christelike Afrikaanse oervereniging gestig moes word. Verteenwoordigers van die ouers is vir die OVS, Natal en Kaapland verkies om saam met die reeds verkose komitee van Transvaal 'n nasionale komitee te vorm.

Die nasionale komitee het besluit dat die beoogde oervereniging op 'n provinsiale basis georganiseer moes word, met 'n nasionale raad wat federaal

saamgestel sou word om sake van nasionale onderwysbelang te behartig (Kruger, 1983:1).

. Grondslag

As grondslag van die ouervereniging is die volgende kriteria gestel (AOV, 1985:1):

- ° Die Bybel as die onfeilbare Woord van God.
- ° Op grond van die Bybel: die belydenis van die absolute soewereiniteit van God drie-enig oor die ganse skepping en oor die hele lewe van die mens op watter terrein en in watter verband ook al.
- ° Die erkenning dat opvoeding en onderwys onafskeibaar van mekaar is.

. Doel

Die AOV stel hom ten doel om op 'n onafhanklike wyse en op sy eie terrein die

- ° Christelike opvoeding wat eie aan die Afrikaner is, en die informele, formele en nie-formele onderwys te bevorder;
- ° die Afrikanerkultuur, -taal en -tradisies te veredel, bestendig en uit te bou, en

die ouer toe te rus vir sy ouerlike taak (AOV, 1985:2).

. Lidmaatskap

Alle blanke persone wat die grondwet van die AOV onderskryf.

. Organisasie

Die AOV is 'n nasionale liggaam wat die outonomie van gebiedsbestuure erken soos in die grondwet uiteengesit. Funksies kan deur die nasionale hoofbestuur namens die gebiedsbestuur uitgeoefen word indien die betrokke gebiedsbestuur dit versoek (AOV, 1985:3).

Die AOV word op minstens die volgende vlakke georganiseer:

- ° plaaslike vlak (takke),
- ° gebiedsvlak (provinsiale), en
- ° nasionale vlak.

. Bestuursorgane

Die bestuursorgane bestaan uit die volgende:

- ° Die nasionale hoofbestuur wat saamgestel word

uit lede deur die gebiedsbesture verkies.

- ° Die gebiedsbestuur is outonoom ten opsigte van sy samestelling en sy bevoegdhede binne sy gebied. Die bestuur oefen beheer uit oor streek- en plaaslike liggame, benoem verteenwoordigers in die nasionale hoofbestuur en stel 'n eie reglement in ooreenstemming met die nasionale hoofbestuur op (AOV, 1985:1-4).

* Die Transvaalse Afrikaanse ouervereniging (TAOV)

. Inleiding

Op 6 November 1982 het die TO op aanbeveling van die Transvaalse komitee van die AOV weer 'n byeenkoms van verteenwoordigers van ouerbeheerliggame in Pretoria gereël met die doel om 'n Transvaalse Afrikaanse ouervereniging vir Christelike onderwys te stig. Die grondslag, doel en lidmaatskapvereistes waarop die nasionale komitee ooreengekom het, het as basis vir 'n Transvaalse reglement gedien.

Die Transvaalse Ouervereniging is op 6 November 1982 gestig en 'n hoofbestuur, 'n uitvoerende komitee en 'n dagbestuur is verkies. Verteenwoordigers is versoek om in hulle plaaslike gemeenskappe takke van die ouervereniging te stig.

Die dagbestuur (veral die voorsitter en ondervoor-sitter) het sedert die begin van 1983 baie ouer-groepe en saamtrekke van onderwysers oor die saak toegespreek.

’n Opname is pas gedoen om die vordering met takstiging in Transvaal te bepaal. Aangesien takstigtig-tans vol skaals aan die gang is, is dit nie moontlik om ’n presiese getal te verskaf nie, maar die dag-bestuur is baie tevrede met die vordering (Kruger, 1983:2).

. Grondslag

Die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging (TAOV) : berus op dieselfde grondslag as die Afrikaanse ouervereniging vir Christelike opvoeding en onderwys (TAOV, 1984:1).

. Doel

Die algemene doelstellings van hierdie vereniging stem ooreen met die doelstelling van die OAV. (vgl. par. 4.3.3.6.) Verder beoog hierdie vereniging om as verteenwoordiger en spreekbuis van al sy lede op te tree (TAOV, 1984:2).

. Lidmaatskap

Die Vereniging het die volgende lede: Meerderjarige Blankes wat gewoonlik in die Transvaal woonagtig is en wat die grondwet van die TAOV onderskryf (TAOV, 1984:2).

. Organisasie

Die Vereniging word op die volgende vlakke georganiseer:

- ° provinsiale vlak,
- ° streeksvlak, en
- ° plaaslike vlak (takke).

Die Vereniging het die volgende bestuursorgane:

- ° Die Algemene Vergadering
 - Die Algemene Vergadering is die hoogste gesagsgeliggam van die TAOV.
 - Die Algemene Vergadering word saamgestel uit al die lede van die Transvaalse bestuur en van al die streeksbesture. Verder ook soveel afgevaardigdes van elke tak as wat die Transvaalse bestuur van tyd tot tyd mag bepaal.
 - Die Algemene Vergadering het die bevoegdheid, onderhewig aan die bepalings van die grondwet,

om besluite wat op alle lede en bestuursorgane van die Vereniging bindend is te neem (TAOV, 1984:4).

° Die Transvaalse Bestuur

Die Transvaalse bestuur bestaan uit die voorsitter van die Algemene Vergadering en een benoemde lid van elke streeksbestuur. Verder mag na goeddunke van die Transvaalse bestuur deskundiges as lede gekoöpteer word. Diesulkes het egter geen stemreg nie (TAOV, 1984:6).

° Streeksbesture: Die bestuur van elke tak volgens streeksbesluit benoem een of meer lede in die Streeksbestuur van die streek waar sodanige tak deur die Transvaalse bestuur ingedeel is (TAOV, 1984:8).

° Plaaslike takke: Takke van die TAOV kan met goedkeuring van die Transvaalse bestuur te enige plek in die Transvaal gestig en daargestel word, met dien verstande dat elke tak gebonde is aan die bepaling van die Grondwet (TAOV, 1984:10).

Bevoegdhede en verpligtinge:

Elke tak is bevoeg om

- vergaderings van sy lede en meewerkende ouers byeen te roep;
- konferensies te reël;
- op plaaslike vlak om te sien na die belange van die vereniging;
- alle handeling te verrig wat ingevolge die grondwet aan hom toevertrou of gedelegeer is;
- alle gelde en heffings wat deur lede aan die vereniging betaalbaar of verskuldig is namens die vereniging in te vorder wat geregtig is om hulle reg op lidmaatskap by sodanige tak uit te oefen;
- in eie naam eiendom (roerend of onroerend) op enige wyse te verkry, te besit, te vervreem, aan te wend of andersins daarmee te handel;
- om bankrekenings, spaarrekenings en deposito-rekenings te open en te bedryf;
- om lidmaatskap te verkry van of saam te werk met enige vereniging, liggaam of organisasie waarvan die doelstellings nie strydig is met die doelstellings van die vereniging nie (TAOV, 1984:10).

* Samevatting

Uit die voorafgaande bespreking het dit duidelik geblyk dat die staat erkenning verleen aan die beginsel van oerbetrokkenheid by die onderwys (R.S.A., 1983:20). Voorts het dit ook geblyk dat in Transvaal veral met die daarstelling van bestuursrade, en die stigting van die Transvaalse Afrikaanse Oervereniging daar daadwerklike pogings aangewend word om uitvoering te gee aan die beginsel van oerbetrokkenheid by die onderwys.

4.4 DIE KUNDIGHEDE VAN OUERS- IN-ORGANISASIE AS
VOORVEREISTE VIR EFFEKTIEWE OERBETROKKENHEID

4.4.1 Uitvoering van die primêre opvoedingstaak

Alle sekondêre samelewingsverbande vloei voort uit die gesin as primêre samelewingsverband. Die Christelike gesin het die opdrag dat die Christelike stempel op alle sekondêre lewensverbande wat tot die opvoeding van die kind meewerk, afgedruk moet word (Niemann, 1985:56-57) (Vgl. par. 3.3.4.2).

Die ouers behoort kennis te dra van wat die primêre opvoedingstaak van die gesin behels. Opvoedingsbeginsels van die skool behoort ook aan te sluit by dié wat in

die gesin nagestrewe word.

Die Christelike norme en waardesisteme ten opsigte van opvoedende onderwys word baie duidelik omskryf in die beginsels van die CNO-gedagte. Volgens hierdie beginsels behoort die skoolopvoeding aan te sluit by die Christelike norme wat ook in die huislike opvoeding die grondslag vorm (Scholtz, 1974: 34). Tans word die ouer se vermoë en kennis ten aansien van die primêre beginsels van opvoeding deur onderwysers bevraagteken (Reichert, 1980:8). Die hipotese dat ouers selfs weier om die primêre opvoedingstaak te verrig, is al deur sekere navorsers gemaak (Niemann, 1985:58). Daar word ook gemeld dat ouers die primêre opvoedingstaak aan die skool oorgelaat het, en dat selfs van die skool verwag word om alle aspekte van die opvoeding uit te voer. Die min belangstelling by skoolouers in die onderwys van hul kinders en ander skoolaangeleenthede en die gevolglike onbetrokkenheid van die skoolouers word ook toegeskryf aan 'n gebrek aan kennis by die ouers (Maritz, 1974:25).

Kennis van die primêre opvoedingsopdrag blyk essensieel te wees vir sinvolle ouerbetrokkenheid. Ouerorganisasies behoort daarop ingestel te wees om in samewerking met die skool, ouers voor te lig, te adviseer of te

begelei ter uitbreiding van die ouers se opvoedingsbevoegdheid (Steyn, 1985 (a):65).

4.4.2 Kennis ten opsigte van die Onderwysstelsel

Ware ouerbetrokkenheid van skoolouers is om op 'n besondere wyse, (volgens bepaalde beginsels) by alle fasette van die onderwys betrokke te wees. Dit behels wetgewing, bestuur en operasionalisering daarvan op alle vlakke te wete sentrale, streeks- en plaaslike vlakke (Van Schalkwyk, 1983:49). Dit blyk die ideale wyse van betrokkenheid te wees. Om hierdie wyse van betrokkenheid te verkry, moet die ouers oor kennis beskik aangaande:

- * die onderwysstelsel as 'n vervlegtingstruktuur, en
- * die funksionering van die onderwysstelsel.

Laasgenoemde behels onderwyswetgewing, organisasiestrukture en administratiewe prosesse en onderwysuitvoering.

Ouers kan nie 'n positiewe bydrae lewer of verteenwoordiging verlang in onderwysaangeleenthede waar hulle nie oor die nodige kennis beskik nie, byvoorbeeld onderwysersopleiding, bepaling van vakinhoud, bepaling van onderwysdoelstellings, onderwysbestuur en betrokkenheid by onderrig.

Dit blyk dat in baie gemeenskappe wel kundige ouers is wat n bydrae kan lewer. Verder meld navorsers ook dat waar ouers nie oor die nodige kennis beskik nie, dit die plig van die onderwyserskorps is om voorligting in hierdie verband aan die ouers te gee (Scholtz, 1974:35).

Ouerbetrokkenheid by alle fasette en op alle vlakke van onderwys blyk n onbereikbare ideaal te wees, indien ouers in gebreke bly om op plaaslike vlak by die onderwys en skool betrokke te raak.

4.4.3 Funksies van ouerverenigings op plaaslike vlak

Die funksies van ouerverenigings op plaaslike vlak kan soos volg saamgevat word:

- * Toesig en beheer oor die terreine, meubels en uitrusting van die skool (vgl. par. 4.3.3.5).
- * Die insameling en beheer van finansies soos fondse vir die voorsiening van skoolgeriewe (vgl. par. 4.3.3.5).
- * Oorweging en aanbeveling van applikante vir vakante onderwysposte (vgl. par. 4.3.3.5).

- * Ouers vir die ouerlike opvoedingstaak toe te rus (AOV, 1985:2).
- * Om die behoeftes en begeertes van die ouers en die plaaslike gemeenskap op onderwysterrein te interpreteer en as bemiddelaar tussen ouers en professionele personeel van 'n skool op te tree (RGN, 1981:204).
- * Om die hoof en onderwysers te steun in die uitvoering van hul professionele taak en hulle professionele outonomie te respekteer en om ouers aan te moedig om as opvoedingsvennote in die opvoedingstaak toe te tree (RGN, 1981:204).
- * Om saam met die hoof en onderwysers medeverantwoordelik te wees vir die kurrikulum van die skool onderworpe aan die breë riglyne wat deur die onderwysowerhede bepaal is (RGN, 1981:204).

Weens die gekompliseerde aard van die onderwys - veral in die nuwe bedeling - is dit baie moeilik, selfs onmoontlik vir die deursneeouer om vanself aktief betrokke te raak in die aktiwiteite van die verteenwoordigende ouerorganisasies. Ouers is dus aangewese op leiding, voorligting en motivering.

Navorsers is dit eens dat verkose ouerliggame en skole meer gebruik behoort te maak van kundiges om die ouers te ondersteun (Steyn, 1985 (a):65; Sharrock, 1970:111; Craft, 1967:139).

4.4.4 Buitekurrikulêre aktiwiteite

Barnard (1982 (b):2158) wys op die feit dat onderwyspersoneel te skaars en duur geword het om ook nog voltyds besig gehou te word met allerlei nie-professionele buiteskoolse take. Daarom behoort ouerverenigings ook medeverantwoordelikheid te aanvaar vir aktiwiteite soos die afrigting van sport, en die organisering van kulturele en sosiale funksies.

4.4.5 Ouerbetrokkenheid by die onderwys om funksie=verlies teë te werk

Verkose ouerliggame behoort wyses te bedink om ouers bewus te maak dat al is hul kinders op skool, hulle nog steeds 'n aandeel en verpligting in die opvoeding van hul kinders het. Wyses sal bedink moet word waarvolgens ouers kan poog om die ouerlike aandeel in die opvoeding te behou in plaas om dit volledig aan die skool af te staan of op die skool af te skuif (Anon, 1983:14). In der waarheid het die ouers 'n dure plig

om die primêre opvoedingsreg en -verantwoordelikheid te verskans en te beskerm. Barkhuizen (1982:152) wys in hierdie verband op die feit dat elke funksiebelading van die skool 'n funksieverlies vir die gesin en breër gemeenskap beteken. Voorts toon hy aan dat as daar nie tot 'n vergelyk gekom kan word wie vir wat aanspreeklik is nie, die kind daaronder ly.

4.5 SAMEVATTING VAN DIE HUIDIGE WYSES VAN OUERBETROKKENHEID IN TRANSVAAL

* Inleiding

Ouer se betrokkenheid by die onderwys behoort daarop gerig te wees dat hulle alles wat in die onderwys gebeur lewensbeskoulik moet evalueer. Die taak van die onderwys is om alles opvoedkundig te evalueer. Gesamentlike optrede, maar elkeen op sy eie bevoegdheidsterrein sal harmonieuse kontinuïteit tussen die opvoedingsgebeure by die skool en by die huis verseker (Van Schalkwyk, 1983:21).

Aangesien daar reeds uitvoerig aandag gegee is aan bepaalde strukture en wyses vir ouerbetrokkenheid, sal daar volstaan word deur slegs enkele wyses van samewerking tussen ouers en onderwysers in Transvaal aan te toon.

* Wyses van samewerking

Daar word op die volgende wyses voorsiening gemaak vir die realisering van die onderwysvennootskap in Transvaal:

- . Die Onderwysordonnansie (29 van 1953) is gewysig sodat voorsiening gemaak is vir 'n beheerstruktuur in die vorm van bestuursrade, skoolrade en streeksrade. Deur hierdie rade geniet ouers statutêre vennootskap met betrekking tot onderwysvoorsiening (Terblanche, 1986:12).
- . Die gewysigde Onderwysordonnansie is ook aangepas om amptelike erkenning aan ouerverenigings te kan gee (Transvaal, (Prov.) 1985:artt.32-41).
- . In die lig van bovermelde is in Transvaal twee erkende ouerverenigings gestig, naamlik:
 - ° die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging (TAOV), en
 - ° The Transvaal English Medium Parents' Association (TEMPA).

Beide hierdie ouerverenigings word verteenwoordig, en het reeds bydraes gelewer in bepaalde komitees om die Direkteur van advies te voorsien, naamlik:

- ° die Provinsiale Adviserende Komitee insake Onderwysdienste;
 - ° die Provinsiale Adviserende Komitee insake Algemene Skoolorganisasie;
 - ° die Provinsiale Adviserende Komitee insake Ekonomiese aangeleenthede, en
 - ° die Provinsiale Adviserende Komitee insake Onderwysersopleiding (Terblanche, 1986:14).
- . In Transvaal is 'n onderwysraad saamgestel om die Direkteur van Onderwys en die Minister van Onderwys van advies te bedien. Ouers geniet verteenwoordiging in hierdie raad (Ordonnansie 29 van 1953, soos gewysig deur art. 4 (1) van Ordonnansie 22 van 1984 (27.3.1985).
- . Op plaaslike vlak word beoog dat onderwysvennote op 'n deurlopende basis saam oor praktiese onderwysaangeleenthede sal besin, saam oplossings vir probleme sal bedink en verdere strukture sal stig om die vennootskap te vestig en af te rond (Terblanche, 1986:18).
- Volgens uitsprake van onderwysleiers blyk dit dat samewerking tussen onderwysvennote in Transvaal op 'n hoë vlak geskied. Die wyse van samewerking en skakeling

tussen die georganiseerde onderwysberoep en statutêre ouerrade getuig van 'n positiewe gesindheid van samewerking en ondersteuning (Terblanche, 1986:18, Cruywagen, 1982:2 en Maree, 1982:2).

4.6 SLOT

In hierdie hoofstuk is gelet op die wyses van skakeling tussen ouerverenigings en die georganiseerde onderwys. Dit het geblyk dat in Transvaal voorsiening gemaak word vir die realisering van die onderwysvennootskap.

In die volgende hoofstuk sal gelet word op die noodsaaklikheid van en voorstelle vir die skakeling tussen die Onderwysadviseur: Voorligting en skoolouers.

HOOFSTUK 5

NOODSAAKLIKHEID VAN EN VOORSTELLE VIR SKAKELING TUSSEN DIE ONDERWYSADVISEUR: VOORLIGTING EN SKOOLOUERS

5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk gaan gelet word op die skakeling tussen die Onderwysadviseur: Voorligting en die skoolouers. Daar sal samevattend gepoog word om aan te dui watter kundighede die ouers benodig en watter bydrae die Onderwysadviseur: Voorligting kan lewer in die toerusting van ouers binne die verband van verteenwoordigende oerliggame. Voorts sal voorstelle gemaak word ten opsigte van strukture en kontakwyses wat gebruik kan word om die verlangde skakeling tussen die Onderwysadviseur: Voorligting en skoolouers individueel of in groepsverband te bewerkstellig, ten einde 'n toerustingsgeleentheid te skep om meer geslaagde oerbetrokkenheid te bemoontlik.

Daar sal dus aan die volgende sake aandag gegee word:

- * die gesamentlike verantwoordelikheid van die ouers en die skool ten opsigte van opvoedende onderwys;
- * bepaalde behoeftes wat die ouers het om sinvol betrokke te wees by die opvoedende onderwys;

- * die bevoegdheidsterrein van die Onderwysadviseur:
Voorligting;
- * 'n struktuur waarbinne die nodige skakeling kan geskied, en
- * bepaalde wyses van skakeling tussen die Onderwysadviseur: Voorligting en die skoolouers.

5.2 DIE GESAMENTLIKE AANSPREKLIKHEID EN VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE OUIERS EN DIE SKOOL TEN OPSIGTE VAN OPVOEDENDE ONDERWYS

5.2.1 Inleiding

Dit is die gesamentlike taak van die huisgesin en die skool om beskaafde, genormeerde, geskoolde, geletterde, bruikbare en verantwoordelike mense aan die samelewing te lewer. Hierdie taak moet deur die innigste samewerking, skakeling en koördinerings as 'n eenheidstaak plaasvind (Van Schalkwyk, 1983:7).

Ten einde hierdie eenheidstaak doeltreffend uit te voer, verkeer skool en ouers in wisselwerkende verhouding tot mekaar. Hierdie verhouding vereis bepaalde kennis, kundighede en vaardighede, begrip vir gemeenskaplike probleme, waardering en lojaliteit teenoor mekaar en gesamentlike verantwoordelikhedaanvaarding.

5.2.2 Die aard van doeltreffende ouerbetrokkenheid by die onderwys

Doeltreffende ouerbetrokkenheid by die skoolonderwys hang grootliks af van wat met die begrip "ouerbetrokkenheid by die onderwys" bedoel word.

In die verlede was daar rondom die begrip ouerbetrokkenheid groot meningsverskil tussen onderwysleiers en onderwysnavorsers. Onderwyskundiges het menigmaal bedenkings gekoester oor die wenslikheid en wyses van ouerbetrokkenheid by die onderwys. Navorsers was dit verder eens dat die plek van die ouer soos wat dit in Wet 39 van 1967 omskryf is, soms vaag en foutief was (Maritz, 1974:25). Dit het gedeeltelike aanleiding gegee daartoe dat onderlinge wantroue en polarisasie tussen die onderwysowerheid, onderwysers en ouers ontstaan het as gevolg van 'n gebrek aan kennis, onsekerheid en onduidelike definiëring van die plek van die ouer in die onderwysstelsel (Van Schalkwyk, 1983:12; Van Wyk, 1981:118).

Onsekerheid het bestaan oor die begrip "plek van die ouer" of die verantwoordelikheidsterrein van die ouer, dit wil sê of die oueraandeel tot die perifere skool-aangeleenthede of tot die kernfunksies van opvoedende onderwys behoort (Hattingh, 1975:3), en of die oueraandeel meer in die besonder op die verhouding ouer-

onderwyser en kind afgestem behoort te wees.

Die beperkte magte wat skoolkomitees, beheer- en adviesrade gehad het, het daartoe gelei dat ouers min beslissings ten opsigte van onderwys kon neem. Dat daar geleenthede vir ouerbetrokkenheid bestaan het, en dat die staat die plek van die ouer erken het, is wel waar (Barnard, 1982(b):2149).

Van volwaardige vennootskap tussen onderwysowerheid en ouergemeenskap was daar in die verlede nie sprake nie. Deelgenootskap van die kant van die onderwyser en die ouer, sover as wat die onderwysowerheid bereid was om dit toe te laat, het egter bestaan en is toenemend verkry (Maritz, 1974:25).

Die nuwe staatkundige bedeling het egter 'n devolusie van gesag vanaf die eerste en tweede vlak na die plaaslike vlak meegebring. Afwenteling van gesag het noodwendig gelei tot groter ouerlike inspraak, seggenskap en verantwoordelikheid (Van Wyk, 1981:118). Volgens Stone (T.O.D., 1984 (a):17-18) is 'n verfyning van bestaande statutêre liggame en herbesinning van die vennootskap tussen ouer en onderwyser dringend nodig.

Dit blyk nodig te wees om 'n onderskeid te tref tussen

ouerbetrokkenheid wat meer gerig is op geïnstitusioneer- liseerde kontak in die vorm van bestuursrade (wat slegs op die plaaslike vlak realiseer) en ouerbetrokkenheid wat statutêr vasgelê is. Laasgenoemde dui op ouerbe- trokkenheid en seggenskap by alle fasette van die on- derwys en die operasionalisering daarvan op alle vlakke te wete sentrale, streeks- en plaaslike vlak.

Stone (T.O.D.,1984 (a):17-18) beskryf ouerbetrokkenheid as "betekenisvolle kontak". Kontak kan dan individueel of kollektief wees met 'n vooropgestelde doel. Voorts kan kontak volgens verskeie benaderingswyse geskied, naamlik mondeling of skriftelik; kontak kan ook volgens die aard van die organisasie, statutêre of vrye or- ganisasies wees. Betekenisvolle kontak impliseer eg- ter dat ouerbetrokkenheid afgestem behoort te wees op die opvoedkundige welsyn van die kind (Barnard, 1982: 2145).

As ouerbetrokkenheid by die skool geïnterpreteer word as die ouer se bydrae as opvoedingsvennoot, blyk dit dat ouerbetrokkenheid gerig is op die bydrae van elke individuele ouer. Betrokkenheid impliseer dan hegte samewerking en wyses van samewerking, sodat ouer en onderwyser kragte kan konsolideer tot beswil van die kind (Vlok, 1974:24).

'n Realistiese siening van oerbetrokkenheid behoort nie die verwagting te skep dat alle ouers in dieselfde mate by alle skoolaktiwiteite betrokke sal wees nie. Navorsers is dit eens dat 'n ouergemeenskap nie 'n homogene groep is nie en dat alle ouers nie oor dieselfde kam geskeer kan word nie. Fernandez (1980:16) konkludeer dat die doel van oerbetrokkenheid gerig is op die volle samewerking van sekere ouers vir wie die skoolorganisasie 'n prioriteit is, gedeeltelike samewerking (betrokkenheid) van 'n kleiner groepie ouers, en geen samewerking van sekere ouers. Dit word gemeld dat honderd persent samewerking onwaarskynlik is en dat skole moet streef na betekenisvolle deelname van 'n gedeelte van die ouergemeenskap en aktiewe werwing tot betrokkenheid van die hele ouergemeenskap (Fernandez, 1980:16).

Ten slotte blyk dit dat die gesin en skool samelewingsverbande is wat volgens die beginsel van soewereiniteit-in-eie kring 'n eie bevoegdheid het wat wedersydse gerespekteer moet word. Wat opvoedende onderwys betref, is beide partye gelyke vennote wat as 'n eenheid funksioneer met 'n gelykwaardige aandeel in die gesamentlike taak (Kruger, 1985:104). Onderwysers as professionele, kundige en opgeleide opvoeders kan oor bepaalde aspekte soos onderwysorganiserings,

personeelbestuur en -benutting, asook bepaling van werkprosedures, beter oordeel (Barnard, 1982:2158). Die onderwys mag egter ook nie terugdeins en sku wees om die ouer as bondgenoot te erken en te aanvaar nie (Scholtz, 1974:35).

5.2.3 Enkele faktore wat doeltreffende ouerbe- trokkenheid blokkeer

5.2.3.1 *Probleme gesien vanuit die gesigsveld van die ouer*

Van Schalkwyk (1983:18-19), Bridge (1976:383-385), Thompson (1977:37-38), Van Staden (1974:29) en Reichert (1980:8-9) noem die volgende probleme wat sinvolle ouerbetrokkenheid en samewerking in die skoolonderwys blokkeer:

- * Ouers voel die skool is voorskriftelik en dit stel hul negatief in. Ouers voel soms wantroue vanaf die skool aan.
- * Ouers is dikwels onkundig en bang vir die konsekwensies van betrokkenheid en bly liefs onbetrokke.
- * Ouers is dikwels bang dat die kinders benadeel en ge-etiketier word indien die onderwyser oor persoonlike inligting van vertroulike aard sou beskik.

- * Ouers voel soms negatief teenoor die skool omdat eie negatiewe belewenisse en ervarings met die kinders se skool geassosieer word.
- * Ouers begryp nie altyd hul plek en die aard van deelname aan die onderwys nie, en is dus nie bewus van hul verantwoordelikheid nie.
- * Inisiatief en leiding gaan gewoonlik uit vanaf die onderwyser en wanneer dit ontbreek, lei dit maklik tot belangeloosheid by die ouer.

5.2.3.2 *Probleme gesien vanuit die gesigsveld van die onderwyser*

Volgens Fernandez, (1980:14-17) kan die volgende aspekte genoem word:

- * Instansies betrokke by onderwysersopleiding bly in gebreke om die nodige kommunikasie met ouers te bewerkstellig. Soms begryp die onderwyser ook nie die plek en taak van die ouer nie.
- * Onderwysers sien soms nie kans om met die ouers te kommunikeer nie, aangesien sommige onderwysers meen dat hulle professionele vryheid bedreig sal word.
- * Onderwysers is gewoond daaraan dat sommige ouers nie betrokke wil raak nie. Dit kan die houding ontwikkel

dat onderwys eksklusief die taak van die onderwyser is.

- * Soms voel onderwysers ook dat ouers buitendien nie belangstel nie en dat ouers nie in die onderwys geïnteresseer is nie.
- * Onderwysers voel dikwels meerder- of minderwaardig teenoor ouers. Laasgenoemde wanneer ouers welvarende, professionele mense is, en eersgenoemde wanneer ouers arm en eenvoudig is.

5.2.4 Duidelike identifisering en definiëring van die rolle van die skool en die gesin

5.2.4.1 *Inleiding*

Navorsers is dit eens dat die soewereiniteit van die professionele bevoegdheid van die onderwyser deur die ouer erken moet word. Kruger, (1985:7) meld dat die grenslyn tussen dit wat deur die bevoegde ouer geregverdig beoordeel mag word, en dit wat streng as die terrein van die professionele onderwys beskou word, nie altyd so duidelik is nie. Daar bestaan bepaalde grysgebiede waar oorvleueling tog voorkom. Met wettigwillende vennote hoef daar oor die grysgebiede nie bekomernis te bestaan nie.

Die volgende sake is egter van belang, en daarom

behoort ouers en onderwysers daarvan kennis te neem:

- * Die skool is geen verlengstuk van die huis nie. Die skool het 'n eie bevoegdheid en funksie aanvullend tot die huislike opvoeding. Onderwysers neem nie die plek van die ouer oor nie, maar is gesagsbekleërs in die plek van die ouers tydens skoolure (Mulder, 1972: 10-11).
- * Die ouer bly verantwoordelik vir die totale opvoeding van die kind. Die skool se primêre verantwoordelikheid is die verstandelike opvoeding van die kind. Die skool bied verder geleenthede vir die kind se religieuse, sosiale, maatskaplike, kulturele en liggaamlike opvoeding (Van Schalkwyk, 1981:83-88).
- * Onderwysers is primêr opgelei vir formele onderrig van onderwys en kan nie die gesin se sosiaal-maatskaplike probleme oplos nie. Die skool kan nie verander in 'n gesinsterapeutiese instituut nie (Reichert, 1980:2).

5.2.4.2 *Primêre en sekondêre opvoedingsinstellings*

Die huisgesin word dikwels beskryf as die primêre opvoedingsinstelling en die skool as die sekondêre opvoedingsinstelling (vgl. par. 4.2.4).

Die grysgebiede waarvan daar sprake was in die vorige paragrawe, bestaan juis omdat gesin en skool as samelewingsverbande ten opsigte van die onderwys onderling met mekaar vervleg is (vgl. par.2.3.5.4). Alhoewel daar vervlegting bestaan is elkeen ook soewerein in eie kring (Barnard, 1984:201).

Die begrip primêre opvoedingsinstelling word deur navorsers beskryf as die eerste en belangrikste opvoedingsinstelling (Reichert, 1980:8). In hierdie verband beteken dit dat die gesin eerste is in die aanbied van opvoedings- en leergeleenthede. Ouers is dan ook die belangrikste bepalers van die gees en rigting van die kind se opvoedende onderwys.

Die skool as 'n sekondêre opvoedingsinstelling vul die huislike opvoeding aan. Daar bestaan dus wisselwerking tussen die gesin en die skool. Hierdie wisselwerkende verhouding veronderstel gesamentlike verantwoordelikheid, aktiewe meelewing, begrip vir mekaar se probleme, lojaliteit teenoor mekaar en 'n gemeenskaplike doel, naamlik die totale opvoeding van die kind (Niemann, 1985:58).

5.2.4.3 *Die opvoedingsvennote se verantwoordelikheid teenoor mekaar*

Ondersoekers is dit eens dat gesin en skool 'n

wedersydse verantwoordelikheid teenoor mekaar het.

Navorsers soos Steyn (1985 (a):65-67), Reichert (1980:8-9) Scholtz (1974:33-35) en Mulder (1972:10-11) wys daarop dat die ouers veral aangewese is op die professionele leiding en advies ten opsigte van opvoedingsbeginsels.

Ten slotte behoort ouers medeverantwoordelikheid te neem vir die beplanning, organisering, beheer en finansiering van die onderwys. Die ouers moet ook sorg dra dat die onderwys normgetrou is aan hul eie lewensbeskouing (Steyn, 1985 (a):64).

5.3 BEPAALDE BEHOEFTE VAN OUIERS OM SINVOL BY OPIVOEDENDE ONDERWYS BETROKKE TE WEES

5.3.1 Inleiding

Uit die voorafgaande beredenering is dit duidelik dat die onderwyserskorps en die ouers vennote behoort te wees in die onderwys van die kinders. Volledige ouervennootskap veronderstel sekere kundighede by die ouergemeenskap (vgl. par. 4.4). Om hierdie kundighede te verwerf, moet toerustingsgeleenthede vir die ouers geskep word. Om nou vas te stel watter bydrae die Onderwysadviseur: Voorligting tot die toerusting van die ouers kan lewer, word verderaan uit die beredenering uit die vorige hoofstukke n

samevatting gemaak van die kundighede wat ouers benodig.

5.3.2 Kennis as noodsaaklike behoefte van ouers-in-organisatie om sinvol by opvoedende onderwys betrokke te wees

5.3.2.1 *Inleiding*

Navorsers is dit eens dat ouers slegs 'n sinvolle bydrae tot opvoedende onderwys kan maak indien daar oor die nodige kennis beskik word. Dit word algemeen aanvaar dat baie ouers tans gespesialiseerde kundiges op verskillende terreine van die onderwys is, en daarom sinvolle bydraes ten bate van die onderwys kan lewer. Daaruit kan die afleiding gemaak word dat ouers nie as onkundig beskou word nie, maar dat ouers toegerus moet word oor die wyse waarop hulle kundighede tot voordeel van die onderwys aangewend kan word. Waar ouers nie oor hierdie kundighede beskik nie, behoort die skool die nodige ouervoorligting aan te bied (vgl. par. 5.2.4.3).

5.3.2.2 *Kundighede waaroor ouers-in-organisatie moet beskik*

Die totale opvoeding van die kind bly die verantwoordelikheid van die ouer. Daarom is kennis van

die uitvoering van die primêre opvoedingstaak van die ouer n voorvereiste (vgl. par. 4.4.1). Ouers-in-organisasie soos die Afrikaanse Ouervereniging stel die toerusting van ouergemeenskappe vir die uitvoering van die ouerlike opvoedingstaak as n belangrike prioriteit (vgl. par. 4.3.3.6). Die ouerlike opvoedingstaak behels die tuisbring van bepaalde norme aan die kind in die atmosfeer van liefde en ouerlike gesag (vgl. par. 4.2.4). Ten einde hierdie taak te volvoer, het ouers die volgende kundighede nodig:

- * Ouers behoort kennis te dra van bepaalde voorwaardes vir n goeie verhouding tussen opvoeder en opvoedeling. n Gesonde verhouding tussen ouer en kind word gekenmerk deur n gesagsverhouding tussen ouer en kind, n onderlinge begripsverhouding en n vertrouensverhouding (Pretorius, 1976:123-125).
- * Ouers behoort kennis te dra van bepaalde opvoedingsbelemmerende faktore binne die gesin (vgl. par. 3.5.2.6). Hierdie faktore kan aangeleenthede wees soos:
 - . gesinsonvolledigheid;
 - . drankmisbruik deur n ouer of beide ouers;
 - . swak sosio-ekonomiese toestande, en

- . disharmonie in die gesin.

* Ouers behoort kennis te dra van bepaalde sosiaal-maatskaplike vraagstukke wat 'n negatiewe invloed het op die opvoeding van die kind. Hierdie faktore behels:

- . die vraagstuk van verstedeliking en industrialisasie;
- . nasionale en internasionale tussenmenslike spanningstoestande;
- . die invloed van welvaart en armoede, en
- . vervlakking van sedelike norme (Joubert, 1972:4-9).

* Ouers behoort kennis te dra van bepaalde opvoedingsfoute wat gemaak kan word soos:

- . verwenning van die kind,
- . oorbeskerming,
- . verwaarlosing,
- . oorstrengheid, en
- . verwerping (Pretorius, 1976:44-46).

5.3.2.3 *Kennis ten opsigte van die onderwysstelsel*

Ouers kan nie 'n positiewe bydrae tot opvoedende onderwys lewer as hulle nie oor basiese kennis van die onderwysstelsel beskik nie. Hierdie kennis behels

die struktuur, samestelling en funksionering van die onderwysstelsel.

Ten einde sinvol by onderwys betrokke te wees, moet van die oueraandeel deeglik beplan word. Die bevoegdheidsterrein van die ouer moet ook duidelik bepaal word. Beplanning van oueraktiwiteite asook bepaling van die bevoegdheidsterrein van die ouer kan nie geskied as daar nie by die ouerverenigings kennis van die terrein - die onderwysstelsel-in-funksie - bestaan nie (vgl. par. 4.4.3).

5.3.3 Slot

Ten einde die ouers toe te rus met die nodige kennis is ouers aangewese op kennis. Die Onderwysadviseur: Voorligting kan met kundige beplanning die nodige leer-geleenthede skep om ouers-in-organisasie toe te rus vir die primêre opvoedingstaak. Toegeruste ouers vir die opvoeding van hulle kinders is ook in staat om sinvol betrokke te wees by opvoedende onderwys.

5.4 DIE TAAK EN BEVOEGDHEIDSTERREIN VAN DIE ONDERWYSADVISEUR: VOORLIGTING

Die taak van die Onderwysadviseur: Voorligting sal nie weer volledig bespreek word nie, aangesien dit reeds in hoofstuk 3 (par. 3.5.2.6) volledig gedoen is.

Daar sal slegs gelet word op daardie take en bevoegdheidsterreine van die Onderwysadviseur: Voorligting wat gelewer kan word tot voordeel van die ouergemeenskap.

Soos vermeld (vgl. par. 3.5.2.6) is die gesin en gesinsopvoeding die belangrikste arbeidsveld van die Onderwysadviseur: Voorligting. Die onderwysadviseur kan n bydrae lewer aan die ouergemeenskap wat die volgende aspekte van opvoedende onderwys in die gesin raak (vgl. par. 3.5.2.6):

* Opvoedingsfoute van ouers. Ouers maak dikwels die volgende opvoedingsfoute:

- . fisiese en geestelike verwaarlosing;
- . verwenning;
- . verharding;
- . oorbeskerming;
- . oorstrengheid;
- . onstabiliteit in die gesin, en
- . neurotisering van die kinders (Pretorius, 1976:41-46).

* Verhoudingsversteuringe in die gesin wat die opvoeding van die kinders nadelig beïnvloed (Pretorius, 1976:48-50). Die volgende verhoudingsversteuringe is toepaslik:

- . Verwerpingsverhouding van een of beide ouers;
 - . Oormatige gevoelsbinding tussen ouer en kind;
 - . mededingingsverhouding tussen broers en susters, en
 - . disharmonieuse huweliksverhoudings.
- * Besondere gesinsituasies wat die opvoeding van die kind nadelig kan beïnvloed is die volgende:
- . gesinsonvolledigheid,
 - . werkende moeders, en
 - . gesinsposisie van die kind (Pretorius, 1976:50-52).
- * Voorts beskik die Onderwysadviseur: Voorligting oor kennis van algemene sosiopedagogiese probleemvelde, naamlik:
- . die eietydse jeugverset en jeugvervreemding;
 - . drank- en dwelmprobleme;
 - . die probleem van skoolpligontduiking en vroeë skoolverlating;
 - . die probleem van die milieugestremde kind;
 - . die probleem van jeugdelike wangedrag en jeugmisdaad asook jeugsubkultuur;
 - . die generasiegaping;

- . geestelike vervlakking en kerkloosheid, en
- . seksuele verwarring.

* Sosiopedagogiese probleemvelde as gevolg van bepaalde samelewingstendense:

- . industrialisasie en verstedeliking,
- . tegnologiese ontwikkeling,
- . welvaart en armoede,
- . massafikasje, en
- . snelle verandering, onvoorspelbaarheid en onsekerheid oor die toekoms (Pretorius, 1979:96-144).

Ten slotte kan vermeld word dat die Onderwysadviseur: Voorligting kennis en insig het van die behoeftes van die ouer, en die ondersteuning wat hul nodig het vir die uitvoering van die opvoedingshandeling. Kennis oor hoe opvoeding geskied, die voorwaardes vir suksesvolle opvoeding, opvoedingsdoelwitte en die grense van opvoeding, is voor-die-hand-liggend.

Op grond van die voorafgaande beredenering kan die volgende dienste dus deur die Onderwysadviseur: Voorligting aan die ouers gelewer word:

* Voorligting

Die Onderwysadviseur: Voorligting gee voorligting aan ouers en trag om ouers daardeur te lei tot insig in die ontwikkeling van en moontlike opvoedingsfoute by die kind. Voorligting ten opsigte van sake soos ontwikkelingsprobleme van die kleuter, laerskoolkind, puber en adolessent, die effek van die afwesige vader en werkende moeder op die ontwikkeling van die kind is moontlik (par. 3.5.2.6).

Tans geskied hierdie voorligting individueel of in gesinsverband. Dieselfde voorligting kan egter in groepsverband gedoen word. Ouerverenigings kan hierdie diens van die Onderwysadviseur: Voorligting vir lede bekom op aanvraag.

* Advisering

Met hierdie bemoeienis - indien nodig - poog die Onderwysadviseur: Voorligting om bepaalde wysiginge aan te bring in die opvoedingsmilieu van die kind.

Ouers word geadviseer oor die korrekte wyse van hantering van die kind, byvoorbeeld ten opsigte van die tug en dissiplinering. Die Onderwysadviseur: Voorligting adviseer ouers ook oor die oorplasing van kinders na koshuise en kliniekskole as sodanige

optrede in die opvoedkundige belang van die kind blyk te wees (vgl. par. 3.5.2.6).

* Bemiddelende gesprekke

Hier tree die Onderwysadviseur: Voorligting op as bemiddelaar waar 'n versteurde opvoedingsverhouding bestaan en waar daar ongesonde kompetisie, nydigheid en wraakgevoelens teenoor ouers of kinders gekoester word.

* Begeleidende kontak

Hierdie weg word gevolg indien voorligting, adviesing of bemiddeling nie geslaag het nie. Voortgesette kontak met die kind, ouers en skool vind dan plaas oor 'n lang periode.

* Verwysing

Soms is dit nodig dat die Onderwysadviseur: Voorligting die hulp van ander deskundiges inroep. Dan word kinders en ouers verwys na sielkundiges, maatskaplike werkers en ander instansies of professionele persone (vgl. par. 3.5.2.6).

* Die fokuspunte van die arbeidsveld is skakeling met die ouers, onderwysers en kinders. Daarom kan die

Onderwysadviseur: Voorligting sinvol betrek word deur ouerverenigings wat die volgende sake betref:

- . Die Onderwysadviseur: Voorligting kan as arbiter en bemiddelaar tussen 'n gesin, die skool en ouervereniging optree. Dit behels die uitwissing van onkunde en die skep en ontwikkeling van 'n vertrouensverhouding tussen kinders, ouers en onderwysers. Ook vir die skepping van wedersydse respek en begrip.
- . Die problematiek van die milieugestremde word deur navorsers gemeld as 'n terrein waarop ouerverenigings 'n groot bydrae kan lewer (T.O.D., 1984 (a):16). Bewuste aktivering van ouers en voorligtingsprogramme wat ouerbetrokkenheid aanmoedig, is ook in baie ander lande bekend.

Ten opsigte van die milieugestremde kind lewer die Onderwysadviseur: Voorligting 'n groot bydrae (vgl. par. 3.5.2.6). Dit geskied in die vorm van koshuisplasinge en beursaansoeke vir die toelating tot provinsiale vervoerskemas en koshuise. Voorts is die Onderwysadviseur: Voorligting ook gemoeid met kinders wat hul skuldig maak aan skoolpligversuim. Die algemene taak van die Onderwysadviseur: Voorligting is die skep van 'n positiewe

gesindheid by ouers teenoor die skoolopvoeding. Die Onderwysadviseur: Voorligting is nie primêr geïnteresseerd in die fisiese teenwoordigheid van die kind alleen nie, maar in die verwydering van hindernisse sodat kinders die skool sal bywoon (vgl. par. 3.5.2.6).

Omdat die Onderwysadviseur: Voorligting 'n veldwerker is en dikwels in die gemeenskap rondbeweeg, word gesinne met hoë risiko maklik geïdentifiseer. Die Onderwysadviseur: Voorligting diagnoseer en interpreteer simptome wat voorkom en verwys hierdie gesinne na gesinsorganisasies (vgl. par. 3.5.2.6).

Ouers-in-organisasie behoort wat die milieuge-stremde kind betref, 'n groter verantwoordelikheid te dra. Aspekte soos die voorsiening van kos en klere kan deur ouerverenigings hanteer word. Voorts kan ouers ook 'n bydrae lewer tot die voorsiening van bepaalde fasiliteite soos speelapparaat en nasorgsentrums.

* Slot

Uit die voorafgaande bespreking het dit geblyk dat

die Onderwysviseur: Voorligting oor bepaalde kennis, insigte en vaardighede beskik om bepaalde dienste aan die ouers-in-organisasie te kan lewer. Voorts sal daar aandag gegee word aan die skakeling tussen die Onderwysadviseur: Voorligting en die skoolouers.

5.5 VOORSTELLE TEN OPSIGTE VAN DIE SKAKELING EN SKAKELINGSWYSES TUSSEN DIE ONDERWYSADVISEUR: VOORLIGTING EN DIE SKOOLOUERS

5.5.1 Inleiding

In die verlede het die skakeling tussen die Onderwysadviseur: Voorligting en die skoolouers, en die eventuele hulp en steungewing van die Onderwysadviseur: Voorligting op 'n individuele of gesinsbasis berus. Ongelukkig het die Onderwysadviseur: Voorligting weinig en soms geen toegang tot georganiseerde ouer-onderwysersskakeling gehad nie. Die Onderwysadviseur: Voorligting was dus nie by magte om voorligting, die verskaffing van inligtingadvies, bemiddeling en ver wysing op 'n kollektiewe basis te doen nie (Steyn, 1985(b):2).

Met die daarstelling van onderwyshulpsentrums wat onder andere deur onderwysadviseurs beman word, het die klem op 'n voorkomingsdiens begin val (vgl. par.

3.4.4). Allerweë word besef dat voorkoming of verdeling van opvoedingsfoute en/of opvoedingsprobleme op 'n breë front moet geskied. Ten einde voorkomend op te tree, moet alle betrokkenes by opvoedende onderwys ten nouste skakel en saamwerk (T.O.D., 1984 (a):193).

In die praktyk beteken skakeling en samewerking dat opvoedingsvennote en in hierdie geval die Onderwysadviseur: Voorligting en die ouergemeenskap opsetlik sal beplan om 'n volgehoue, wedersydse verstandhouding te stig en te handhaaf. Uit hierdie verhouding behoort doelgerigte en geïntegreerde samewerkingstrukture te ontstaan (Steyn, 1985 (b):1-2).

5.5.2 Doelstellings

Die volgende doelstellings word beoog met die skakeling tussen die Onderwysadviseur: Voorligting en ouerverenigings (vgl. parr. 5.2.5.3 en 5.4):

- * om 'n beter verhouding tussen die huis en die skool daar te stel;
- * om steun te gee aan enige werklike poging om die sosiale omgewing van die kind te verbeter;
- * om die skool bewus te maak van die behoeftes, belangstellings en houdings van die ouers, en

* om die ouers deur vrywillige hulpprogramme en same-sprekings toe te rus om hul kinders in die onderwysgebiede by te staan.

5.5.3 Voorgestelde strukture vir die skakeling tussen die Onderwysadviseur: Voorligting en ouers-in-organisasie

5.5.3.1 *Inleiding*

In die Transvaalse onderwysvoorsiening bestaan twee strukture waardeur sinvolle kontak tussen die Onderwysadviseur: Voorligting en die ouergemeenskap bewerkstellig kan word. Dié twee strukture is die skoolvoorligtingsprogram wat in alle skole van die Transvaalse Onderwysdepartement aangebied word en tweedens die TAOV wat die skoolouers-in-organisasie verteenwoordig.

5.5.3.2 *Die skoolvoorligtingsprogram*

In Transvaal word 'n voorligtingsprogram in die skole deur die Onderwysdepartement geïmplementeer. Hierdie program bestaan uit verskillende komponente, naamlik beroepsleiding, opvoedkundige leiding en die voogstelsel (T.O.D., 1972:2).

Steyn (1985 (b):4) is die mening toegedaan dat die korrekte implementering van hierdie komponente die mees effektiewe wyse behoort te wees om opvoedingsprobleme te voorkom (vgl. par. 3.3).

Navorsers het uiteenlopende menings oor die sukses van hierdie stelsel. So beweer Vlok (1974:24) dat die voogstelsel aan ouers en onderwysers die geleentheid gee om mekaar te ontmoet en kragte saam te smee vir die opvoedingstaak. Maritz (1974:74) beweer dat alhoewel dit 'n stap in die regte rigting is, die huidige stelsel baie beperkinge het en meestal nie 'n bevredigende kontaksituasie of vennootskapsverhouding daarstel nie. Dat daar probleme en leemtes in die voogstelsel is, word nie betwis nie, dog dit bied onteenseglik die geleentheid vir ouers en onderwysers om 'n persoonlike, van-aangesig-tot-aangesig-verhouding in die belang van die opvoeding en onderwys van die kind, te stig.

Ten einde deur middel van die skoolvoorligtingsprogram werklike ouerbetrokkenheid te vestig, kan die Onderwysadviseur: Voorligting 'n groot bydrae lewer deur die implementering van die voogstelsel. So kan die voogst onderwyser byvoorbeeld help om kontak met die moeilik bereikbare probleemouer te maak. Ondervinding het

geleer dat besondere kommunikasievaardighede nodig is vir onderhandeling met dié ouers. Waar voogonderwysers nie met hierdie ouers kan kontak maak nie, behoort die Onderwysadviseur: Voorligting as rondreisende veldwerker hierdie ouers te besoek om die nodige brug- en skakelwerk te verrig.

Dikwels ontstaan misverstand as gevolg van konflik en 'n gebrek aan inligting tussen die ouer en die skool. Soms bestaan daar aggressie en antagonisme by sommige ouers teenoor die skool. Die Onderwysadviseur: Voorligting kan in sulke gevalle as arbiter en bemiddelaar optree om die misverstand uit die weg te ruim, deur belangrike inligting na beide partye oor te dra. So kan die Onderwysadviseur: Voorligting voorligting aan die ouer gee ten opsigte van die vereistes wat die skool aan die gesin stel. Die behoeftes en probleme van die gesin kan weer aan die voogonderwyser oorgedra word. Op hierdie wyse word 'n goeie begrips- en vertrouensverhouding gestig (vgl. par. 5.2).

Die Onderwysadviseur: Voorligting behoort die gesin as primêre opvoedingsinstelling aan die hand van fundamenteel-sosioopedagogiese kategorieë te kan evalueer. Opvoedingsleemtes en -foute wat deur die ouers gemaak word, kan onder die ouers en voogonderwyser se

aandag gebring word, en gesamentlik kan daar oplossings gesoek word.

In die implementering van die program vir opvoedkundige leiding kan die Onderwysadviseur: Voorligting ook sinvol ingespan word. Baie aspekte van die geestesweerebaaerheidsprogram behoort met kinders en ouers gesamentlik hanteer te word. Die Onderwysadviseur: Voorligting kan gebruik word om van hierdie sosiopedagogiese aspekte met ouers en kinders te hanteer.

Aspekte soos dwelmafhanklikheid, sekularisme, jeugmisdaad en vele ander sake kan deur die Onderwysadviseur: Voorligting aan ouers en kinders voorgehou word.

5.5.3.3 Skakeling tussen die Onderwysadviseur: Voorligting en die TAOV

Die TAOV het as een van sy doelstellings die toerusting van die ouers vir hulle oerlike taak (vgl. par. 4.3.3.6). Op grond van hierdie doelstelling en op grond van die bevoegdheidsterrein van die Onderwysadviseur: Voorligting (vgl. par. 3.5.2.6) blyk dit dat die TAOV 'n uitnemende skakelingstruktuur is waardeur geleentheid vir die Onderwysadviseur: Voorligting geskep kan word om die ouers tot meer sinvolle oerbetrokkenheid toe te rus.

Ten einde hierdie belangrike doelstelling van die TAOV ten volle te laat realiseer, word voorgestel dat elke plaaslike TAOV-tak 'n subkomitee saamstel, wat spesifiek bedoel is vir voorligting en opvoedkundige dienste aan die ouers. Hierdie komitee behoort primêr verantwoordelik te wees om geleenthede te skep waardeur die ouers vir hulle ouerlike verantwoordelikheid toegerus kan word en op grond van sy bevoegdheidsterrein is die Onderwysadviseur: Voorligting een van die belangrikste persone om dié subkomitee by te staan in die uitvoering van die komitee se taak.

Die werksaamhede van hierdie komitee behoort veral toegespits te wees om voorligting en inligting aan alle lede van die ouervereniging beskikbaar te stel, met betrekking tot sake van algemene opvoedkundige belang en spesifieke opvoedingsprobleme wat by die kinders en in die huis kan bestaan (vgl. par. 3.5.2.6). Ten opsigte van hierdie voorligting kan die Onderwysadviseur: Voorligting 'n besondere nuttige bydrae lewer.

Op grond van sy verantwoordelikheid skakel die Onderwysadviseur: Voorligting dikwels met persone en organisasies wat betrokke is by die hantering van probleme in die breë samelewing. Die Onderwysadviseur:

Voorligting is dan besonderlik in staat om die kundighede van sodanige persone en organisasies, byvoorbeeld maatskaplike werkers, sielkundiges, kommissaris van kindersorg en die Suid-Afrikaanse Raad insake Alkoholisme en Afhanklikheid van Verdowingsmiddels, op 'n voorligtingsbasis aan die ouers beskikbaar te stel.

Met behulp van die Onderwysadviseur: Voorligting kan hierdie komitee ook bepaalde sosiaal-maatskaplike dienste en fasiliteite, soos wat deur die skoolouer-gemeenskap benodig mag word, daarstel. Sodanige dienste is byvoorbeeld:

- * hulp aan gesinne soos wanneer die moeder in die gesin gehospitaliseer word;
- * die verskaffing van voedsel en klere aan noodlydendes;
- * die oprigting van naskoolsentrums en ander speel- en -werkgroepe;
- * bystand aan behoeftige kinders byvoorbeeld ten opsigte van die deelname aan uitstappies en opvoedkundige toere, en
- * die organisering van uitstappies of naweekkampe ter bevordering van gesonde ouer-kind-verhoudings.

5.5.3.4 *Samevatting*

Twee strukture, naamlik die skoolvoorligtingsprogram en die TAOV, is tot die beskikking van die Onderwysadviseur: Voorligting om sy bydrae tot die bereiking van doeltreffende oerbetrokkenheid by die onderwys in Transvaal te lewer. Verskillende wyses bestaan nou waarop die Onderwysadviseur: Voorligting deur middel van genoemde strukture met die ouers kan skakel ten einde die ouers vir doeltreffende oerbetrokkenheid toe te rus.

5.5.3.5 *Moontlike skakelingswyses tussen die Onderwysadviseur: Voorligting en die skoolouers*

* Vergaderings

Die doel met vergaderings is om aan die ouers inligting te verskaf. Tydens vergaderings kan ook groter begrip en vertroue tussen ouers en die skool geskep word. Die Onderwysadviseur: Voorligting behoort veral by die vergaderings van die voorgestelde komitee vir opvoedkundige dienste aktief betrokke te wees.

* Die stigting van belangegroep

Ouers het nie almal dieselfde behoeftes, probleme en belange nie. dit behoort sinvol te wees om te differensieer in die aanbieding van voorligting aan oerliggame. Ouers met gemeenskaplike probleme

put bemoediging uit die bewuswording dat gemeenskaplike probleme met mekaar gedeel kan word, byvoorbeeld enkelouers, ouers met hoogbegaafde of swakbegaafde kinders (Reichert, 1980:9).

* Persoonlike skakeling

Die Onderwysadviseur: Voorligting kan deur persoonlike skakeling die volgende gesprekke met ouers voer:

- . voorliggende gesprekke,
- . adviserende gesprekke,
- . bemiddelende gesprekke, en
- . verwysende gesprekke (vgl. par. 3.5.2.6).

* Ouerbegeleidingskursusse

As opvoedkundige is die Onderwysadviseur: Voorligting in staat om bepaalde ouerbegeleidingskursusse aan te bied. Daar bestaan baie sulke kursusse wat deur professionele persone soos sielkundiges en maatskaplike werkers opgestel is (Van Wyk, 1983 (b):14). Hierdie kursusse bied leergeleenthede aan die ouers ten opsigte van fundamenteel pedagogiese aangeleenthede, soos:

- . dissipline en gesag,
- . straf,
- . kommunikasie,

- . konflik hantering en probleemoplossing, en
- . gesins- of seksuele voorligting.

Hierdie kursusse bevorder interpersoonlike sensitiviteit en die gehalte van ouer-kindkommunikasie (Gordon, 1975:2).

* Lesings

Die Onderwysadviseur: Voorligting kan in samewerking met die hoof vergaderings reël waarheen sprekers uitgenooi word om groepe ouers toe te spreek.

Dikwels tree die Onderwysadviseur: Voorligting self op voor groepe ouers (T.O.D., 1977 (c):2-3). Dikwels is daar ook 'n behoefte by kerklike- en diensorganisasies aan 'n spreker om lede oor een of ander aspek in die Opvoedkunde toe te spreek. Muro (1970: 234) wys daarop dat die gesagstruktuur van 'n gemeenskap gewoonlik verteenwoordig is in hierdie organisasies. Die Onderwysadviseur: Voorligting kan dus van sulke geleenthede gebruik maak om die noodsaaklikheid van ouerbetrokkenheid by die onderwys aan invloedryke gemeenskapslede bekend te stel.

* Groepsbesprekings

Joubert (1984:4) wys daarop dat in 'n toenemende mate

van groepsdinamiese kennis gebruik gemaak word. Die tegniek van groepsbesprekings kan ook baie nuttig deur die Onderwysadviseur: Voorligting gebruik word in die skakeling met ouers en onderwysers.

* Gespreksgroepe

Gespreksgroepe word veral gebruik met ouers wat gemeenskaplike probleme het. Enkelouers kan byvoorbeeld gespreksgroepe stig en openhartig gesprek voer oor gemeenskaplike probleme.

Malan (1985:75) wys ook daarop dat hierdie tegniek baie vormende waarde het as dit met jeugdiges gebruik word. Die jongmens kry geleentheid om oor homself en van sy wêreld en probleme te praat. Dit bied die geleentheid om binne groepsverband uitdrukking te gee aan individualisme.

* Integrasiegroepe

Hierdie tegniek behels gewoonlik interaksie van gesinslede. Dit kan veral nuttig deur die Onderwysadviseur: Voorligting gebruik word by gesinne waar ernstige verhoudingsversteuringe voorkom. Van Wyk (1983 (a):95-96) wys daarop dat die gesinsgesprek 'n byeenkoms van gesinslede is wat gereeld behoort plaas te vind, en waartydens gehandel word oor

verskillende opvattinge, waardes, wense, planne, probleme en ontevredenheid. Die groot voordeel van hierdie gesprekke is dat dit veral onderlinge gesindhede van wedersydse begrip, respek en vertroue wek.

* Groepprojekte

Die voordeel van groepprojekte is veral daarin geleë dat daar sosiale interaksie onder die lede plaasvind. Ouers, kinders en onderwysers kan gesamentlik in projekte betrek word. Beter begrip kan op hierdie wyse bewerkstellig word (Van der Walt, 1984:36).

Jeugklubs en ander assosiasies en organisasies kan aan groepprojekte werk. Veral portuurgroepaktiwiteite kan nuttig gebruik word om portuurgroepnorme, -skakeling en -druk te evalueer, uit te skakel en te bewerkstellig, ten einde probleme te voorkom (Hancock, 1982:220-227).

* Vraelyste

Vraelyste wat met omsigtigheid opgestel is, kan 'n nuttige, kollektiewe skakelingswyse wees. Vraelyste bied die volgende voordele vir die Onderwysadviseur:
Voorligting:

- . dit verskaf inligting van byvoorbeeld wat 'n ouer se waarneming van sy kind is;
- . behoeftes kan blootgelê word;
- . gesindhede en houdings van ouers, onderwysers en kinders kan bepaal word, en
- . dit is 'n nuttige evalueringstegniek om byvoorbeeld te bepaal of 'n bepaalde aksie suksesvol, leersaam of relevant was (Van der Walt, 1984:37).

* Ander tegnieke en metodes

Navorsers soos Barnard (1982 (a):112-117); Van der Walt (1984:33-38 en Alberts (1974:113-124) noem ook die volgende tegnieke wat die Onderwysadviseur: Voorligting kan gebruik om doeltreffend met die ouers te skakel:

. Inligtingstukke

Inligtingstukke of kennisgewings in die vorm van briewe en gebruikmaking van die nuusmedia kan ook nuttig wees om bepaalde inligting oor relevante sake aangaande opvoeding en onderwys by die ouers uit te bring.

. Sosiodrama en rolvertolking

Dit is 'n metode wat gewoonlik gebruik word om indiwidue met probleme te help. Dit help 'n indiwidu

om sy gevoelens uit te druk. In groepsverband kan ook van dramatisering gebruik gemaak word om groepe insig in bepaalde sake te gee.

. Die nuusmedia

Die Onderwysadviseur: Voorligting kan die kommunikasie-media as steunende faktor gebruik om 'n groot aantal ouers gelyktydig te bereik en in te lig. Hier word gedink aan plaaslike koerante en streeks-radioprogramme. Video-opnames en plaaslike rolprente kan ook baie nuttig gebruik word om geleenthede te skep vir positiewe leersituasies vir die kind, ouer en onderwyser.

* Skakeling met gemeenskapsbronne

In elke gemeenskap bestaan daar bepaalde bronne wat nuttig deur die Onderwysadviseur: Voorligting gebruik kan word in die skakeling met oerliggame ter voorkoming van probleme. Instellings wat gebruik kan word is byvoorbeeld:

- . die kerk;
- . gesinsorganisasies soos die Christelike Maatskaplike Raad, die Ondersteuningsraad, die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie;
- . Suid-Afrikaanse Nasionale Raad insake Alkoholisme

en Afhanklikheid van Verdoewingsmiddels.

Skakeling met hierdie instellings kan by wyse van gesprekvoering, integrering van aktiwiteite en verwysing geskied. Hierdie organisasies beskik oor professionele kundigheid en dienste wat baie nuttig deur die oerliggame gebruik kan word. Voorts bied dit ook die geleentheid dat opvoeding en onderwys 'n gemeenskapstaak word (vgl. par. 5.3.2).

5.6 SLOT

In hierdie hoofstuk is meer bepaald gelet op die skakeling tussen die Onderwysadviseur: Voorligting en skoolouers. Daar is gelet op die dienste en bydraes wat die Onderwysadviseur: Voorligting kan lewer in die toerusting van die ouer in kollektiewe verband. 'n Poging is aangewend om te bepaal watter kundighede oerliggame nodig het om effektief by die opvoeding van kinders betrokke te wees.

Ten slotte is daar gewys op bepaalde strukture en bepaalde wyses waardeur die Onderwysadviseur: Voorligting met skoolouers behoort te skakel.

HOOFSTUK 6

SAMEVATTINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1 SAMEVATTING

Die doel van hierdie navorsing was:

- * om vas te stel watter kundighede verteenwoordigende oerliggame benodig om effektiewe betrokkenheid te verseker;
- * om te bepaal watter bydrae die Onderwysadviseur: Voorligting ten opsigte van hierdie behoefte kan lewer, en
- * om te bepaal watter strukture gebruik kan word om die verlangde skakeling tussen die Onderwysadviseur: Voorligting en die ouers, individueel of in groepsverband te bewerkstellig, ten einde 'n toerustingsgeleentheid te skep.

Om uitvoering aan hierdie doelstellings te gee, is daar in hoofstuk 2 aandag gegee aan die beskrywing van 'n onderwysstelsel. Die stelsel van onderwys hulpdienste en aanvullende hulpdienste is beskryf. Besonderse klem is gelê op die taak van die Opvoedkundige Hulpdiens in die onderwysuitvoering.

Daar is aangetoon dat 'n onderwysstelsel 'n vervlegting van onderwysgekwalfiseerde, -belanghebbende en knoopstrukture is. Die plek wat die ouers as onderwys= belanghebbende struktuur inneem, is uitgelig. Voorts is daar tot die gevolgtrekking gekom dat 'n stelsel van onderwyshulpdienste en aanvullende hulpdienste kenmerkend is van 'n moderne gesofistikeerde onderwys= stelsel.

In hoofstuk 3 is daar veral gelet op die Opvoedkundige Hulpdiens as faset van onderwysuitvoering in die skole van die T.O.D. Die taak van die Onderwysadviseur: Voorligting is in die verband breedvoerig bespreek.

In hierdie hoofstuk is aangetoon dat die Opvoedkundige Hulpdiens 'n knoopstruktuur is tussen die skool en die kultuurwêreld van die kind. Daar is gewys op die feit dat die Opvoedkundige Hulpdiens 'n omvattende diens lewer aan skole, ouers en kinders. Die primêre taak van die Opvoedkundige Hulpdiens is hulp en ondersteuning aan leerlinge met opvoedingsprobleme.

Die bevoegdheidsterrein van die Onderwysadviseur: Voorligting is bespreek. Daar is gewys op die feit dat die primêre taak van die Onderwysadviseur: Voorligting ouerbegeleiding is. Die Onderwysadviseur: Voorligting het ook 'n voorkomende taak wat

opvoedingsbelemmerende faktore betref. Hy is dus in die uitnemende posisie om ook voorligting en leiding te gee aan ouers-in-organisasie.

In hoofstuk 4 is aandag gegee aan gestruktureerde ouerbetrokkenheid. Die wyses waarop ouers by die onderwys betrokke kan wees, is uitgelig. Besondere klem is gelei op die mees resente ontwikkeling van ouerverteenwoordiging by die onderwys in Transvaal. Die samestelling, funksionering en bevoegdheid van onderwysbeheerliggame soos die skoolraad, streekraad en bestuursraad is bespreek. Aandag is ook gegee aan die bespreking van die stigting, doelstellings en funksionering van die TAOV as mees resente ouerverteenwoordigende liggaam in Transvaal.

Uit die bespreking van hierdie aspekte is tot die gevolgtrekking gekom dat samewerking tussen die ouers en die georganiseerde onderwys in Transvaal op 'n hoë vlak geskied.

Hoofstuk 5 is gewy aan 'n bespreking van moontlike strukture vir skakeling en van die skakelingswyses tussen die Onderwysadviseur: Voorligting en ouerverenigings. Die gesamentlike verantwoordelikhede van ouers en skool wat opvoedende onderwys betref,

is uitgelig. Voorts is aandag gegee aan bepaalde behoeftes wat ouers benodig om wel sinvol by opvoedende onderwys betrokke te wees. Die taak en bevoegdheidsterrein van die Onderwysadviseur: Voorligting is belig om aan te toon hoe hy dienste aan ouerverenigings kan lewer ten einde sinvol by die onderwys betrokke te wees. Ten slotte is aandag gegee aan bepaalde strukture en wyses van skakeling wat die Onderwysadviseur: Voorligting kan gebruik om kennis aan die ouers-in-organisasie oor te dra.

6.2 GEVOLGTREKKINGS

In die lig van wat uit die navorsing na vore kom, kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- * Dit het geblyk dat die bevoegdheidsterrein van die Onderwysadviseur: Voorligting juis die huisgesin is. Die kern van sy taak is juis ouervoorligting en ouerleiding.
- * Voorts het dit geblyk dat ouerverenigings bepaalde kundighede benodig om sinvol by opvoedende onderwys betrokke te wees.
- * Dit het ook geblyk dat die Onderwysadviseur: Voorligting wel oor die kennis beskik om bepaalde kennis aan ouerverenigings oor te dra.

- * Dat bestaande ouerverenigings soos die TAOV gebruik kan word om ouers te werf, te motiveer en tot groter betrokkenheid te aktiveer.
- * Dat daar 'n struktuur en meganisme bestaan binne die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel, naamlik die Opvoedkundige Hulpdiens en persone by name die Onderwysadviseurs: Voorligting, wat gebruik kan word vir die voorligting van ouerverenigings tot sinvoller betrokkenheid by opvoedende onderwys.

6.3 AANBEVELINGS

Dit word aanbeveel dat onderwyshoofde en personeel van die Opvoedkundige Hulpdiens gesamentlik sal beplan oor wyses waarop die personeel van die Opvoedkundige Hulpdiens 'n groter bydrae kan lewer ten opsigte van die toerusting en voorligting van die skoolouergemeenskap.

Dat hoofde van skole in samewerking met die personeel van die Onderwys hulpsentrums wyses sal bedink om die personeel van die Onderwys hulpsentrums te betrek by die program van onderwysvennootskap wat elke skool loots.

Dat die wyse van ouervoorligting op 'n kollektiewe of groepsbasis sal geskied.

Dat die werkwyse van die Onderwysadviseur: Voorligting ingestel sal wees om bepaalde leersituasies vir groepe ouers te skep ter voorkoming van opvoedingsprobleme by kinders.

6.4 AANBEVELINGS EN RIGLYNE MET DIE OOG OP VERDERE NAVORSING

Hierdie navorsing is onderneem met die oog om as agtergrond te dien vir moontlike skakeling tussen die Onderwysadviseur: Voorligting en ouerverenigings.

Verdere ondersoek behoort ingestel te word na die moontlike bydrae wat gemeenskapsorganisasies soos die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad insake Alkoholisme en Afhanklikheid van Verdowingsmiddels en ander diensorganisasies soos die Christelike Maatskaplike Raad, S.A.-Vrouefederasie, asook ander departemente soos die Departement van Gesondheid en Welsyn tot opvoedende onderwys kan lewer. Hier word veral gedink aan ouervoorligting, hulp en ondersteuning.

6.5 SLOTGEDAGTE

Met hierdie studie word nie aanspraak gemaak op gespesialiseerdheid of volledigheid nie, maar word die hoop uitgespreek dat dit 'n bydrae sal lewer tot begrip van die sogenaamde "plek" en verantwoordelikheid van die ouer binne die onderwysstelsel en dat dit die taak en houding van die georganiseerde onderwys in hierdie verband sal belig.

BRONNELYS

AFRIKAANSE OEUVERENIGING VIR CHRISTELIKE ONDERWYS
Grondwet, 1985. Grondwet goedgekeur op die ver=
gadering van die Nasionale Hoofbestuur gehou op
3 September 1985. Pretoria. (Ongepubliseerd.)

ALBERTS, N.P. 1974. Kernelemente in voorligting:
inleiding tot teorie en praktyk. Pretoria : Van
Schaik.

ANON. 1983. Riglyne vir die gebruik deur statutêre
ouerliggame. Suid-Afrikaanse Onderwysersraad,
1(1):1-23, Febr.

BARKHUIZEN, J.N.W. 1982. Die skoolhoof se taak by
doeltreffende kommunikasie tussen die skool en die
ouergemeenskap ter bevordering van die opvoedings=
vennootskap. Stellenbosch : US. (M.Ed.-verhandeling.
Ongepuliseerd.)

BARNARD, A.J. 1982. Die betrokkenheid van die ouer
in die skoolvoorligtingsproses: 'n empiriese studie.
Bloemfontein : UÔVS. (M.Ed.-verhandeling. Ongepubliseerd.)

BARNARD, S.S. 1979. Blanke onderwys in Transvaal in
histories-pedagogiese perspektief. Durban : Butterworth.

BARNARD, S.S. 1981. Vergelykende opvoedkunde vir
onderwysstudente. Durban : Butterworth.

BARNARD, S.S. 1982. Ouerbetrokkenheid by die op=
voeding en onderwys. (Fokus, 10(3):2139-2149, Sept.

BARNARD, S.S. 1984. Inleiding tot die vergelykende
opvoedkunde, Durban : Butterworth.

BEHR, A.L. 1978. New perspectives in South African education. Durban : Butterworth.

BOTHA, T.R. 1974. Die sosiale lewe van die kind-in-opvoeding. Pretoria : Pretoria Drukkers.

BRIDGE, R.G. 1976. Parent participation in school innovations. Teacher College Record, 77(3):366-384. Febr.

COETZEE, J. Chr. 1976. Inleiding tot die historiese opvoedkunde. Potchefstroom : Perskor.

CRAFT, M. & YOUNG, M. 1967. Linking home and school. London : Longmans.

CRUYWAGEN, W.A. 1982. Boodskap van die administrateur van Transvaal by die geleentheid van die stigtingsvergadering van die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging. Pretoria. (Ongepubliseerd.)

DE NECKER, J.G.J. 1985. Riglyne vir die hoof en personeel van die onderwys hulpsentrums ten opsigte van algemene en administratiewe aangeleenthede. Referaat gelewer tydens simposium vir hoofde van onderwys hulpsentrums en kinderleidingklinieke. Pretoria.

DE WET, J.T. 1979. Professionele oriëntering van die onderwysberoep. Durban : Butterworth.

ELOFF, S.J. 1983. Ouervereniging-groeipyne. Roeping en riglyne, 31(2):10-12, Jun.

FERNANDEZ, H. 1980. Parents rights and power as new dynamics in American school system. NASSP bulletin, 64(432):14-22, Jan.

GERBER, A.P. 1981. Die plek, taak en terrein van die kinderleidingkliniek in die Blanke Suid-Afrikaanse stelsel van gedifferensieerde onderwys en voorligting. Stellenbosch : US. (D.Ed.-proefskrif. Ongepubliseerd.)

GORDON, T. 1978. Parent effectiveness training. New York : New American library.

HANCOCK, B.L. 1982. School social work. Englewood Cliffs, NJ : Prentice-Hall.

HART, H. 1976. Die gesin van die toekoms. Potchefstroom : PU vir CHO. (Instituut vir die Bevordering van Calvinisme. Reeks F1. Studiestuk nr. 103.)

HATIINGH, D.L. 1975. Die plek van die ouergemeenskap in die onderwysstelsel. Pretoria. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsingsverslag (Nr. 0-32.)

JOOSTE, J.H. 1982. Toespraak tydens diplomaplegtigheid van Johannesburg College of Education. Johannesburg. (Ongepubliseerd.)

JOUBERT, J.J. 1972. Ouerverantwoordelikheid ten opsigte van onderwys en opvoeding van sy kind tuis, en die implikasies daarvan vir die onderwys en skoolorganisasie. Potchefstroom : PU vir CHO. (M.Ed.-verhandeling. Ongepubliseerd.)

JOUBERT, J.J. 1976. 'n Antropologies-personologies-pedagogiese verantwoording van skoolhulpdienste met besondere verwysing na Transvaal. Pretoria : Unisa. (D.Ed.-proefskrif. Ongepubliseerd.)

JOUBERT, D.D. & STEYN, A.F. 1984. Groepsdinamika: 'n inleiding tot die studie van klein groepe. Stellenbosch Universiteits-Uitgewers.

KRUGER, H.B. 1975. Die sielkundige- en voorligtingsdienste van die onderwysdepartemente in die Republiek van Suid-Afrika en Suid-Wes Afrika. Potchefstroom : PU vir CHO. (Studiestuk 61/75.)

KRUGER, H.B. 1983. Verslag as CNO-deputaat, IKKO-lid en voorsitter van die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging. Potchefstroom. (Ongepubliseerd.)

KRUGER, H.B. 1985. Ouerbetrokkenheid by die onderwys. SAOR-bulletin, 23:5-11, Jun.

KRUGER, H.B. 1986. Ouerbetrokkenheid by die onderwys. Rede gelewer tydens die gradeplegtigheid van die Fakulteit Opvoedkunde, PU vir CHO op 25 Maart 1986. Potchefstroom. (Ongepubliseer.)

LYONS, K.H. 1973. Social work and the school. London : Her Majesty's Stationary's Office.

MALAN, N. 1985. Die rol van die kerk in die voorkoming van jeugwangedrag. Pretoria : UP. (Sentrum vir Voortgesette Teologiese Opleiding.)

MARAIS, J.L. 1981. Kinderleidingklinieke van die onderwysdepartemente. Potchefstroom : PU vir CHO. (Diktaat 16/81.)

MAREE, H.O. 1982. Groeteboodschap van prof. H.O. Maree, voorsitter van die Transvaalse Onderwysersvereniging, by geleentheid van die stigtingsvergadering

van die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging. Pretoria.
(Ongepubliseerd.)

MARITZ, P.L. 1974. Volwaardige vennootskap in die
onderwys. Onderwysblad, 81(847:24-25, 28, 35, Apr.

MULDER, J.J. 1972. Die plek van die ouer in die onder=
wys. Taalgenoot, 41(4):10-11, Mrt.

MURO, J.J. 1970a. The counsellor's work in the ele=
mentary school. Scranton : International Textbook Co.

NIEMANN, G.S. 1985. Die skool gaan huis toe. Pot=
chefstroom : PU vir CHO. (Instituut vir die Bevor=
dering van Calvinisme. Reekds F3. Studiestuk nr. 24.)

OLIVIER, A.S. s.a. Die skoolsielkundige diens: n
gespesialiseerde diens. Pretoria.

PEDLEY, F.H. 1967. Education and social work. London :
Pergamon Press.

PRETORIUS, J.W.M. 1976. Die problematiese opvoeding=
situasie: n ortopedagogiek leerboek. Johannesburg :
McGraw-Hill.

PRETORIUS, J.W.M. 1979. Opvoeding, samelewing, jeug:
n sosiopedagogiese leerboek. Pretoria : Van Schaik.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1981.
Onderzoek na die onderwys: Verslag van die Hoofkomitee
van die RGN-onderzoek na die Onderwys. Pretoria.

REICHERT, S. & REICHERT, D. 1980. Partners in
education. Momentum, 11(2):8-9, May.

RUPERTI, R.M. 1974. Die onderwysstelsel in Suider-Afrika. Elsiesrivier : Nasionale Drukkery.

RUPERTI, R.M. 1977. Praktiese perspektiewe uit die vergelykende opvoedkunde. Pretoria : Van Schaik.

SCHOLTZ, I.P. 1974. Het die skool 'n voorligtings- of opvoedingstaak ten opsigte van die kind se ouers? Onderwysblad, 81 (847):33-35 Apr.

SCHUTTE, B.C. 1982. Die ouer in ons onderwysstelsel. Almanak van die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika, 108: 198-201, Jan.

SHARROCK, A. 1970. Home-school relations. New York : MacMillan.

SMIT, T.C. 1975. Christelike opvoeding en onderwys vir die Suid-Afrikaanse samelewing van môre: Die taak en koördinasie van die ouer, die skool en die staat ten opsigte van die opvoeding en onderwys. Die Unie, 72(3):89-98, Mrt.

SNYMAN, P.J. 1976. Die calvinistiese ouer se betrokkenheid in die onderwys: Die moontlikheid van die implementering daarvan in die praktyk. Potchefstroom : PU vir CHO. (M.Ed.-verhandeling. Ongepubliseerd.)

STEYN, A.F. & BREEDT, A. 1978. Die veranderde gesin. Pretoria : Human en Rousseau.

STEYN, H.J. 1980. Die beheer oor Blanke-onderwys in Suid-Afrika in histories-pedagogiese perspektief. Potchefstroom : PU vir CHO. (D.Ed.-proefskrif. Ongepubliseerd.)

STEYN, H.J. 1985a. Die huis gaan skool toe. Potchef=stroom : PU vir CHO. (Instituut vir die Bevordering van Calvinisme. Reeks F3. Studiestuk nr. 24.)

STEYN, H.J. 1985b. Samewerking tussen skool, onderwys=hulpsentrum en kinderleidingkliniek: 'n multi-profes=sionele benadering. Referaat gelewer tydens simposium vir hoofde van onderwys hulpsentrums en kinderleiding=klinieke. Pretoria.

STONE, H.J.S. 1974. Struktuur en motief van die onderwysstelsel: 'n studie in die vergelykende opvoed=kunde. Bloemfontein : Sacum.

STONE, H.J.S. 1981. Gemeenskaplikheid en diversiteit: 'n profiel van die vergelykende opvoedkunde. Johannes=burg : McGraw-Hill.

TERBLANCHE, J.d.V. 1986. Geleentheidswoord van mnr. J. d. V. Terblanche, direkteur van onderwys in Transvaal, gesprek tydens die streekskonferensies gedurende Febr. 1986. Pretoria.

THOMPSON, C. 1977. Discipline, the problem between home and school. Today's Education, 66(1):37-39, Jan./Feb.

TRANSSVAALSE AFRIKAANSE OEUVERENIGING. 1984. Grondwet van die Transvaalse Afrikaanse Oeuervereniging. Pretoria. (Ongepubliseerd.)

TRANSSVAAL. Onderwysdepartement. 1958. Die skool=komitee en sy betekenis. Hersien 1958. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1972. Omsendbrief no. 1 van 1972. Die implementering van jeugweerbaarheid. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1973. Omsendminuut 210 van 1973. Voorligting, jeugweerbaarheid en die voogstelsel. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1974. Omsendminuut 97 van 1974. Voorgestelde handleiding vir voorligting. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1976a. Handleiding en kode vir die personeel van die pedagogiese skoolhulpdiens. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1976.b. Omsendminuut 4 van 1976. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1976c. Handleiding vir die opstel van 'n nasorgverslag. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1977a. Identifisering, hulpverlening en verwysing van leerlinge met leerprobleme. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1977b. Handleiding vir die opstel van 'n deklassifiseringsverslag. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1977c. Handleiding : fundering en ouerbegeleiding. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1978. Handleiding vir algemene skoolorganisasie. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1979a. Handleiding vir die prosedure in verband met die hantering van aanmeldings. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1979b. Sielkundige en Voorligtingsdiens van die T.O.D. Handleiding opgestel vir samesprekings tussen die vakkundige personeel van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene en verteenwoordigers van die Opvoedkundige Hulpdiens. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1980a. Handleiding vir die voorsitter van die kinderleidingklinieke. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1980b. Handleiding vir die pedagogiese verantwoordbare handelingsplan ten behoeve van die gedragsgeremde leerling en sy ouers. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1980c. Sielkundige- en voorligtingsdiens. Handleiding en werkbeplanning. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1983. Handleiding - skakeling met buite-instansies. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1984a. Verantwoordbare onderwys. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1984b. Jaarverslag Opvoedkundige Hulpdiens. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1984c. Skematiese voorstelling van die organisasie en beheer van die nuwe struktuur van die Opvoedkundige Hulpdiens in Transvaal.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1985. Simposium vir hoofde van Kinderleidingklinieke en Onderwys hulpsentrum. Pretoria.

TRANSVAAL (Provinsie). Onderwysordonnansie no. 29 van 1953, soos gewysig 22/3/85. Pretoria: Staatsdrukker.

TRANSVAAL (Provinsie). 1985. Administrateurskennisgewing. Provinsiale Gazette, kennisgewing 1425, 17 Junie. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1967. Die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid (Wet 39 van 1967). Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1980. Dinamiese verandering in Suid-Afrika. Publikasie van die Departement van Buitelandse Sake en Inligting. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1983a. Witskrif oor Onderwysvoorsiening in die RSA. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1983b. Die Grondwet van die RSA (Wet 110 van 1983). Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1985. Die Wet op Onderwysbeleid vir Algemene Onderwyssake (Wet 76 van 1984). Pretoria : Staatsdrukker.

VAN DER GELD, M.G. 1968. Schoolmaatschappelijk werk. Een gesamentlijke uitgave van de Nasionale Federatie voor Kinderbescherming. Amsterdam. s.n.

VAN DER VYFER, J.D & JOUBERT, D.J. 1980. Persone en Familiereg. Johannesburg : Juta.

VAN DER WALT, J.L. 1980. Grondslae van die opvoedkunde. Potchefstroom, Pro Rege.

VAN DER WALT, J.L. 1983. Enkele vrae en antwoorde oor ouerbetrokkenheid in die onderwys en ouerverenigings. Potchefstroom, PU vir CHO.

VAN DER WALT, J.L. & POSTMA, W. 1984. 'n Leer- en werkboek in die fundamentele opvoedkunde. Potchefstroom : Pro Rege Pers.

VAN DER WALT, J.S. 1984. Skoolvoorligting. Isando, McGraw-Hill.

VAN EEDEN, 1979. Toespraak gehou tydens samesprekings tussen vakkundige personeel van Volkswelsyn en Pensioene, en verteenwoordigers van die Opvoedkundige Hulpdiens. Pretoria. (Ongepubliseerd.)

VAN LOGGERENBERG, N.T. 1966. Verantwoordelike opvoeding. Bloemfontein : Sentrale Pers.

VAN SCHALKWYK, O.J. 1981. Fokus op die onderwysstelsel. Durban : Butterworth.

VAN SCHALKWYK, O.J. 1983. Ouerbetrokkenheid by die onderwys. Pretoria : N.G.-Kerkboekhandel.

VAN STADEN, J.L. 1974. Ouerseggenskap in die onderwys. Onderwysblad, 81(84):29-33, Apr.

VAN WYK, J.G. 1981. Onderwysreg vir die onderwyser. Goodwood : Nasionale Boekdrukkery.

VAN WYK, D. 1983a. Die verhouding tussen ouer en kind. Kaapstad : Human en Rousseau.

VAN WYK, J.D. 1983b. Die evaluering van 'n ouerbegeleidingsprogram. Suid-Afrikaanse tydskrif vir Sielkunde, 14(1):14-18, Sept.

VLOK, J.S. 1974. Volwaardige vennootskap in die onderwys. Onderwysblad, 18(847):24-25, 28-35, Apr.

SUMMARY

STRUCTURES WHICH FACILITATE EDUCATIONAL ADVISOR-PARENT CONTACT

Parent involvement in education is an accepted fact in accordance with the philosophy of Christian-national education on which the sub-educational system for whites in the RSA is based. To give expression to this principle representative parent bodies like management councils, the "Transvaal Afrikaanse Ouervereniging" and the Transvaal Parents' Association were founded. Problems in obtaining meaningful and effective parent participation are, however, still experienced. Inadequate parental involvement could be attributed, in part, to insufficient knowledge of parents regarding involvement in the education of their children. The educational system makes provision for guidance - and educational responsibilities regarding parent involvement. Guidance to parents is, however, a specialised field and could be seen as an educational aid to schools. The educational advisor (guidance) as a professional advisor, who provides specific guidance services as an aid to schools and parents, has the necessary skills to assist parents in becoming increasingly involved in education.

The purpose of this study is to determine which structures and mechanisms may effectively be used to bring about liaison between the educational advisor (guidance) and parent-associations. By using the fundamental reflective method an effort is made to critically evaluate the collected information. The field of study includes the description of specific educational structures for liaison between the educational advisor (guidance) and parents of the school.

This study pays particular attention to the South African educational system, the implementation of education within the sub-system of Whites, the system of educational ancillary services, and specifically, the educational aid service, as part of the execution of education. The duty of the educational advisor (guidance) includes liaison possibilities which facilitate parental involvement regarding elected parent bodies and the educational advisor (guidance) within the educational system.

Chapter 1 deals with the motivation for the investigation, problem of research, aims of research and methods of research.

Chapter 2 is devoted to the investigation of certain aspects of the education system as well as to the execution of education within the sub-education system for Whites in South Africa.

Chapter 3 concerns itself with Educational Aid services in Transvaal as a facet of the educational system as well as the task of the educational advisor (guidance). The purpose of this discussion is to place these facets of educational implementation within the educational system in the correct perspective.

In Chapter 4 attention is given to the structured possibilities for parental involvement as manifested at present. Attention is also given to fundamental structures of parental involvement and the proficiency needed for parents to enable meaningful educational involvement.

Chapter 5 devotes itself to the description of the skills required of the educational advisor (guidance) regarding possible channels of liaison with elected parents associations. This will create opportunities for positive learning experiences, thus providing the parents with the necessary knowledge to become meaningfully involved in the education of their children,

which in turn, will prevent behavioural problems.

Chapter 6 consist of certain conclusive ideas, deductions and recommendations.

This research established that parents must possess a certain knowledge to enable them to become meaningfully involved in the school education of their children. It was also apparent that acknowledgement is given by the Transvaal Education Department regarding the principle of parental involvement. It is also clear that the educational advisor (guidance) possesses the necessary skills to equip parents regarding increasing involvement education.